26. Samelewingsake

26.1 BESKRYWINGSPUNT VAN DIE PARTIKULIERE SINODE PRETORIA RAKENDE DIE ROL WAT INLIGTINGSTEGNOLOGIE INSLUITENDE IT IN DIENS VAN DIE KERKE KAN SPEEL VERDER TE ONTGIN EN KERKE MET ADVIES EN HULP TE BEDIEN (Artt.8, 27, 121)

A. Dr. J le Roux stel die Beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Word verwys na die Kommissie : Media.
C. Ds. C Kruger rapporteer namens die Kommissie : Media.

D. BESKRYWINGSPUNT
Die Nasionale Sinode wys Deputate aan om Inligtingstegnologie insluitende kommunikasie-tegnologie te ontgin en kerke te bedien en hulp te verskaf.

Motivering
1. Ons leef in die tyd van IT. IT is 'n kragtige ondersteuningsmiddel in die bediening in die kerk van die Here byvoorbeeld, gemeente-administrasieprogramme en finansiële programme.
2. Enkele gemeentes benut die Internet om die evangelie wêreldwyd uit te dra en gelowiges wat oor die wêreld versprei is te ondersteun.
3. In die kommunikasieproses tussen kerke en Deputategroepe word ruim van IT in die vorm van e-pos gebruik gemaak.
4. IT kan waarskynlik nog op vele ander terreine verder benut word. Daar is kundiges nodig om die moontlikhede wat IT op alle moontlike bedieningsterreine bied, te ontgin.
5. Voorbeelde

5.1 Katkisasiewerkboeke kan in geprogrammeerde elektroniese formaat aan kinders beskikbaar gestel word wat katkisasievoorbereiding binne hulle leefwêreld bring en bevorderlik kan wees vir goeie voorbereiding.

5.2 Programme om die Belydenisskrifte (beter) te leer ken, kan ontwikkel word.

5.3 Programme om die Bybelkennis van kinders (en ook volwassenes) uit te bou, kan ontwikkel word.

5.4 Advies kan aan kerke gegee word oor die sterk en swak punte van beskikbare gemeente-administrasieprogramme. Wanneer 'n gemeente oorweeg om hulle gemeente-administrasie te rekenariseer of om 'n nuwe program aan te skaf of te ontwikkel, kan sulke inligting van kundiges baie waardevol wees.

5.5 Advies kan gegee word oor finansiële pakkette wat sinvol deur kerke gebruik kan word.

5.6 Advies kan na konsultasie met gemeentes aan ontwikkelaars van gemeente-administrasieprogramme gegee word.

5.7 Werk wat deur verskillende gemeentes gedoen word kan gekoördineerd in die kerkverband bekend gestel word sodat elke gemeente nie opnuut sy eie elektroniese wiel hoef uit te vind nie.

5.8 Die rol wat elektroniese kommunikasiehulpmiddels kan speel, kan verder ontgin word.

Besluit:

Aan die Beskrywingspunt word gevolg gegee.

1. Deputate word aangewys met die volgende opdrag:

1.1 Om die huidige webblaaie (www.gksa.co.za) in stand te hou en verder uit te bou na die eis van omstandighede.

1.2 Om met alle Deputate te skakel en hulle inligting op die webblad (www.gksa.co.za) te publiseer vir gebruik deur alle kerke in die GKSA.

1.3 Om ondersoek te doen na rekenaarprogramme en inligting oor die programme aan die kerke deur te gee.

1.4 Om met alle gemeentes te skakel met eie tuisblaaie en die inligting aan alle kerke deur te gee.

1.5 Om met alle gemeentes te skakel en hul te motiveer om in te skakel by die inskakeldiens van die GKSA (www.gksa.co.za). *Motivering: dit het 'n klein finansiële voordeel vir die kerke en die Admin. Buro.*

1.6 Ondersoek instel na die volgende sake en indien dit wel uitvoerbaar is te implimenteer:

1.6.1.1 Katkisasiewerkboeke in geprogrammeerde elektroniese formaat aan kinders beskikbaar te stel wat katkisasievoorbereiding binne hulle leefwêreld bring en bevorderlik kan wees vir goeie voorbereiding.

1.6.1.2 Programme om die Belydenisskrifte (beter) te leer ken, te ontwikkel.

1.6.1.3 Programme om die Bybelkennis van kinders (en ook volwassenes) uit te bou, te ontwikkel.

1.6.1.4 Advies kan aan kerke te gee oor die sterk en swak punte van beskikbare gemeente-administrasieprogramme. Wanneer 'n gemeente oorweeg om hulle gemeente-administrasie te rekenariseer of om 'n nuwe program aan te skaf of te ontwikkel, kan sulke inligting van kundiges baie waardevol wees.

1.6.1.5 Advies te gee word oor finansiële pakkette wat sinvol deur kerke gebruik kan word.

1.6.1.6 Advies te gee na konsultasie met gemeentes aan ontwikkelaars van gemeente-administrasieprogramme.

2.0 Die rol wat elektroniese kommunkasiehulpmiddels kan speel, verder te ontgin. Enige ander aspekte van IT en kommunikasie moet in diens van die koninkryk van God aangewend word.

Besluit: Goedgekeur.

26.2 BESKRYWINGSPUNT VAN DIE PARTIKULIERE SINODE BOSVELD INSAKE DIE TOEKENNING VAN 'N EREDOKTORSGRAAD AAN AARTSBISKOP DESMOND TUTU (Artt.8, 111,126)

A. Ds. BC Smit stel die Beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na die Kommissie : Teologiese Skool.
C. Ds. JH Howell rapporteer namens die Kommissie : Teologiese Skool.

D. BESKRYWINGSPUNT

1. Die Gereformeerde kerke in die ressort van Partikuliere Sinode Bosveld spreek sy misnoeë uit met die toekenning van 'n eredoktorsgraad aan Aartsbiskop Desmond Tutu.
2. Ons vind dit toenemend moeilik om studente te motiveer om aan die PU vir CHO te studeer. Sodanige toekennings bring ook die gemeen akkoord ten opsigte van die betaal van ramings aan die PU vir CHO in gedrang.

3. Sinode besluit wat volg op 'n Beskrywingspunt

"Die eerwaarde Nasionale Sinode word versoek op grond van die ooreenkoms van onderlinge hulpverlening tussen die PU vir CHO en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA), tans en in die verlede, om die steun aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys daadwerklik te vermeerder. Die steun hou in:

1. Dat kerke andermaal opgeroep word om ouers aan te moedig om hulle kinders na die PU vir CHO te stuur;
2. Dat die Sinode kerkrade en individuele lidmate oproep tot meerdere finansiële ondersteuning van die PU vir CHO;
3. Dat die Sinode oorweging daaraan skenk om self 'n groter finansiële bydrae aan die PU vir CHO te maak."

"Besluit: Aan die Beskrywingspunt word gevolg gegee, ook daarin dat die raming vir die PU vir CHO van R16,50 tot R25,00 per 100 lidmate per jaar verhoog word (Handelinge 1982:50-52, art.27).

Op grond van bogenoemde besluit word 'n deel van die kerklike ramings steeds as verpligte bydrae van kerke aan die PU vir CHO oorbetaal (Handelinge 2000:317, 18)

4. Motivering

4.1 Bogenoemde besluite rus op die historiese band tussen die GKSA en die PU vir CHO.

4.2 Die PU vir CHO het 'n eiesoortige oorsprong. Die oorspronklike stigters wou 'n sentrum vir Hoër Onderwys oprig waar Christenstudente in die lig van die waardestelsels wat in die Woord van God vervat word, die wetenskap sou kon bestudeer. In die lig daarvan het die GKSA telkens sy steun aan die PU vir CHO bevestig. (Sien Handelinge 1982:51, art.27, pt.2; Handelinge 2000, art.18.2, pt.4.11 en 4.29, bl.355 en 356)

4.3 Uit die Rapporte van die Deputate vir Christelike Onderwys is by vorige Sinodes met dankbaarheid kennis geneem van die PU vir CHO se verbintenis daartoe om die Reformatoriese leer deur hulle onderrig uit te dra. Kerkrade is ook

aangemoedig om die PU vir CHO se "uniekheid" uit te lig en na buite te kommunikeer, aangesien die Christelike karakter van die PU vir CHO die grootste enkele rede is waarom studente graag daar wil studeer. (Handelinge 2000:355, art.18.2, 4.9 en 4.13)

4.4 Op die amptelike webblad van die PU vir CHO word die volgende voorneme van die Raad van die PU vir CHO gegee:(http://puk.ac.za/nuus/nuus134,html) "Die Raad van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys het op sy vergadering van 27 Junie die besluit goedgekeur dat 'n eredoktorsgraad aan Aarstbiskop Desmond Mpilo Tutu (71) toegeken word. Die Raad het besluit om dié graad aan Aartsbiskop Tutu toe te ken op grond van sy oortuigde en diep deurleefde Christelike lewensbeskouing en die praktiese en daadwerklike manier waarop hy sy Christenskap uitgeleef het. Aartsbiskop Tutu word ook vereer vir sy buitengewone en onbaatsugtige diens op kerklike, staatkundige en maatskaplike terrein. Hy word verder ook uitgesonder vir die merkwaardige bydrae wat hy gelewer het tot die uitbou van die Christendom in Suid-Afrika deur die versoeningsrol wat hy in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gespeel het. Die Raad het eenparig besluit om Tutu met 'n eredoktorsgraad te vereer. Aartsbiskop Tutu sal ongelukkig nie die Herfs-gradeplegtigheid in September kan bywoon nie en daarom sal die graad by 'n spesiale geleentheid aan Tutu oorhandig word."

Afleiding: Die Raad gaan dus die eredoktorsgraad toeken aan Aartsbiskop Desmond Tutu op grond van:

a "...sy oortuigde en diep deurleefde Christelike lewensbeskouing en die praktiese en daadwerklike manier waarop hy sy Christenskap uitgeleef het",

b "...vir sy buitengewone en onbaatsugtige diens op kerklike, staatkundige en maatskaplike terrein" en

c "... word (hy) verder ook uitgesonder vir die merkwaardige bydrae wat hy gelewer het tot die uitbou van die Christendom in Suid-Afrika deur die versoeningsrol wat hy in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gespeel het".

4.5 Bogenoemde beskrywing staan in direkte botsing met die leer en lewe van die kandidaat, Aartsbiskop Tutu, om die volgende redes:

4.5.1 **Sy Gods- en Skrif beskouing bots met die Bybelse openbaring**

4.5.1.1 Hy verwerp die soewereiniteit en enigheid van God. Hy het in die openbaar verklaar dat die G(g)od van die Hindoes, Moslems en Christene dieselfde is. Dit was 'n uitspraak tydens 'n TV program oor sy lewe.
Die Skrif leer: "So sê die HERE, die Koning van Israel en sy Losser, die HERE van die leërskare: Ek is die Eerste, en Ek is die Laaste, en buiten My is daar geen God nie." (Jes 44:6; sien ook Jes 43:11; Hos13:4; NGB, art.1)

4.5.1.2 Hy verwerp die maagdelike geboorte van die Here Jesus. Hy stel: "Some people thought there was something odd about Jesus' birth...It may be that Jesus was an illegitimate son." (Cape Times, 24-10-1980)
Die Skrif leer: "Kyk die maagd sal swanger word en 'n seun baar, en hulle sal Hom Immanuel noem, dit is, as dit vertaal word: God met ons." (Matt 1:23; sien ook Luk 1:27 en NGB, art.18).

4.5.1.3 Hy handhaaf 'n onskriftuurlike siening oor die werking van die Heilige Gees. Hy stel: "The Holy Spirit is not limited to the Christian church. For example,

Mahatma Ghandi_, who is a Hindu ....The Holy Spirit shines through him." – (St.Alban's Cathedral, Pretoria, 23.11.78).

Die Skrif leer: "En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees."(Joh 14:16-17; sien ook HK, Sondag 20).

4.5.2 **Aartsbiskop Tutu se lewensbeskouing is glad nie Bybel gefundeerd nie,** maar wortel in die Sosialisme en die Godloënende, rewolusionêre Kommunisme.

4.5.2.1 Hy verklaar hom openlik as 'n aanhanger van die Kommunisme en beskou homself as 'n Sosialis. Hy stel: "Communist China will provide a very good model for developing countries." (Washington Inquirer 29.8.1986). "I am a socialist. I hate capitalism...I think I would use Marxist insights... (Sunday Times, 29.12. 1985, idea 32/83; Inside South Africa, April 1998.)

Die Skrif leer. "Hulle belowe vryheid aan hulle, terwyl hulleself slawe van die verdorwenheid is... En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie." (2 Pet 2:19, Hand 4:12; sien ook Rom 12:2 en HK, Sondag 11, en vr. en antw. 30).

4.5.2.2 In sy vergelyking van jeuggeweld met prediking, openbaar hy hom duidelik as 'n voorstander van die rewolusionêre metode wat op die Kommunisme gegrond is. Hy stel: "One young man with a stone in his hands can achieve far more than |I can with a dozen sermons. (Daily Telegraph, London, Nov.1984). "You build up a process of disobeying on a massive scale, that will mean nearly all the laws in the statute book, so that this country becomes ungovernable."(Eloff Report, 1984).

Hierin wyk hy radikaal af van die beginsel van Skriftuurlike verset, waarin die eer van God voorop gestel word (Hand 4:9). Die resultaat alleen bepaal die metode om gewelddadige anargie op te wek.

Die Skrif leer: "Wees dan onderdanig aan elke menslike verordening ter wille van die Here – of dit die koning is as opperheer, of die goewerneurs as sy gesante, om wel kwaaddoeners te straf, maar die wat goed doen, te prys." (1 Pet 2:13,14; sien ook NGB, art. 36).

4.5.2.3 Sy huweliksbeskouing is bedenklik. Hy stel die volgende: "Rejecting gays is nearly the ultimate blasphemy." (Cape Times, 25.4.1996). Indien so 'n paartjie van dieselfde geslag na my toe kom en ek is tevrede dat hulle die implikasies van so 'n daad van trou begryp, sal ek bereid wees om vir hulle te bid en aan hulle my seën te gee...Vir my is die ergste dat homofobie gays en lesbiërs dwing tot valsheid. Dit maak dat God se kinders 'n leuen moet leef. Ek hoop ons kan besef dat Jesus gesê het 'dat die waarheid 'n mens vry maak.'"(Insig Sept. 1996) In die betrokke artikel word daar ook geskryf dat Tutu ook ten gunste daarvan is dat kinders op skole geleer moet word dat daar verskillende seksuele oriëntasies is waaronder homoseksueles waarmee "hulle met verantwoordelikheid moet omgaan en onbevooroordeeld daarteenoor moet staan."

Die Skrif leer. "Met 'n manspersoon mag jy ook geen gemeenskap hê soos 'n mens met 'n vrou het nie. Dit is 'n gruwel. Daarom het God hulle oorgegee aan skandelike hartstogte, want vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand; manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang ... mense wat – al ken hulle die verordening van God goed, die wat sulke dinge doen, die dood verdien – dié dinge nie alleen self doen nie, maar ook hulle goedkeuring skenk aan die wat dit doen. ...Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars nie of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie. En dit was sommige van julle; maar julle het julle laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God." (Lev 18:22; Rom 1:26,27,32; 1 Kor 6:10,11, Sien ook HK, Sondag 41, vrae en antwoorde 108, 109).

4.5.2.4 Hy suggereer 'n parallel in die dood van Christus en die dood van Chris Hani – 'n beskouing wat direk terug te voer is na die leer van die Teologie van die Rewolusie. Hy stel: "Let us recall that God extracted out of the death of Jesus Christ a great victory, the victory of life over death, that God showed in the victory of Jesus that goodness is stronger than evil, that light is stronger than hate. God is telling us the same message in the horrible death of Chris Hani. His death is not a defeat. His death is our victory. His death is the victory of truth, the truth of liberation." (Cape Times, 9.4.1996)

4.6 Hieraan gemeet is die PU vir CHO se motivering van 'n eredoktorsgraad nie in ooreenstemming met die GKSA se belydenis nie. En, na ons oortuiging, ook nie met die belydenis van die meerderheid van studente, dosente en oudstudentekorps nie. Dit dra die karakter van sinkretisme, eerder as Skrifgefundeerdheid.

4.7 Sedert sy oprigting het die GKSA solidêr by die PU vir CHO gestaan – o.a. in die ramings waarvan deel aan die PU vir CHO gegee is. Met hierdie toekenning van 'n eredoktorsgraad aan 'n persoon wie se leer en lewe nie in die Gereformeerde kerkverband aanvaar kan word nie op grond van 'n motivering wat nie die waarheid in Christus dien nie, loop die PU vir CHO die gevaar om hom eensydig van die Gereformeerde Kerkverband te vervreem.

5. Versoek

5.1 Dat die GKSA hulle van hierdie besluit van die Raad van die PU vir CHO distansieer.

5.2 Dat die GKSA met hierdie getuienis duidelik wil stel dat die PU vir CHO in leer en lewe die waarheid in Christus moet weerspieël.

Motivering

1. Hierdie tipe sake word deur middel van die verteenwoordigers van die kerke van die GKSA (deputate; kuratore; raadslede) met die universiteit opgeneem en gehanteer.
2. Die PU vir CHO is 'n soewereine instelling wat ook selfstandig besluite neem t.o.v. die toekenning van eredoktorsgrade.

Besluit: Kennis geneem.
Aanbeveling:
Daar word nie gevolg gegee aan die Beskrywingspunt nie.
Besluit: Goedgekeur.

26.3 BESKRYWINGSPUNT VAN DIE SUIDELIKE PARTIKULIERE SINODE OOR MORELE STANDAARDE EN VIGS (Artt.8, 40, 117, 123)

A. Ds. CS Grobler stel die Beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Aan die Beskrywingspunt word gevolg gegee en verwys na ‘n ad hoc kommissie.
C. Dr. PW Bingle rapporteer namens die ad hoc kommissie.

D. BESKRYWINGSPUNT
Die Nasionale Sinode word versoek om ‘n duidelike openbare CHRISTELIKE GETUIENIS ten opsigte van die oorsake en verspreiding van VIGS die lig laat sien.

Motivering
Die Regering se antwoord op die probleme rondom VIGS in SA, sentreer rondom ‘n “kondoom” veldtog om sogenaamde veilige seksuele omgang te bevorder. Dit lei tot ‘n spiraal van morele verval omdat dit nie die kwessie van losbandige seksuele omgang buite die huwelik aanspreek nie. As Christene kan ons seker nie die besoeke van Pieter Dirk Uys aan skole waar hy die gebruik van kondome by skoolkinders propageer, goedkeur nie. Die boodskap wat skoolkinders deur hierdie optredes kry, is dat seksuele omgang aanvaarbaar is, solank dit “veilig” is. Die optrede van Pieter Dirk Uys het ook by die PU vir CHO weerklank gevind deurdat sy optredes gekanselleer is. Inderdaad is geen losbandige seks ooit 100% veilig nie, hetsy medies of geestelik beskou. Die Regering se pogings kan dus nie onvoorwaardelik gesteun word nie, en uit ‘n Christelike oogpunt is die Regering se veldtog ook nie die enigste wyse om die verspreiding van VIGS te voorkom nie.
Losbandige seksuele omgang word nie deur die Regering of selfs die gemeenskap aangespreek as die moontlike oorsaak vir die verspreiding van VIGS nie, vanweë die mens se sogenaamde reg op vrye keuse. Miljoene rande word spandeer op die voorkoming van Vigs, maar die werklike oorsaak daarvan, naamlik lae morele waardes en losbandige seksuele omgang, word misgekyk en nie ontmoedig nie.
Die enigste berigte in die pers oor VIGS wat van kerklike weë gekom het, is ‘n verklaring deur die biskoppe van die Rooms-Katolieke Kerk. Die Protestante het tot op hede ‘n stilte gehandhaaf.
Christene het in hierdie tyd van morele verval, die Godgegewe opdrag om Sout van die aarde en ‘n Ligtende Lig te wees vir alle mense.
Om hierdie rede is ‘n openbare Christelike getuienis oor bostaande saak aan die Regeringsowerhede op alle vlakke, asook aan die algemene publiek, nou dringend noodsaaklik.

Die getuienis moet gebaseer word daarop dat die enigste wyse waarop Vigs suksesvol voorkom kan word, is om hoë morele waardes asook die heiligheid en instandhouding van die huwelik voorop te stel en seksuele omgang voor en buite die huwelik geheel en al af te wys.

'n Goeie voorbeeld van so 'n verklaring is die voorgestelde verklaring oor die MIV /VIGS-Pandemie wat vervat is in die Rapport Deputate KO, artikel 28: Hierdie verklaring word ook ter motivering van hierdie Beskrywingspunt aangeheg.

Verklaring oor die MIV/VIGS-Pandemie
Kennis is geneem van die sorgwekkende afmetings wat die pandemie van vigs in ons land aangeneem het en steeds aanneem, die verwoestende effek wat vigs uitoefen op die gesinslewe (ouerlose kinders), die beroepslewe (verminderde arbeidskorps), die mediese dienste (oorlading by dokters en hospitale), die berekening dat sowat 25% van alle sterfgevalle in die jaar 2000 vigs-verwant was, en dat byna 20% van alle volwassenes in Suid-Afrika MIV geinfekteer is.
Ook is kennis geneem van die volgende: (1) Dat daar tussen die jare 2000 en 2010 tussen 4 en 7 miljoen mense aan vigsverwante siektes sal sterf, (2) dat armoede en magteloosheid in agtergeblewe gemeenskappe waar vigs 'n welige teelaarde vind toeneem, (3) dat die morele waardes verlaag van 'n samelewing waarin seksualiteit te dikwels gekenmerk word deur begeersug, genotsug en magsug, (4) dat die landsregering 'n onvermoë toon om die vigspandemie op betekenisvolle wyse die hoof te bied, (5) dat die kerke 'n gebrekkige rol speel ten opsigte van een van die grootste krisisse wat ons land nog ooit getref, (6) dat die gevaarlike mites wat onder sekere mense oor vigs bestaan gelei het tot verkragting van kinders.
'n Beroep word gedoen op: (a) landsburgers, en in besonder Christene, om hoë morele waardes na te streef en uit te leef, ook en veral op seksuele gebied, (b) die jeug, om te besef dat daar geen "veilige seks" bestaan nie, maar slegs "verantwoordelike seks" wat binne die raamwerk van die huwelik sy uitdrukking vind, (c) ouers, om aan hulle kinders 'n navolgenswaardige voorbeeld te stel van 'n verantwoordelike seksuele lewe en om hulle kinders dienooreenkomstig op te voed, (d) opvoeders, om in hulle omvattende opvoedingstaak kinders en jongmense voortdurend te wys op die gevare van vrye seks en 'n immorele lewe, (e) mediese personeel om voort te gaan met navorsing ten einde die beste voorkomende of genesende middel te vind, asook om vigspasiënte met sorg, deernis en waardigheid te behandel, (f) die lands- en provinsiale regerings, om met groter doelgerigtheid alles in die werk te stel om deur middel van voorligting, voorsorg, finansiële voorsiening en voorkomende maatreëls die pandemie te probeer stuit sodat ons 'n gesonde samelewing mag hê, (g) kerke, om enersyds te waarsku teen stigmatisering, diskriminering en verwerping van MIV-positiewe persone; en om andersyds deur middel van morele voorligting aan veral jongmense, pastorale begeleiding en diakonale versorging van vigspasiënte en weeskinders die genesende krag van die evangelie in die samelewing sigbaar te maak deur formeel as vennoot betrokke te raak by multidissiplinêre aksies om vigs te bestry, en om te begroot ten einde ook finansieel 'n beduidende rol te speel.
Besluit:
Na wysiginge word die Verklaring goedgekeur.

E. MEDIAVERKLARING OOR DIE MIV-VIGSPANDEMIE

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) neem met hartseer kennis van een van die grootste krisisse wat die mensdom nog ooit getref het met die sorgwekkende afmetings wat die pandemie van vigs aangeneem het en steeds aanneem. Statistiek RSA: *Geïnfekteer* 3.5 miljoen (2003); 5.3-6.1 miljoen (2005); 6-7.5 miljoen (2010). *Sterftesyfer* (per jaar): 90 000 (2002), 383 000 (2005) 635 000 (2010).*

Die Sinode het ook sy kommer uitgespreek oor die kerke se gebrekkige rol ten opsigte van bestryding van hierdie tragedie. Die verwoestende effek wat vigs uitoefen op die gesinslewe (ouerlose kinders), die beroepslewe (verminderende arbeidskorps) en die mediese diens (oorlading by dokters en hospitale) is enorm. Daarmee saam die toenemende armoede en magteloosheid in agtergeblewe gemeenskappe waar vigs 'n welige teelaarde vind. Met afsku is ook kennis geneem van die gevaarlike mites wat onder sekere mense oor vigs bestaan en wat gelei het tot verkragting van kinders.

Teleurstelling is ook uitgespreek oor die landsregering se oënskynlike onvermoë om die vigs-pandemie op betekenisvolle wyse die hoof te bied met sy *pro-kondoomveldtog* asof dit *veilige seks* sal waarborg. Daarom is daar waardering vir die nuwe benadering van die regering, naamlik sy MIV-VIGS-program **A** ("abstinence") en **B** ("be faithful").

'n Beroep word op die kerke gedoen

– *om te waarsku teen stigmatisering, diskriminering en verwerping van MIV-positiewe persone;*

– *om in die gesindheid van die liefde van Christus 'n veilige hawe te wees waar MIV-positiewe mense en vigslyers en hulle naasbestaandes die grootste vrymoedigheid het om hulle status bekend te maak;*

– om deur middel van morele voorligting (aan veral jongmense), pastorale begeleiding en versorging van vigspasiënte en weeskinders die genesende krag van die evangelie van die Here Jesus Christus in die samelewing sigbaar te maak;

– *om as vennoot formeel betrokke te raak by multi-dissiplinêre aksies om vigs te voorkom en te bestry;*

– *om te offer ten einde ook finansieel 'n beduidender rol te speel.*

'**n Beroep word op die jeug gedoen** om te besef dat daar geen *veilige seks* bestaan nie, maar wel *verantwoordelike seks* binne die raamwerk van die *monogame* huwelik. Seksuele losbandigheid is nie alleen 'n hoë risiko nie, maar ook teen die wil van God.

'n Beroep word op die sentrale owerheid gedoen om MIV-VIGS tot 'n *aanmeldbare siekte* te verklaar ten einde MIV-VIGS-pasiënte doeltreffend te identifiseer en te behandel. Hierdie beroep het besondere betrekking op situasies van gedwonge saamgroepering van mense – soos veral in hostelle en in gevangenisse waar homoseksualiteit en verkragting 'n hoë risiko is.

Die owerhede (nasionaal, provinsiaal en munisipaal) word ook versoek om met nog groter doelgerigtheid alles in die werk te stel om deur middel van voorligting, voorsorg, finansiële voorsiening en voorkomende maatreëls die pandemie te probeer stuit sodat ons 'n gesonde samelewing mag hê.

'n Beroep word ook op die media gedoen om nie advertensieruimte vir prostitusie te gee nie aangesien prostitusie teen die wil van God en sy Woord is én ook vanweë die direkte verband tussen prostitusie en MIV-VIGS-besmetting.

- **Bron: *loveLife*. Henry J Kaiser. Family Foundation**.

Besluit: Goedgekeur.

26.4 BESKRYWINGSPUNT VAN DIE SUIDELIKE PARTIKULIERE SINODE : GETUIENIS OOR MORELE SAKE (Artt.8, 26)

A. Ds. CS Grobler stel die Beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Daar word nie aan die Beskrywingspunt gevolg gegee nie.

C. BESKRYWINGSPUNT
A. Die Nasionale Sinode word versoek om die volgende Beskrywingspunt te oorweeg.

B. **Beskrywingpunt**
"Dat die GKSA by monde van die Nasionale Sinode sake t.o.v. morele kwessies verwys na spesiale Deputate (bv. Deputate vir Etiese Vrae) om so 'n openbare Christelike getuienis te kan lewer ten opsigte van enige aktuele en morele onderwerpe teenoor kerke, media en die owerheid soos op enige gegewe stadium volgens die Deputaatskap se mening nodig mag wees of sulke sake wat deur 'n Klassis of Partikuliere Sinode na hulle verwys word."

1. Opdrag van die Deputaatskap
Die opdrag van die Deputate is nie om die Sinode te kontinueer nie, maar slegs om:
a) 'n Christelike getuienis te lewer oor aktueel/morele sake van die dag: Die Deputate moet oor sulke sake besin en 'n Christelike getuienis daaroor opstel en aan die gemeentes en die algemene publiek bekendstel sodat 'n Christelike siening daaroor so gou moontlik bekend kan word.
b) Om alle Christelike kerkgemeenskappe op te roep om sodanige getuienis in die openbaar te ondersteun sodat die stem van alle Christene daardeur gehoor kan word: Met die begrip "alle ander Christelike kerkgemeenskappe" word dit bedoel in die breë sin van die woord en nie slegs die kerkgemeenskappe met wie die GKSA in korrespondensie is nie.
c) Om die reg te hê om gereeld kundige persone op 'n ad-hoc basis te koöpteer: Dit mag selfs nuttig wees om in elke Klassis soortgelyke Deputate te hê sodat sake op 'n plaaslike vlak vinniger aangespreek kan word.

Daar kan aan die eenkant 'n onderskeid gemaak word tussen getuienis wat gerig word op Christelike Kerke met die oog op 'n eenvoudige standpunt oor 'n saak, en aan die anderkant die getuienis teenoor die breë samelewing.
Ons moet in gedagte hou dat die breë samelewing 'n gesekulariseerde karakter het wat nie met 'n paar Bybeltekste oortuig sal kan word nie. Mense sal moet aangespreek

word in ‘n taal en op ‘n wyse wat hulle sal verstaan en hulle moet met sekere beginselbegrippe oortuig word sodat die getuienis by hulle aanklank sal vind.

LW: Sulke Deputate tree nie namens die GKSA op nie, maar wel as Deputate van die Nasionale Sinode om getuienis oor aktuele etiese vraagstukke van die dag te lewer. Die klem val by hierdie voorgestelde Deputategroep op die spoedige hantering van sulke etiese vrae.

2. Agtergrond vir die Beskrywingspunt

As agtergrond word verwys na die huidige situasie:

a) Ons leef in ‘n gesekulariseerde omgewing waar gedurig kwessies van morele aard voorkom en waar dit belangrik is dat die Kerk van Christus sy stem so gou as moontlik moet laat hoor.
b) Veral met die elektroniese media in ons huise, is kommunikasie en kennisverspreiding so vinnig dat sake waaroor getuienis gelewer moet word, nie meer kan wag tot ‘n volgende Sinode nie.
c) Hoewel daar somtyds vertoë en omsendskrywes van individue rondom sommige onderwerpe die rondte doen, is dit noodsaaklik dat die Kerk van Christus as instituut hom in die openbaar oor sekere aspekte uitspreek en verantwoord deur middel van ‘n openbare getuienis aan die Christene aan die eenkant en aan die sekulêre samelewing aan die anderkant.
d) Drie Beskrywingspunte wat die Suidelike Partikuliere Sinode vir die Nasionale Sinode voorberei het (Vigs, Seksualiteit en Misbruik van God se Naam), dien as voorbeelde van onderwerpe wat aangespreek moet word.

3. Motivering

3.1 *Kerkorde, art.28*

Volgens die artikel se eerste deel word die pligte van die owerheid en die pligte van die predikant, ouderlinge en diakens omskryf. Die laaste deel lê die volgende plig op die kerklike vergaderings: “Om korrespondensie met die owerheid te onderhou, om die nodige medewerking van die owerheid te verkry en in voorkomende gevalle as kerk van Christus voor die owerheid te getuig”.

Indien die volledige konsekwensie van die herroeping van die kommissie vir die bestryding van sosiale euwels sou beteken dat deputate nie mag getuig teenoor die owerheid indien die Sinode nie in sitting is nie, sal die kerk nie die vereistes van hierdie artikel in die huidige tydvak behoorlik kan nakom nie omdat elke keer 3 jaar moet verloop voordat ‘n Sinode ‘n opdrag vir ‘n sekere getuienis kan uitreik. Hieruit kan dus afgelei word dat artikel 28 van die Kerkorde nie oortree word indien die deputate ‘n getuienisopdrag het nie. Die kerk as instituut moet tog sekerlik op deurlopende grondslag getuig net soos wat die lidmate dit behoort te doen. Die Deputaatskap vir gesprek met die owerhede is natuurlik so ‘n Kommissie. Hulle gesprekke met die owerhede is tog niks anders as getuienis nie.

Die woorde “voorkomende gevalle” het reeds baie betrekking op ons huidige tydvak soos hieronder in paragraaf 3.2 verder omskryf word.

3.2 *Getuienistaak*

Die taak om aktuele sake aan te spreek lê in die eerste plek by die plaaslike gemeente waar lidmate opgeskerp moet word in hulle siening oor morele en aktuele sake. Die prediking behoort daarop gerig te wees om lidmate toe te rus vir die daaglikse probleme en vraagstukke en om dit in sy daaglikse omgang teenoor die sekulêre wêreld uit 'n Bybelse perspektief te kan verantwoord.

Maar die Kerk van Christus as instituut het ook die taak om die wêreld en die samelewing aan te spreek en 'n Christelike stem te laat hoor oor enige sake waar die Wet van God oortree word of waar die Christelike alternatief die beter alternatief is.

<u>Esegiël 3: 17 en 18</u>

"Mens, Ek het jou aangestel as 'n wag vir Israel: Jy moet luister na wat Ek sê en hulle namens My waarsku. Wanneer Ek vir 'n goddelose sê hy gaan sterwe, en jy waarsku hom nie, jy praat nie en jy waarsku nie die goddelose teen sy bose optrede om hom so in die lewe te hou nie, sal hy deur sy sonde sterwe, maar Ek sal van jou rekenskap eis vir sy dood."

Tot op hede het die Christelike kerk as instituut egter in baie gevalle te lank 'n stilte gehandhaaf oor belangrike morele en aktuele onderwerpe en nie in die openbaar daaroor 'n Christelike siening uitgespreek nie. Die redes daarvoor kan op verskillende vlakke gesoek word.

a) Die kerk het veral klem gelê op die feit dat die verantwoordelikheid in die eerste plek by die plaaslike gemeentes lê om deur middel van die lidmate die Christelike boodskap in die wêreld in te dra.
b) Die verhouding tussen die staat en die kerk was in die verlede ook baie sterker en die kerk kon redelikerwys die staat versoek om sekere aspekte te hanteer wat in werklikheid op die kerklike terrein was. Dit het ook tot 'n mate 'n louheid by lidmate veroorsaak sodat die lidmate agteroor gesit het omdat die kerk as instituut die "werk" gedoen het.

Hierdie situasie het in die moderne tyd totaal verander as gevolg van die vordering in die demokratiese beginsels. Hoe groter die getalle wat 'n saak ondersteun, hoe groter is die kans dat die staat daarop sal reageer.

Verder het die humanisme en die sekularisering van die samelewing so vinnig gevorder dat die stem van die kerk en ook van die individu minder drakrag begin kry het.

As gevolg van die vordering in die tegnologie kan Christelike standpunte oor aktuele sake nie meer wag vir 'n volgende Sinode (3 jaar) nie en moet dit so gou moontlik aangespreek en bekend gemaak word.

Die feit dat die kerk as instituut in baie gevalle nie sy stem laat hoor nie, veroorsaak by baie gelowiges en ook ander mense onsekerheid oor die Christelike siening van sekere sake. Dit is asof die Kerk in hierdie tyd, waar dit so belangrik is dat die Christelike stem gehoor moet word, nie sy getuienisplig voldoende nakom nie. In vandag se tyd waar kommunikasie so vinnig plaasvind, is dit uiters belangrik dat die Kerk van Christus paraat moet wees en pro-aktief moet optree.

In die konteks waarin ons vandag leef, beteken die stem van die enkeling of selfs van 'n gemeente nie veel nie. Daarom is dit belangrik dat 'n getuienis elke keer deur die grootste moontlike groep en grootste aantal individuele kerke gelewer moet word om enigsins draagkrag te kan hê.

As gelowiges mag ons nie stil bly en die getuienistaak wat deur die Here aan ons opgelê is, versaak nie. Ons opdrag is om in liefde uit te reik, maar ook om in liefde tereg te wys.
Galasiërs 6:1: “Broers, as iemand van julle in een of ander sonde val, moet julle wat julle deur die Gees laat lei, so iemand in ‘n gees van sagmoedigheid reghelp. En pasop: jy kan self ook in versoeking kom.”

26.5 BESKRYWINGSPUNT VAN DIE SUIDELIKE PARTIKULIERE SINODE : MORELE STANDAARDE-SEKSUALITEIT (Artt.8, 140, 206)

A. Ds. CS Grobler stel die Beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na die Kommissie : Samelewing.
C. Ds. JH Howell rapporteer namens die Kommissie : Samelewing.

D. BESKRYWINGSPUNT
Die Nasionale Sinode word versoek om die volgende Beskrywingspunt te oorweeg vir onmiddellike hantering hetsy deur Deputate of op ‘n ander wyse.

Dat die GKSA by monde van die Nasionale Sinode ‘n duidelike en Skrifgefundeerde motivering bied vir die afwysing van buite-egtelike en homoseksuele omgang en hoe mense wat sulke praktyke beoefen, pastoraal bedien moet word.

1. Agtergrond
As agtergrond word verwys na die huidige situasie:
a) Die geskrewe en elektroniese media se ophemeling/goedkeuring van heteroseksuele buite-egtelike, voorhuwelikse en homoseksuele omgang asof dit normaal en aanvaarbaar behoort te wees.
b) Die samelewing wat heteroseksuele buite-egtelike en voorhuwelikse omgang nie afkeur en as onaanvaarbaar beskou nie, maar stilswyend aanvaar as normaal, soms ook deur ouers wie se kinders by sulke dade betrokke is. Somtyds is van die ouers self betrokke by hierdie praktyke en die gevolg is dan dat die kinders nie reg opgevoed word nie.
c) Die samelewing wat steeds mense met homoseksuele neigings verstoot en verguis.
d) ‘n Nuwe neiging om aparte kerke te stig waar homoseksuele persone aanvaarbaar sal wees, asof hulle nie in die gewone kerke welkom is nie.
e) Die stilswye oor hierdie sake deur die Christelike kerke in die algemeen.
f) Die dringende behoefte aan morele waardes in ons land.
g) Die gruwelike verdraaiing van God se Woord om homoseksuele dade goed te keur. Dit is baie duidelik veral in die briefwisseling in Die Burger en die literatuur.

2. Motivering

2.1 *So sê die Here*

Die Skrif is in die onderstaande tekste in die Ou en Nuwe Testament baie duidelik oor buite-egtelike seksuele omgang en homoseksuele omgang naamlik dat dit die begin bedoeling (doel) van die skepping van die man en vrou mis, soos beskryf in Genesis 1 en 2, en daarom sonde is en dat dit vir die Here afskuwelik is. Onthou dat ons Here Jesus in sy antwoord in Matteus 19 oor die egskeiding juis terug verwys het na Genesis 2 oor die bedoeling van die skepping van die man en vrou en wat God oor hulle gesê het. Die Kerk van die Here Jesus moet dus dieselfde doen.

Genesis 1:27; Genesis 2:24; Matteus 19: 4 tot 6; Levitikus 20:10; Levitikus 20:13; Romeine 1:25 tot 28; 1 Korintiërs 6:18; 1 Korintiërs 6:9 en 10.

2.2 *Christus se verlossing*

Christus se verlossing is vir alle mense dus ook vir ware gelowige homoseksuele en ware gelowige heteroseksuele mense. Mense met homoseksuele neigings wat ware gelowiges is, wat ‘n bekeerde lewe lei, wat hulle beywer vir die wil van God en vir die Koninkryk van God, is net so deel van die Een Kerk van Christus soos enige ander ware gelowige. As die Kerk van Christus mag ons nie sulke mense verwerp nie, maar moet ons hulle in liefde opneem in die volle gemeenskap van die plaaslike kerk. Onthou die optrede en woorde van ons Here Jesus Christus in Johannes 8 waar ‘kerk en samelewing’, die vrou wat owerspel gepleeg het, in die openbaar verguis het. Jesus doen hier twee belangrike dinge wat die kerk van Christus moet navolg: (i) Hy veroordeel nie die vrou nie, Hy verwerp haar nie en (ii) Hy wys haar op ‘n weg wat reg is. Die gelowige homoseksuele persoon moet ook worstel met sy sondige begeertes net soos enige ander gelowige.

Johannes 8:10 en 11; Romeine 1:17; Romeine 3:21 en 22; Johannes 3:16; Johannes 3:36.

2.3 *Menslike waardigheid*

Die mens se menslikheid, sy persoon, sy selfrespek en sy integriteit verduur ‘n verskriklike aanslag deurdat mense voorgestel word as seksvoorwerpe. Mense word gereduseer tot hulle seksuele drifte terwyl ‘n mens opsigtelik veel meer as dit is.

Die boodskap moet tuisgebring word dat mense met mekaar mors, mekaar degradeer, uitbuit en verneder. Hierdie aspek is baie duidelik as ons kyk na wat rondom ons gebeur: jeugseks, kindermisbruik, seksuele teistering en verkragting, trouloosheid in seksuele verhoudings ens. Al hierdie verskynsels kan teruggelei word na ‘n diep minagting vir die mens as persoon en sy waardigheid. Psalm 8:6

2.4 *Getuienistaak*

Die taak om sulke dinge aan te spreek lê op die pad van elke individuele lidmaat wat voortdurend daarin opgeskerp moet word. Die prediking behoort daarop gerig te wees om lidmate toe te rus vir die daaglikse probleme en vraagstukke en die lidmaat behoort hom in sy daaglikse omgang teenoor die sekulêre wêreld te kan verantwoord.

Maar in die huidige tyd is dit belangrik dat die Kerk van Christus as instituut ook die Christelike stem laat hoor oor enige sake waar die Wet van God oortree word of waar die Christelike alternatief die beter alternatief is.

In vandag se tyd waar kommunikasie so vinnig plaasvind, is dit uiters belangrik dat die Kerk van Christus en sy lidmate paraat moet wees en pro-aktief moet optree.
In hierdie getuienis behoort alle ander Christelike kerkgemeenskappe opgeroep te word om hierdie getuienis in die openbaar te ondersteun sodat die stem van alle Christene daardeur gehoor kan word.

2.5 *Aan wie moet die getuienis gerig word?*

a) Aan alle lidmate om hulle opnuut op te skerp. Veral ouers met skoolgaande kinders moet opnuut opgeskerp word oor wat die Here in sy Woord van bostaande praktyke sê. Die belangrikheid van seksuele voorligting aan kinders deur die ouers self, is uiters belangrik in hierdie tyd van morele verval, veral in wat ons en ons kinders op die TV sien en wat as normaal voorgehou word.
b) Gemeentes en lidmate moet opgeskerp word om uit te reik na gelowige homoseksuele persone, aan hulle die verlossing deur Christus verkondig, hulle op die regte pad wys ooreenkomstig die Skrif en hulle te aanvaar in die volle gemeenskap van die gemeente. Ons mag hulle nie verwerp of selfs in ons privaat gesprekke verguis nie, want geen mens is sonder sonde nie. Dit is ook nie nodig dat persone met homoseksuele neigings uitgesonder moet word asof hulle spesiale behandeling behoort te kry nie.
c) Aan alle Regeringsowerhede, die openbare media en alle Christelike kerkgemeenskappe Die ander kerkgemeenskappe moet opgeroep word om hierdie getuienis in die openbaar te ondersteun sodat die stem van alle Christene daardeur gehoor kan word.
d) Hierdie getuienis moet aan die wye publiek bekend gestel word deur ‘n openbare mediavrystelling.

Daar sal ‘n onderskeid gemaak moet word tussen die getuienis wat gerig word op Christelike kerke met die oog op ‘n eenvormige standpunt oor seksualiteit, en aan die anderkant teenoor die breër samelewing.
Ons moet in gedagte hou dat die breër samelewing ‘n gesekulariseerde karakter
het wat nie met ‘n paar Bybeltekste oortuig sal kan word nie. Mense moet aangespreek word in ‘n taal en op ‘n wyse wat hulle sal verstaan en hulle moet met sekere beginselbegrippe oortuig word sodat die getuienis by hulle aanklank sal vind.
Die konklusie by so ‘n getuienis aan die breë samelewing moet altyd wees dat die gebod van die Here gesond en heilsaam is vir die mens.

Skrifverwysings

Genesis 1:27: God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.
Genesis 2:24: Daarom sal ‘n man sy pa en ma verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een (vlees) word.
Matteus 19:4 tot 6 Jesus het hulle geantwoord: “Het julle nie gelees dat die Skepper hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie? Daarby het God gesê: ‘Daarom sal ‘n man sy pa en ma verlaat en saam met sy vrou lewe en hulle twee sal een wees.’ Hulle is dus nie meer twee nie, maar een.
Levitikus 20:10: “Iemand wat egbreuk pleeg met die vrou van ‘n medeburger, moet doodgemaak word. Dit geld vir die man en ook vir die vrou wat egbreuk pleeg.”

Levitikus 20:13: “Twee mans wat homoseksueel verkeer, doen ‘n afskuwelike sonde. Hulle moet doodgemaak word. Hulle verdien die dood.”
Romeine 1:25 tot 28: “Dit is hulle wat die waarheid van God verruil vir die leuen. Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper, aan wie die lof toekom vir ewig. Amen. Daarom gee God hulle oor aan skandelike drifte. Hulle vroue verander die natuurlike omgang in ‘n teennatuurlike omgang. Net so laat vaar die mans ook die natuurlike omgang met die vrou en brand van begeerte vir mekaar. Mans pleeg skandelikhede met mans en bring oor hulleself die verdiende straf vir hulle perversiteit.” En wat verder volg.
1 Korintiërs 6:18: “Julle moet niks met seksuele losbandigheid te doen hê nie. Elke ander sonde wat ’n mens doen, vind buite sy liggaam plaas, maar iemand wat seksueel losbandig lewe, vergryp hom aan sy eie liggaam.”
1 Korintiërs 6:9 en 10: “Moenie julleself mislei nie: geen onsedelikes of afgodsdienaars of egbrekers of mense wat homoseksualiteit beoefen of diewe of geldgieriges of dronkaards of kwaadpraters of bedrieërs sal deel kry aan die koninkryk van God nie.”
Johannes 8:10 en 11: “Mevrou, waar is hulle? Het nie een van hulle die oordeel oor jou voltrek nie?” “Niemand nie, Here” sê sy. Toe sê Jesus: “Ek doen dit ook nie. Gaan, maar moet van nou af nie meer sonde doen nie”.
Romeine 1:17: “In die Evangelie kom juis tot openbaring dat God mense van hulle sonde vryspreek enkel en alleen omdat hulle glo. Dit is soos daar geskrywe staan: “Elkeen wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe”.
Romeine 3:21 en 22: “Dit is die vryspraak wat nie verkry word deur die Wet te onderhou nie, maar deur in Jesus Christus te glo. God gee dit sonder onderskeid aan almal wat glo.”
Johannes 3:16: “God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun aan ons gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.”
Johannes 3:36: “Wie in die Seun glo, het die ewige lewe; wie egter aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die straf van God bly op hom.”
Psalm 8:6: “U het hom net ‘n bietjie minder as ‘n hemelse wese gemaak en hom met aansien en eer gekroon.”
Besluit: Daar word gevolg gegee aan die Beskrywingspunt.

Aanbevelings

1. Die volgende verklaring word ter oorweging aan die Sinode voorgehou

1.1 Die Gereformeerde Kerke neem sterk standpunt in teen alle vorme van buite-egtelike en homoseksuele omgang. God se Woord wys die monogame huwelik tussen ‘n man en ‘n vrou aan as die grense waarbinne die Godgegewe seksualiteit beoefen moet word. Gelowiges en alle mense word daartoe opgeroep om almal binne die kerk en samelewing met liefde en bewoënheid, deur woord en voorbeeld, op te roep tot ‘n heilige en God-erende uitlewing van die seksuele lewe.

1.2 In Jesus Christus is daar (soos met enige ander sonde) verlossing vir persone wat buite-egtelike en homoseksuele praktyke beoefen het. Deur die krag van God se Heilige Gees kom daar berou en is ‘n heilige lewe moontlik. Persone met homoseksuele neigings moet soos alle ander mense met die nodige pastorale

bewoënheid hanteer en toegerus word om ook ten opsigte van hulle seksuele lewens getrou aan God se Woord te lewe.

Besluit: Goedgekeur.

26.6 BESKRYWINGSPUNT VAN DIE PARTIKULIERE SINODE NOORDWES OOR DIE HOË VOORKOMS VAN GEWELD (Artt.8, 139, 207)

A. Ds. JB du Plessis stel die Beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na die Kommissie : Samelewing.
C. Ds. JH Howell rapporteer namens die Kommissie : Samelewing.

D. BESKRYWINGSPUNT

Weens die hoë voorkoms van geweld in die land versoek die Nasionale Sinode van die GKSA die Nasionale Regering om:

Strenger optrede ten einde die geweld en misdaad meer effektief teen te werk, soos byvoorbeeld dat paroolvoorwaardes hersien word en dat strawwe opgelê word wat misdadigers werklik afskrik.
Hoë prioriteit aandag te gee aan meer effektiewe maniere om misdaad te voorkom soos byvoorbeeld meer sigbare polisiering.
Om ‘n kultuur van anti-misdaad veral onder die jeug te kweek.

Motivering

Kragtens Rom 13:4 en NGB, artikel 36 het die Here die owerheid die swaard in die hand gegee om die kwaaddoeners te straf en die deugsames te beskerm.
Die voorreg wat die Here die mens gegee het om in vryheid te kan leef en werk word aan bande gelê deur die plaasmoorde, kapings, diefstal, roof, ens.

Besluit: Dat daar aan die beskrywingspunt gevolg gegee word deur ‘n beroep op die owerheid te doen, kragtens o.a. Romeine 13:4 en NGB, art.36.

Aanbevelings

1. Die Sinode doen ‘n beroep op die Nasionale Regering om
1.1 Strenger optrede ten einde die geweld en misdaad meer effektief teen te werk, soos byvoorbeeld dat polisie-ondersoeke deeglik gedoen word, dat paroolvoorwaardes hersien word en dat strawwe opgelê word wat misdadigers werklik afskrik.
1.2 Indringende aandag te gee aan meer effektiewe maniere om misdaad te voorkom soos byvoorbeeld deur meer sigbare polisiëring.
1.3 ‘n Kultuur van anti-misdaad veral onder die jeug te kweek.
1.4 Sterk op te tree teen alle vorme van politieke geweld en sameswering tot geweld.
2. Die Sinode doen ‘n beroep op Christene om voortdurend vir alle owerhede en gesagsdraers te bid sodat ons ‘n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid (1 Timoteus 2:2).

Besluit: Goedgekeur.

27. BESKRYWINGSPUNT VAN DIE PARTIKULIERE SINODE NOORDWES – FEESVIERINGE TER HERDENKING VAN DIE 150-JARIGE BESTAAN VAN DIE GKSA (Artt.8, 28)

A. Oudl. PJ Snyman stel die Beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word na die Ordekommissie verwys.
C. Ds. PD van Dyk rapporteer namens die Ordekommissie.

D. BESKRYWINGSPUNT
Die Nasionale Sinode van 2003 word versoek om Deputate te benoem met die oog op reëlings ter herdenking van die 150-jarige bestaan van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, DV in 2009.

Die Deputate moet onder andere aan die volgende aandag gee:
- Reëlings vir ‘n sentrale feesgeleentheid.
- Die uitgee van ‘n feespublikasie
- Leiding en inisiatief ten opsigte van streekfeeste en ander herdenkingsgeleenthede in die kerkverband
- Betrokkenheid van ander kerkgemeenskappe, binnelands en buitelands.
- Betrokkenheid van die TSP en PU vir CHO.

Besluit:
1. Aan die Beskrywingspunt word gevolg gegee
2. Die saak word verwys na die te benoemde Deputate Historiese sake GKSA om in oorleg met die Bestuur van die Administratiewe Buro te begin beplan aan die voorstelle in die Beskrywingspunt.
3. Voorstel van oudl. A Kruger – Verwys na Deputate Historiese Sake:

3.1 In die beplanning vir die 150-jarige fees in 2009 word so gou moontlik voorsiening gemaak vir die daarstelling en uitbouing van ‘n Dankbaarheidsfonds.
3.2 Die mikpunt van die Fonds is om ‘n bedrag van R500 000 per jaar tot in 2009 met die fees, in te samel.
3.3 Die wyse van insameling is by wyse van persoonlike skakeling deur die Deputate met lidmate wat moontlik ‘n bydrae sou kon maak asook deur insamelingsaksies van die gemeentes.
3.4 Die Deputate identifiseer ‘n aantal vermoënde lidmate wat genader word om aansienlike bedrae, byvoorbeeld R20 000 en meer, te skenk.
3.5 Die motivering van die Fonds is ‘n kerkgemeenskap se diepe dankbaarheid teenoor die Here in sy troue bewaring deur 150 jaar en terselfdertyd ‘n daadwerklike voorneme om Hom, in gehoorsaamheid aan sy Woord, met volgehoue ywer en toegewydheid te dien, gedagtig aan die bekende uitdrukking van Luther: Daar is drie bekerings in die lewe van ‘n gelowige: eers die verstand – dan die hart – uiteindelik die beursie.
3.6 Die Fonds moet gebruik word om te voorkom dat emeriti nood ondervind en vir ander kerklike [na binne gerig] en koninkryksbehoeftes [na buite gerig] waarop besluit mag word.

3.7 Oudl. A Kruger wat die voorstel vir die fonds gemaak het, word as adviseur deur die betrokke Deputate betrek.

Besluit: Goedgekeur.

28. RAPPORTE : BENOEMING VAN DEPUTATE (Artt.118, 164, 172, 173, 204, 244)

A. Ds. PJ Nel stel Rapporte Een tot Vyf.
B. Ds. LH van Schaik stel die Finale Rapport van die Kommissie : Benoeming van Deputate.

C. EERSTE RAPPORT

1.1 Die Kommissie bepaal ‘n eie werkswyse en rapporteer vir goedkeuring aan die Sinode.
1.2 Die Kommissie beveel persone vir die verskillende Deputaatgroepe aan.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis moet neem

2.1 Ten opsigte van die werkswyse hou die Kommissie hom by die volgende besluite van vorige Nasionale Sinodes:
2.1.1 Kerke verskaf vooraf name van geskikte persone wat vir Deputaatgroepe voorgestel word aan die Direkteur van die Administratiewe Buro (Acta 1991:69, 3.3.12.2; 1994:729, 1.2.1).
2.1.2 Afgevaardigdes na die Sinode stel persone voor deur name met motivering daarby skriftelik aan die Kommissie te verskaf (Acta 2000:536,2.2).
2.1.3 Die volgende kriteria geld vir benoeming op ‘n Deputaatgroep: Kundigheid, belangstelling, studierigting, beskikbaarheid, gesonde wisseling, kontinuïteit, inbring van jong kragte en afstande (Acta 2000:536, 2.4).
2.1.4 Voor die Finale Rapport aan die Nasionale Sinode voorgehou word, word die Rapport aan die Moderamen vir finale beoordeling voorgelê, waarna die Rapport in die vergadering dien.
2.1.5 Geen emeriti of emeritusprofessore moet in Deputaatgroepe benoem word nie. Diensdoende professore word sover moontlik ook nie in Deputaatgroepe benoem nie (Acta 1979:179, 8.4; 1991:69, 3.3.12.2.d; 1994:729, 1.2.4).
2.1.6 Bepalings vir die samestelling van die Bestuur van die Administratiewe Buro en Trustees van verskillende trustfondse word volgens die onderskeie reglemente saamgestel.
2.1.7 Die Kommissie dien verskillende Rapporte tydens die Sinode in, onder andere oor sake wat na die Kommissie vir aanbeveling na die Sinode verwys word (Sinode 2003).
2.2 Voorstellers en voorgesteldes moet in ag neem dat as gevolg van hoë reiskoste weens afstande, beperkte aantal Deputaatgroepe en die moontlikheid van te groot Deputaatgroepe, dit nie vanselfsprekend is dat almal wat voorgestel is, in ‘n betrokke Deputaatgroep opgeneem sal kan word nie.

Besluit: Kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

3.1 Die Kommissie lê slegs ‘n Finale Rapport oor die samestelling van Deputaatgroepe op DV Donderdag 16 Januarie 2003 aan die Sinode voor.

Beredenering hiervan: In die werkswyse van hierdie Kommissie, is persone en nie sake nie, soos hoofsaaklik die geval by ander Kommissies is, ter sprake. Die goeie naam en eer van my naaste is ter sprake (Eksodus 20:16, HK, Sondag 43). Ten einde aan die negende gebod gehoorsaam te wees, hoor die Kommissie aanbevelings en beredeneringe ten opsigte van voorgestelde persone op Deputaat-groepe in vertroulikheid aan. Die Kommissie plaas ‘n baie hoë premie daarop om hierdie vertroulikheid te handhaaf

3.2 Die Finale Rapport van die Kommissie word nie in die vergadering behandel nie. In die lig hiervan het afgevaardigdes slegs vooraf geleentheid om skriftelike kommentaar en aanbevelings aan die Kommissie te maak. Die Kommissie ontvang hierdie insette tot DV Maandagaand 13 Januarie.

Besluit: Kennis geneem.

4. Aanbevelings

4.1 Die voorlopige Rapport van die Kommissie word aan die Sinode voorgelê. Afgevaardigdes kry geleentheid om skriftelike kommentaar en aanbevelings aan die Kommissie te maak (voor Maandag 13 Januarie). Die Kommissie lê die Finale Rapport oor samestelling van Deputate op Donderdag, 16 Januarie aan die Sinode voor vir finalisering.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig.

4.2 Die Sinode herhaal die staande opdrag aan die Direkteur van die Administratiewe Buro om betyds voor elke Nasionale Sinode gemotiveerde voorstelle ten opsigte van moontlike Deputate van kerke te vra.

4.3 Die Sinode versoek afgevaardigdes om so gou moontlik, **maar voor DV Maandagaand 13 Januarie 2003**, name van moontlike Deputate aan die Kommissie te verskaf. Afgevaardigdes word versoek om op die volgende wyse te werk te gaan:

4.3.1 Dien die name skriftelik in.

4.3.2 Motiveer die voorstel t.o.v. die geskiktheid van die voorgestelde persoon in die betrokke Deputaatgroep duidelik.

4.3.3 Afgevaardigdes het ook geleentheid om ten opsigte van hulleself aan te dui in watter Deputaatgroep hulle wil dien of nie wil dien nie.

4.3.4 Ten einde elke Deputaat te kan bereik moet die volgende volledige besonderhede van elke voorgestelde die voorstel vergesél: Naam, adres, telefoonnommer en gemeente.

Besluit: Goedgekeur.

D. VYFDE RAPPORT

1. Opdrag

Benoeming van Deputate volgens die beginsel van KO, art. 49.

Besluit: Kennis geneem.

2. Aanbeveling

2.1 Die naam "Deputate Finansies" word gewysig na "Die Bestuur van die Administratiewe Buro".

2.2 Die Bestuur van die Administratiewe Buro word soos volg saamgestel:

Voorsitter: Dr. DJS Steyn (Kurator, predikant om met die Woord te lei).
Ondervoorsitter: Oudl. LJ Kruger (Besturende Lid)
Sekretaris: Direkteur
EVT en PPF: Ds. LH van Schaik
Lede: Oudl. PJ Buys, prof. WD van der Walt, dr. P Lourens, br. MC Erasmus
Ouditkomitee: Br. SJ Gouws, oudl. JA Venter
Besluit: Kennis geneem.

3. Motivering
Daar is sake wat dringend hanteer moet word deur die Bestuur van die Administratiewe Buro.
Besluit: Goedgekeur.

E. FINALE RAPPORT
Die Sinode vestig Deputate se aandag op die volgende:
1. Die Bestuur en alle Deputategroepe moet voortdurend kyk na moontlikhede om koste te bespaar, sonder om die werk in die koninkryk te benadeel (Acta 2000:295, 4.7).
2. Die volgende riglyne is deur Sinode 2000 saamgestel:
2.1 Deputate vergader hoogstens drie keer per termyn van drie jaar. Die noodsaak van meer vergaderings moet by die Bestuur van die Administratiewe Buro gemotiveer word.
2.2 Soveel moontlik werk moet d.m.v. telefoonkonferensies, e-pos, fakse of pos afgehandel word.
3. Die Kommissie beveel die volgende aan vir die uitvoering van bogenoemde, ten einde daadwerklike besparings moontlik te maak:
3.1 Deputate vergader met die oog op verdeling van werksaamhede. Daarna word die werk gedoen d.m.v. e-pos, briewe, telefoonoproepe en –konferensies en fakse.
3.2 Slegs wanneer dit noodsaaklik is en nadat oorleg met die Bestuur van die Administratiewe Buro gepleeg is, word weer vergaderings gehou.
3.3 Vliegkaartjies, waar nodig, moet betyds d.m.v. die Administratiewe Buro gereël word, sodat afslag vir “groeps-“ en/of “vroeë-“ besprekings verkry kan word. Indien hierdie vereiste nie nagekom word nie, sou die moontlike besparing afgewend kon word na die betrokke Deputaat in persoon.
4. Die Bestuur van die Administratiewe Buro kry opdrag om ondersoek te doen na die uitvoerbaarheid en bekostigbaarheid van videokonferensies en om Deputate daaroor in te lig.
5. Wysigings in hierdie Rapport is op versoek van Sinodegangers aangebring.
Besluit: Kennis geneem.

Die volgende Deputate word aanbeveel:

1. BESTUUR VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO
Kuratore: Dr. DJS Steyn (voorsitter)
Direkteur: Mnr. HSJ Vorster (sekretaris)
EVT en PPF: Ds. LH van Schaik

Oudl. L Kruger (ondervoorsitter en besturend), prof. WD van der Walt, oudl. PJ Buys, dr. PA Lourens, br. MC Erasmus.
Ouditkomitee: Br. SJ Gouws, oudl. JA Venter
Sekundi: Ds. EJ Tiemensma (Kuratore en Trustees), oudl. AH Mulder (Rietvallei), oudl. JH van der Merwe (Roodepoort), oudl. JK Scholtz (Alberton-Wes).
Verteenwoordigers uit Part. Sinodes: Oudl. C Naude (Bosveld), dr. SJ van der Merwe (Noordwes), ds. PD van Dyk (Oostelike), ds. W Vogel (OVS-Natal), oudl. L Dekker (Pretoria), ds. J van 't Zand (Randvaal), oudl. A Saander (Suidelike).
Sekundi vir Part. Sinodeverteenwoordigers: Oudl. NJG Yssel (Bosveld), oudl. JP Snyman (Noordwes), dr. SF Kruger (Oostelike), ds. CA Jansen (OVS-Natal), ds. MJ Smidt (Pretoria), oudl. GJH Scholtemeijer (Randvaal), ds. MP Fourie (Suidelike).
Opdragte: A p.147, pt.4.1.

Administratiewe Buro, Trustees Personeel Pensioenfonds, Sustentasie, SDDS-inrigtings

2. DEPUTATE EMERITAATSVERSORGING KRAGTENS KERKODE, ARTIKELS 11,13 EN 20

Verkose lede Trustees: Ds. LH van Schaik (voorsitter), ds. JH Howell (skriba PPF), ds. EJ Tiemensma (skriba EVT), ds. TC de Klerk(skriba medies).
Sekundus: Dr. DJS Steyn
Kundiges: Oudl. JJ Howell (Randburg), sr. CM Prinsloo (Benoni-Noord), oudl. JH van der Merwe (Ontdekkers), oudl. B Bakker (Standerton).
Sekundi en vir moontlike koöptering: BJ Kruger, BG Kukkuk, SJ Gouws, JA Venter, sr. J Boneschans (Bellville).
Hoofbeampte: Direkteur
Adjunk-skriba: Sr. Wymie du Plessis
Opdragte*:*

Emeritaatsversorging, Trustees – EVT, PPF, Trustees Ondersteuningsfonds, Mediese versorging, Algemene Deputate KO artt.13 en 20, Beleggings

3. DEPUTATE EKUMENISITEIT EN OWERHEID

3.1 Binnelands

Dr. SJ van der Walt (voorsitter), ds. PW Kurpershoek (skriba), dr. CJ Smit, dr. NP Heystek, prof. A le R du Plooy, prof. BJ de Klerk, prof. CFC Coetzee

3.2 Buitelands

Afrika: Ds. E Kayayan, ds. IW Ferreira (hulpskriba), ds. CB Swanepoel, ds. HS Coetzee
Europa en Verenigde Koninkryk: Ds. BCG Fourie (skriba vir Deputate buitelands)
Nieu-Seeland: Dr. HG Stoker
Australië: Dr. J le Roux
Verenigde State: Dr. CJ Smit (voorsitter van Deputate buitelands), dr. DG Breed
Suid-Amerika: Dr. PJ Buys
Ooste: Ds. BCG Fourie, dr. HG Stoker, dr. J le Roux
Sekundi binnelands en buitelands: Ds. GJ Meijer, ds. S Hibbert
Adviseurs binnelands en buitelands: Soos by 3.4

3.3 Owerheid
Dr. PW Bingle (voorsitter), ds. RP van Wyk (skriba), dr. N Vorster, sr. MC Swanepoel, ds. KA J van Rensburg, ds. D Laufs. Koöpteer kundiges waar nodig.
Sekundi en vir moontlike koöptering: Ds. BR Kingma, oudl. W Grové

3.4 Adviseurs
Prof. A. le R du Plooy, prof. JM Vorster, prof. CFC Coetzee
Opdragte: K56 (5.1.9), K120 (5.1)

Kerke met kerke, Ekumeniese sake, Binnelandse kerke, Buitelandse kerke, Owerhede

4. DEPUTATE PUBLIKASIES
4.1 Kerklike tydskrifte
Ds. NW Ligthelm (voorsitter), ds. SC Vorster (skriba), Drie Redakteurs, Adjunk-redakteur, Hoof-Admin Beampte, Direkteur, br. MC Erasmus, sr. L van der Walt, sr. R Pieterse, dr. SJ van der Walt

4.2 Almanak
Ds. ME Schalekamp (voorsitter), mev. W du Plessis (skriba), ds. CA Jansen

4.3 CJBF, Kerkorde en Quo Vadis
Ds. GJ Meijer (voorsitter), ds. PW Kurpershoek (skriba), ds. HJJ Kruger, oudl. JM Earle, Direkteur
Adviseurs: Prof. GJC Jordaan, prof. CFC Coetzee, prof. FP Viljoen
Opdragte:

Tydskrifte, Almanak, Publikasies, CJBF, Kerkordeboekie, Evangeliseringsmedia

5. TEOLOGIESE SKOOL
5.1 Kuratorium
Part. Sinode Bosveld
Primi: Dr. IL Bekker, ds. SA Cilliers
Sekundi: Ds. CB Swanepoel, ds. JC Aucamp
Sinode Middellande
Primi: Ds. A Modise, ds. P Modise
Part. Sinode Noordwes
Primi: Dr. JL Ras, dr. CJ Smit, dr. WC Opperman (Namibië)
Sekundi: Dr. SJ van der Merwe, dr. WC Vergeer, ds. JP Bingle (Namibië)
Oostelike Part. Sinode
Primi: Dr. DJS Steyn, ds. EJ Tiemensma
Sekundi: Ds. LH van Schaik, dr. SF Kruger
Part. Sinode OVS-Natal
Primi: Ds. PJ van der Walt, ds. PA Coetzee
Sekundi: Ds. W Vogel, ds. CA Jansen

Part. Sinode Pretoria
Primi: Dr. DG Breed, dr. HG Stoker
Sekundi: Dr. J le Roux, ds. BCG Fourie
Part. Sinode Randvaal
Primi: Ds. SD Snyman, dr. G Breed
Sekundi: Ds. D Laufs, ds. AH Mulder
Suidelike Part. Sinode
Primi: Dr. PW Bingle, dr. F van der Walt
Sekundi: Ds. RG Aucamp, dr. MJ du Plessis

5.2 Breë Kuratorium

Part. Sinode Bosveld
Primi: Ds. CB Swanepoel, ds. JC Aucamp
Sekundi: Ds. J Botha, ds. DJ de Kock
Part. Sinode Noordwes
Primi: Dr. SJ van der Merwe, dr. WC Vergeer, ds. JP Bingle (Namibië)
Sekundi: Dr. SJ van der Walt, ds. JC Erasmus, ds. RJP du Plessis (Namibië)
Oostelike Part. Sinode
Primi: Ds. LH van Schaik, dr. SF Kruger
Sekundi: Ds. CJH Breed, ds. PJ van der Walt
Part. Sinode OVS- Natal
Primi: Ds. W Vogel, ds. CA Jansen
Sekundi: Ds. AH Klopper, ds. PK Lourens
Part. Sinode Pretoria
Primi: Dr. J le Roux, ds. BCG Fourie
Sekundi: Ds. HJP de Beer, dr. PP Kruger
Part. Sinode Randvaal
Primi: Ds. D Laufs, ds. AH Mulder
Sekundi: Ds. HF van Wyk, ds. GNV Botha
Suidelike Part. Sinode
Primi: Ds. RG Aucamp, dr. MJ du Plessis
Sekundi: Ds. BR Kingma, ds. J Malan

6. DEPUTATE HISTORIESE SAKE GKSA

Kerkargief en –museum: Dr. JM van Tonder (voorsitter), NG Sarkady (skriba), ds. JG Noëth, oudl. DF du Toit, sr. HE du Toit, oudl. A Kruger (Colesberg), dr. JL Ras, dr. FRP de Bruyn, prof. JM Vorster, mev. A du Toit (Registrateur van Teologiese Skool).
TSV wys verteenwoordiger aan.
Kurator van die kerkmuseum: Word deur nuwe Deputate aangewys.
Sekundus: Ds. GM Vogel
Opdragte: N13, 3.4

Kerkargief, Museum, Herdenking 150 jaar, Opteken van geskiedenis, Gesprek met ander kerke oor bewaring van historiese stukke

7. DEPUTATE LITURGIESE SAKE

Ds. JP Bingle (voorsitter), ds. AH Mulder (skriba), prof. PGW du Plessis, prof. Heilna du Plooy, prof. PH Roodt (Meyerspark), sr. Jacoba van Rooy, dr. ILJ van Vuuren, ds. EJ Smit, br. LJ Botha, oudl. N Hoogendoorn (Bloemfontein)
Ds. SD de Kock en ds. BC Smit vir Totiusberyming
Adviseur: Prof. HF van Rooy, prof. BJ de Klerk
Opdragte: K131 (2.4.6)

Nuwe Skrifberymings, Hersiening Totiusberyming

8. DEPUTATE CHRISTELIKE ONDERWYS

Ds. P Venter (voorsitter), ds. PJ Nel (skriba), prof. PH Stoker, prof. PJ Mentz, prof. AJ Viljoen, ds. DJ de Kock, dr. M Kirsten, dr. J Dreyer, dr. M van Loggerenberg, ds. GJ van Wyk, ds. JH Howell, br. W Grönum
Ds. LSD du Plessis om te koöpteer vir onderwys in Namibië
Adviseur: Prof. J L van der Walt
Opdragte:

Christelike onderwys, PU vir CHO

9. DEPUTATE JEUGSORG

Ds. LJ Buys (voorsitter), ds. HPM van Rhyn (skriba), ds. IW Ferreira, ds. PJ van Blerk, ds. CJ van Heyningen, ds. OA Oosthuizen.
Opdragte: K44 (3.2)

Jeugsorg

10. DEPUTATE KATKISASIE

Dr. G Breed (voorsitter), ds. RA Bain (skriba), ds. C Hattingh, dr. FP Kruger, dr. J Dreyer
Opdragte: K34 (3.1)

Katkisasiehandleidings, Handleiding Bybelse geskiedenis, Internet

11. DEPUTATE LEERSTELLIGE SAKE

- **Waar van toepassing word studies in oorleg met Deputate Liturgiese Sake gedoen (bv. Dogmatiese Lied of Nagmaalsformulier het ook ‘n liturgiese dimensie)**

11.1 Deputate kerngroepe

Dr. AH Grové (voorsitter)	Nuwe Testament
Dr. AJ Krüger (skriba)	Ou Testament
Ds. SD Snyman	Kerkreg
Dr. SJ van der Walt	Etiek
Dr. F van der Walt	Dogmatiek

11.2 Lede waaruit subgroepe vir spesifieke sake aangewys word

Ds. SC Vorster, dr. IL Bekker, dr. N Vorster, dr. PP Kruger, ds. JJF Kruger, ds. SP van der Walt, sr. A Swart (Vryburg), dr. M van Loggerenberg, sr. R Pieterse
Opdragte: K60 (5.1), K185 en K201

Alternatiewe Nagmaalformulier, Vrou

11.3 Vertaling van Belydenisskrifte, Formuliere en Gebede

Ds. PH Fick (voorsitter), dr. VE d'Assonville (skriba), ds. E Kayayan, dr. AH Bogaards, prof. AJ van Rooy (Skool vir Tale, PU), prof. PGW du Plessis
Opdragte: K13 (3.2)

Vertaling van Belydenisskrifte, Ondertekeningsformuliere, ander Formuliere en Gebede

12. REGSDEPUTATE

Prof. A le R du Plooy (voorsitter), adv. LS de Klerk (skriba), adv. GL Grobler, adv. LI Vorster, prof. GJ Pienaar, prok. D Coetzee, oudl. J Jooste (Namibië).
Opdragte:

Regsake

13. DEPUTATE DIAKONALE SAKE

Oorkoepelende beheerbeampte: Direkteur

13.1 SDDS art.21 Maatskappy (Diakonale Inrigtings)

Ds. DJ Bakker (voorsitter), Direkteur van Administratiewe Buro, diak. JL Duvenage, br. CJH Kruger (Waterkloofrand), een predikant en een diaken van die gemeente waaronder die tehuis ressorteer, sr. S Coetzee. Op eerste vergadering moet direkteure vir art.21 Maatskappy verkies word.

Fondsinsameling vir Inrigtings: Diak. P Smit (Wapadrant), diak. M Lyons (Bellville), diak. JP du P Aucamp (Amanzimtoti), J Myburgh (OVS)
Sekundi: Diak. G Steenkamp (Wapadrant), diak. C Beekman (Bellville-Oos), diak. K Powels (Amanzimtoti), diak. H Geyer (OVS)

13.2 Diakonale Ondersteuningsfonds kragtens Kerkorde, art.25 (verwys Noodtoestande en Diakonale sorg KO, artt.12,79,80)

Ds. P Fanoy (voorsitter), diak. P Smit (skriba, Wapadrant). Korresponderende Kerkrade wys1 diaken en 1 sekundus uit elke Part. Sinode aan.
Se*kundi:* Diak. LMJ Roelofse (Pretoria)
Opdragte: K156, N2.2.1

Inrigtings, Fondsinsameling, Noodtoestande, Diakonale sake, Reglement, Skakeling met Residentia Stigting

14. DEPUTATE VAN DIE NASIONALE SINODE (vergader net een keer)

14.1 Uitgee van Handelinge

Ds. LH van Schaik, skriba van die Ordekommissie (voorsitter), ds. CA Jansen, adjunk-skriba van Ordekommissie (skriba), dr. CJ Smit, skriba van Sinode, ds. LD Aucamp, adjunk-skriba van Sinode, HSJ Vorster, Direkteur van Admin. Buro, sr. Wymie du Plessis, Hoof Administratiewe beampte
Sekundus: Ds. PD van Dyk

14.2 Agenda, korrespondensie en programmering van Sinode

Ordekommissie, adjunk-skriba van Ordekommissie, Direkteur, Hoof Administratiewe beampte en een verteenwoordiger van elke Part. Sinode

14.3 Beoordeling van Appèlle en Beswaarskrifte

Ds. PA Coetzee (voorsitter), ds. RM van der Merwe (skriba) en een verteenwoordiger van elke Part. Sinode
Opdragte:

Handelinge, Agenda, Programmering, Regsdeputate beoordeling van ontvanklikheid van Appèlle en Beswaarskrifte.

15. DEPUTATE BYBEL

Ds. AP Kruger (voorsitter), dr. AJ Krüger, ds. AL Coetzer, br. HJM van Deventer
Dr. F van der Walt en ds. BR Kingma het opdrag Bybelmedia.
Adviseurs: Prof. GJC Jordaan, prof. HC van Rooy
Opdragte: K47 (2.2.1)

Bybelvertaling, Bybelverspreiding, Bybelmedia

16. DEPUTATE TOEPASSING KO, ART.66

Klassis Potchefstroom, dr. AH Grové (voorsitter), ds. TC de Klerk (skriba)
Sekundi: Ds. GM Vogel, ds. JA Schutte
Opdragte:

KO, art.66

17. DEPUTATE MEDIA EN INLIGTINGSTEGNOLOGIE

17.1 Radio en TV

Dr. PP Kruger (voorsitter), ds. HJP de Beer (skriba), ds. LD Aucamp, ds. D Laufs

17.2 Inligtingstegnologie

Ds. HF van Wyk (voorsitter), dr. BJ van der Walt (Bellville), dr. AH Bogaards, ds. HJ Vermeulen
Opdragte: K6 (4.8.3.2.4), K8 (3.1.1-6)

Radio en TV, Inligtingstegnologie

18. DEPUTATE ARTIKEL 48 KERKORDE

Ds. PJ van der Walt [Bethlehem] (voorsitter), ds. SD Snyman (skriba), prof. A le R du Plooy, prof. JM Vorster, prof. JJ J van Rensburg, prof. HF van Rooy, dr. JL Ras
Opdragte: K68(5)

Skakel met Sinodes Middellande en Soutpansberg

19. DEPUTATE ALGEMENE SINODE

Die volgende is afgevaardig:

Predikante

Primi	***Sekundi (numeries)***
Dr. JL Ras	Dr. HG Stoker
Ds. PJ van der Walt (Bethlehem)	Ds. SD Snyman
Dr. CJ Smit	Dr. PW Bingle
Dr. VE d'Assonville	Dr. DG Breed
Dr. SJ van der Merwe	Dr. NP Heystek

Ouderlinge

Primi	***Sekundi (numeries)***
Oudl. G Scholtemeijer	Oudl. H van der Wateren
Oudl. JJ Howell	Oudl. R van der Kooy
Oudl. DF du Toit	Oudl. PD Bakker
Oudl. WD van der Walt	Oudl. W Grové
Oudl. IJ Lessing	Oudl. TM Buys

Sameroeper: Dr. JL Ras
Sekundus: Dr. SJ van der Merwe

20. DEPUTATE SYNODUS CONTRACTA – ORANIA/KIMBERLEY

Die volgende is afgevaardig:

Predikante	**Ouderlinge**
Part. Sinode Bosveld	***Part. Sinode Bosveld***
Ds. JE Franck (prim)	Oudl. B Kruger [Magol] (prim)
Dr. IL Bekker (prim)	Oudl. PT van Staden [Magol] (prim)
Ds. SD de Kock (sek)	Oudl. CJ Kruger (sek)
Ds. DJ de Kock (sek)	Oudl. JP Viljoen (Potgietersrus (sek)
Part. Sinode Noordwes	***Part. Sinode Noordwes***
Dr. SJ van der Merwe (prim)	Oudl. PRP Potgieter [Kimberley] (prim)
Ds. JB du Plessis (prim)	Oudl. NJ Ranft [Vryburg] (prim)
Ds. JH Jordaan (sek)	Oudl. D Kruger [Kimberley] (sek)
Ds. TC de Klerk (sek)	Oudl. JP Snyman [Koster] (sek)

Oostelike Part. Sinode	***Oostelike Part. Sinode***
Dr. DJS Steyn (prim)	Oudl. BD Bakker (prim)
Ds. LH van Schaik (prim)	Oudl. AD Goede (prim)
Ds. EJ Tiemensma (sek)	Oudl. MHJ du Preez (sek)
Ds. CJH Breed (sek)	Oudl. WJ Coetzee (sek)
Part. Sinode OVS-Natal	***Part. Sinode OVS-Natal***
Ds. PJ van der Walt [Bethlehem] (prim)	Oudl. AJ van Wyk (prim)
Ds. PA Coetzee (prim)	Oudl. CHJ du Plessis (prim)
Ds. CA Jansen (sek)	Oudl. JW du Plessis (sek)
Ds. W Vogel (sek)	Oudl. IJ Knoessen (sek)
Part. Sinode Pretoria	***Part. Sinode Pretoria***
Dr. DG Breed (prim)	Oudl. R van Rooyen [Pta-Noord] (prim)
Dr. HG Stoker (prim)	Oudl. N Wiechers (prim)
Ds. BCG Fourie (sek)	Oudl. JJ Hertzog (sek)
Ds. HJP de Beer (sek)	Oudl. WJ Cilliers (sek)
Part. Sinode Randvaal	***Part. Sinode Randvaal***
Ds. GNV Botha (prim)	Oudl. GJH Scholtemeijer (prim)
Ds. AL Coetzer (prim)	Oudl. TM Buys (prim)
Ds. SD Snyman (sek)	Oudl. JJ Howell (sek)
Ds. D Laufs (sek)	Oudl. A Opperman (sek)
Suidelike Part. Sinode	***Suidelike Part. Sinode***
Dr. MJ du Plessis (prim)	Oudl. W Grové (prim)
Ds. CS Grobler (prim)	Oudl. WD van der Walt (prim)
Ds. RG Aucamp (sek)	Oudl. IJ Lessing (sek)
Ds. BR Kingma (sek)	Oudl. GJ Swanepoel (sek)

Besluit: Goedgekeur.

29. BEDANKINGS (Art.250)

Die Voorsitter rig ‘n dankwoord tot die res van die Moderamen en die Sinode vir die gees en gesindheid en die werk wat gedoen is. ‘n Spesiale woord van dank word ook aan die Pers gerig.

Dr. PW Bingle bedank die volgende persone:

- Al die Kommissies
- Die administratiewe personeel van die Administratiewe Buro
- Die Rektor van die PU vir CHO vir die onthaal
- Die kosters vir hulle werk

- Die vertalers
- Die Ordekommissie
- Die Moderamen – besondere woord van dank aan die Voorsitter vir die wyse waarop hy die Sinode gelei het

'n Lys van predikante en professore wat waarskynlik gedurende die volgende drie jaar sal emeriteer, word voorgehou en hulle dienwerk word met dankbaarheid in herinnering geroep.

30. SLOTWOORD (Art.251)

Prof. CJH Venter neem die sluiting van die Sinode waar. Die afgevaardigdes sing Ps 145:1 en 2. Prof. Venter lees uit Rom 12:1-8 en gee enkele gedagtes deur. Psalm 145:12 word ten slotte deur die afgevaardigdes gesing.

TWEEDE ADDENDUM VAN DIE EMERITAATSVERSORGINGSKOMBINASIE

1. RAPPORT VAN DIE TRUSTEES VAN DIE EMERITAATS-VERSORGINGSTRUST

A. Ds. LH van Schaik stel die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie : Emeritaatsversorging.
C. Ds. TC de Klerk rapporteer namens die Kommissie : Emeritaatsversorging.

D. RAPPORT

1. Oproep

Die ledevergadering van die Emeritaatsversorgingskombinasie is opgeroep om tydens die Sinode 2003 te vergader.
Besluit: Kennis geneem.

2. Kredensiebriewe

Behalwe die afgevaardigdes soos per aanvang van die Nasionale Sinode 2003, is die volgende addisionele Deputate afgevaardig van hulle onderskeie medewerkende kerkrade:
(Sal tydens die vergadering aan u deurgegee word.)
Besluit: Kennis geneem.

3. Konstituering

Die ledevergadering konstitueer as 'n vergadering van die Emeritaatsversorgings-kombinasie, met die verkose Moderamen as funksionarisse.
Besluit: Kennis geneem.

4. Kworum

'n Kworum is teenwoordig. Kyk Reglement p.242, 7.5.
Besluit: Kennis geneem.

5. Rapport Trustees

Kyk Reglement: p.242, 8.6.1 tot 8.6.3.

5.1 Sake waarvan die ledevergadering moet kennis neem

5.1.1 Opdragte van die ledevergadering

5.1.1.1 *Aan die nuwe Trustees vir Emeritaatsversorging word opgedra om die geboortedatums van al die predikante en professore op datum te hou.*
Dit word op 'n deurlopende basis gedoen en inligting word op lêer by die Administratiewe Buro gehou.

5.1.1.2 *Die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie handhaaf die huidige vlak van versorging met inagneming van heersende omstandighede, aan die hand van die inflasiekoers soos deur die Sentrale Statistiekdiens gepubliseer en in oorleg met die Aktuaris (Sinode 1994:227, 3.2.4.2), na gelang van beskikbare fondse. Die Trustees sien toe dat die besluit uitgevoer word.*

Die versorgingsvlakke is voortdurend gemoniteer en die versorgingsvlak vir 2002 is R6 950.00 per maand vir 'n egpaar.
In ‘n vergelykende studie wat die Deputate gedoen het, het die volgende navore gekom:

i) Die grootste aantal van die huidige emeriti word deur hulle kerkrade versorg deur middel van die Emeritaatsversorgingstrust. Die versorgingsbedrag vir die jaar is R6 950.00 per maand vir ‘n egpaar en 50% mediese subsidie van R1 280.50 ‘n totaal van R8 230.50.
ii) Sou bogenoemde vergelyk word met predikante van die ander Afrikaanse kerke is die GKSA emeriti ongeveer ‘n 11% onder hulle gemiddeld.
iii) Om ‘n verdere vergelykbare studie te doen met gepensioeneerdes op ander terreine, selfs die predikante van die ander Afrikaanse kerke is nie moontlik nie – die meeste behoort aan gevestigde Pensioenfondse.
iv) Die EVT se beleggings en fondse is gestabiliseer in portefeuljes soos in die Rapport vervat. Die verhaling van ramings het verbeter in vergeleke met drie jaar terug. Die aktuaris is versoek om die moontlikheid te ondersoek om ‘n aansienlike aanpassing in die verhogings te maak – sonder om die ramings te verhoog.

Of hierdie versorgingsvlak regtig nog eervol is, sal verder besin word en die Trustees sal aanvullend hieroor rapporteer.

5.1.1.3 *Kerkrade se aandag word daarop gevestig dat die emerituspredikant en sy afhanklikes lewenslank die verantwoordelikheid bly van die kerk waar hy laaste gedien het en dat hulle moet toesien dat hy eervol versorg word*.
Die opdrag is skriftelik aan Kerkrade deurgegee.

5.1.1.4 *Die Trustees Emeritaatsversorging kry opdrag om so spoedig moontlik by die betrokke Kerkrade nuwe begrotings ten opsigte van emeriti en/of hulle afhanklikes te kry, ten einde die meriete van voortgesette addisionele hulp te kan bepaal. (Soos bepaal deur die Ordereëling art.6.6.)*
Waar nodig, is hierdie inligting aangevra.

5.1.1.5 *Die ledevergadering maak ’n ernstige oproep tot alle meewerkende kerke om groter stiptelikheid en verantwoordelikheid by die betaling van ramings aan die dag te lê, om sodoende die onderlinge afspraak oor die hulp met die versorging van emeriti en hul afhanklikes te eerbiedig en dra dit op aan die Trustees om die debietorder te implementeer.*
Die besluit is skriftelik aan Kerkrade deurgegee. 42 Kerke se ramings word per debietorder maandeliks verhaal. 20 Kerke se ramings word per aftrekorder maandeliks inbetaal.

5.1.1.6 *Die kerke hou weer sewe kollektes per jaar en betaal dit aan die Emeritaatsversorgingstrust*.
Die opdrag is geïmplementeer.

5.1.1.7 *Die kerke word opgeroep om weer ’n spesiale poging aan te wend om lidmate te motiveer tot die gee van addisionele spesiale bydraes vir die Emeritaatsversorgingstrust. Dit kan onder andere geskied deur kapitaalstortings, erflatings en debietorders*.
Die saak is deur briewe aan die kerke asook artikels in *Die Kerkblad* deurgegee.

5.1.1.8 *Aan die nuwe Trustees vir Emeritaatsversorging word opgedra om die saak van vrywillige bydraes vir Emeritaatsversorging opnuut onder die aandag van kerke en lidmate te bring en hulle daartoe aan te moedig.*
Die saak is deur briewe aan die kerke asook artikels in *Die Kerkblad* deurgegee.

5.1.1.9 *Die nuwe Trustees moet in elke geval waar in die toekoms 'n verhoogde uitkering goedgekeur word, dit onder die aandag van die kerke bring dat daar noodsaak was vir die goedkeuring van 'n verhoogde uitkering (sonder vermelding van naam en besonderhede natuurlik) en dat 'n beroep sodoende op kerke gedoen word om addisionele vrywillige bydraes, om die bedrag vir die befondsing van sodanige verhoogde uitkering te in.*
Voorkomende gevalle is per brief aan Kerkrade gehanteer.

5.1.1.10 *Die Trustees ontvang die bevoegdheid om navraag hieroor te doen en om na onderlinge oorlegpleging met die emeritus en sy Kuratorium en/of Kerkraad oor sy versorging uit die Emeritaatstrust te besluit ten einde te verseker dat die emeritus nie oorversorg is nie en dat die beginsel van gelyke versorging sover moontlik plaasvind. Indien so 'n emeritus se emeritusversorging verminder sou word, moet dit jaarliks deur die Trustees of op versoek van of die Kuratorium of die Kerkraad in heroorweging geneem word.*
Die opdrag is uitgevoer.

5.1.1.11 *Die nuwe Trustees ontvang opdrag om die lys van meewerkende kerke soos vervat in Acta 1997:220 ev, op datum te hou deur kerke wat uit die kerkverband tree af te haal en kerke wat ontbind, saamsmelt en naamsveranderinge ondergaan aan te bring.*
Die opdrag is uitgevoer.

5.1.1.12 *Die nuwe Trustees ontvang opdrag om die lys van predikante/professore vir wie se versorging kerke kwalifiseer (Versorgingslys Acta 1997:224 ev) op datum te hou deur persone wat KO, artt.12, 79, 80 die dienste verlaat het af te haal asook predikante wat te sterwe gekom het aangesien hulle weduwees/wese wat uit die Predikante Pensioenfonds versorg word*
Die opdrag is uitgevoer.

5.1.1.13 *Die nuwe Trustees ontvang opdrag om die lys van Emeriti (Acta 1997:229 e.v.) op datum te hou.*
Die opdrag is uitgevoer.

5.1.1.14 *Gee uitvoering aan alle sake waaroor die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgings-kombinasie besluit het.*
Aan die oorkoepelende opdrag is deurlopend aandag gegee.

5.1.1.15 *Gee uitvoering aan alle sake wat kragtens die Reglement van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie aan hulle opgedra is.*
Aan die oorkoepelende opdrag is deurlopend aandag gegee.

5.1.1.16 *Gee uitvoering aan alle sake wat kragtens die aanvaarde Ordereëling vir Emeritaatsversorging aan hulle opgedra is.*
Aan die oorkoepelende opdrag is deurlopend aandag gegee.

5.1.1.17 *Om alle sake wat voortspruit uit die samewerking van kerke in terme van KO, artt.13 en 20 te hanteer.*
Aan die oorkoepelende opdrag is deurlopend aandag gegee.

5.1.2 <u>Emeritering en afsterwes</u>

5.1.2.1 Predikante wat sedert 1 Januarie 2000 geëmeriteer het: 18

5.1.2.2 Emeriti/weduwees wat sedert 1 Januarie 2000 oorlede is: 13
5.1.2.3 Predikante wat sedert 1 Januarie 2000 volgens KO, artt.12, 79 en 80 uit die bediening is en gevolglik van die versorgingslys afgehaal is: 10

5.1.2.4 Predikante oorlede (sien PPF) en gevolglik van die versorgingslys afgehaal is: 2

Besluit: Kennis geneem.

5.2 Sake waaroor die ledevergadering moet besluit

5.2.1 Standaardprosedures wat die Trustees moet toesien dat die Administratiewe Buro dit uitvoer:
5.2.1.1 Toesien dat Fonds jaarliks geoudit word
5.2.1.2 Jaarlikse uitneem van gebeurlikheidspolis
5.2.1.3 Maandeliks oorbetalings van:
- Versorging
- Mediese premies
- Belasting

5.2.1.4 Uitreik van IRP5-vorms gedurende Maart
5.2.1.5 Jaarlikse verkryging van lewensverklarings
5.2.1.6 Jaarlikse brief aan Kerkrade om te verseker dat emeriti en/of afhanklikes van emeriti eervol versorg word
5.2.1.7 Jaarlikse brief aan emeriti waar kinders bo/onder 18 jaar is wat nog versorg moet word
5.2.1.8 Drie jaarlikse aktuariële waardering van Trust
5.2.1.9 Bevestiging van geboortedatums – predikante, professore
5.2.1.10 Op datum hou van besonderhede van predikante wat emeriteer, oorgaan tot 'n ander staat van lewe, ens.
5.2.1.11 Om 'n lys van meewerkende kerke soos vervat in Acta 1997:220 ev, op datum te hou deur kerke wat uit die kerkverband tree af te haal en kerke wat ontbind, saamsmelt en naamsveranderinge ondergaan, aan te bring.

5.2.2 Trustaktewysigings

Die ledevergadering besluit dat die volgende wysigings goedgekeur word:

Besluit: Goedgekeur.

WYSIGING AAN DIE TRUSTAKTE GEREFORMEERDE KERKE EMERITAATS-VERSORGINGSTRUST

As gevolg van wysiging in die samestelling van die Trustees van die Emeritaats-versorgingstrust, word die volgende wysigings aan Artikel 5 van die Trustakte van die Emeritaatsversorgingstrust aangebring:

“ARTIKEL 5.2
Daar moet te alle tye ten minste 8 (AGT) trustees in die amp wees.
Vier kundige persone en vier predikante van Meewerkende Kerke wat deur die *Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie* aangewys word, met twee sekundi elk vir sowel die kundige persone as die predikante.”

5.2.3 Reglementwysigings

Die ledevergadering besluit dat die volgende reglementwysigings goedgekeur word:

WYSIGING AAN DIE REGLEMENT VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE EMERITAATSVERSORGINGSKOMBINASIE

As gevolg van wysiging in die samestelling van die Trustees van die Emeritaats-versorgingskombinasie, word die volgende wysigings aan Artikel 8 van die Reglement van die Emeritaatsversorgingskombinasie aangebring:

"ARTIKEL 8.1
Die Trustees van die Emeritaatstrust bestaan uit agt lede soos volg saamgestel.
Vier kundige persone en vier predikante van Meewerkende Kerke wat deur die *Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie* aangewys word, met twee sekundi elk vir sowel die kundige persone as die predikante."
"ARTIKEL 8.2
Die Direkteur van die Administratiewe Buro dien as Hoofbeampte."

"ARTIKEL 8.5.2
Die kworum van die Trustees is vyf lede."
Besluit: Goedgekeur.

5.2.4 Aktuaris
Waarderingsverslag – Sien Aanvullende Rapport.

5.2.5 Verslag oor finansies en beleggings
Die portefeulje van die EVT word ook bestuur deur mCubed en het op 30 Junie 2002 R40 751 663.91 beloop.
Die verdere hantering van die fonds geskied soos volg:
Deur die maand word ramings bymekaar gemaak en word enige surplus fondse op 'n daggeldrekening belê by Eerste Nasionale Bank en Investect ten einde die maandelikse bedrag van ±R975 000.00 bymekaar te maak om emeriti te versorg. Indien 'n tekort bestaan word net genoegsame fondse by mCubed onttrek om die tekort aan te vul.
Besluit: Kennis geneem.

5.2.6 Stand van fondse soos op 30 Junie

Belegging by mCubed Asset Management (Pty) Limited

GR2 Global Balanced	R40 753 103
160 300 Ou Mutual aandele teen uitgifte prys	R 2 276 260

Besluit: Kennis geneem.

5.2.7 Ouditstate
Kyk Aanvullende Rapport.
Besluit: Kennis geneem.

5.3 Opdragte

5.3.1 Wysigings aan die Trustakte moet aan die Registrateur van Binnelandse Inkomste gegee word.

5.3.2 Die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie handhaaf die huidige vlak van versorging met inagneming van heersende omstandighede, aan die hand van die inflasiekoers soos deur die Sentrale Statistiekdiens

gepubliseer en in oorleg met die Aktuaris, na gelang van beskikbare fondse. Die Trustees sien toe dat die opdrag uitgevoer word.

5.3.3 *Addisionele hulp aan emeriti*

5.3.3.1 Die Trustees van die Emeritaatsversorging kry opdrag om so spoedig moontlik by Kerkrade waar emeriti addisionele hulp ontvang, nuwe begrotings te kry, ten einde die meriete van voortgesette addisionele hulp te kan bepaal.

5.3.3.2 Die Trustees moet in elke geval waar in die toekoms 'n verhoogde uitkering goedgekeur word, dit onder die aandag van die kerke bring dat daar noodsaak was vir die goedkeuring van 'n verhoogde uitkering (sonder vermelding van naam en besonderhede natuurlik) en dat 'n beroep sodoende op kerke gedoen word om addisionele vrywillige bydraes, om die bedrag vir die befondsing van sodanige verhoogde uitkering, te in.

5.3.3.3 Die Trustees ontvang die bevoegdheid om navraag hieroor te doen en om na onderlinge oorlegpleging met die emeritus en sy Kuratorium en/of Kerkraad oor sy versorging uit die Emeritaatstrust te besluit ten einde te verseker dat die emeritus nie oorversorg is nie en dat die beginsel van gelyke versorging sover moontlik plaasvind. Indien so 'n emeritus se emeritusversorging verminder sou word, moet dit jaarliks deur die Trustees of op versoek van óf die Kuratorium óf die Kerkraad in heroorweging geneem word.

5.3.4 Die ledevergadering doen 'n ernstige beroep op alle meewerkende kerke om groter stiptelikheid en verantwoordelikheid by die betaling van ramings aan die dag te lê, om sodoende die onderlinge afspraak oor die hulp met die versorging van emeriti en hul afhanklikes te eerbiedig en dra dit op aan die Trustees om die debietorder te implementeer.

5.3.5 Die kerke hou weer sewe kollektes per jaar en betaal dit aan die Emeritaatsversorgingstrust.

5.3.6 Gee uitvoering aan alle sake waaroor die Gereformeerde Kerke Emeritaats-versorgingskombinasie besluit het.

5.3.7 Gee uitvoering aan alle sake wat kragtens die Reglement van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie en die Ordereëlings vir Emeritaatsversorging aan hulle opgedra is.

5.3.8 Om alle sake wat voortspruit uit die samewerking van kerke in terme van KO, artt.13 en 20 te hanteer.

5.3.9 Wys kragtens die Reglement 'n Aktuaris aan.

Besluit: Goedgekeur.

6. Aanvullende Rapport

In die Aanvullende Rapport sal onder andere oor die versorgingsbedrae vir 2003 gerapporteer word.

Besluit: Kennis geneem.

E. AANVULLENDE RAPPORT

1. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

1.1 *Versorgingsbedrag*

Die Trustees het besluit op ‘n basisbedrag vir 2003 van R7 400 per maand vir 'n egpaar.

1.1.1 Motivering

1.1.1.1 Dit kom op ‘n verhoging van 6.5% op die vorige jaar.

1.1.1.2 Die Aktuaris beveel aan dat om die befondsingsvlak van die EVT te handhaaf daar nie meer as 5% gegee word nie anders moet die ramings dienooreenkomstig styg.

1.1.1.3 Die probleem wat die Trustees het, is dat die basisbedrag voor enige aftrekkings en die uiteindelike kontant in die sak van die emeriti nie heeltemal op standaard is nie en moeilik as “eervol” bestempel kan word. Vergelykings wat gemaak is met predikante uit ander kerke dui aan dat die versorging behoort te verbeter.

1.1.1.4 Om bogenoemde redes het die Trustees tog besluit om 6.5% verhoging toe te staan (1.5% hoër as wat die Aktuaris voorstel). Die Aktuaris werk op die oomblik met ‘n raming van R94 per belydende lidmaat vir 2003. Die raming is reeds deur die Trustees verhoog vanaf 1 Julie 2002 met 6.8% vanaf R88 na R94 per belydende lidmaat.

1.1.1.5 Verder behoort die vergadering die besparing te tel wat verkry is met die nuwe mediese skema waarvan die deel wat die emeriti moet betaal laer is as wat by die vorige skema was. Dit bring ‘n verdere verhoging van 2.4% in die emeriti se sak. In effek beteken dit dus eintlik ‘n verhoging van 9%.

1.2 *Afsterwe*

Sedert die samestelling van die Rapport vir die Agenda is daar 6 emeriti oorlede.

1.3 *Waarderingsverslag van die Aktuaris*

Die Trustees lê hiermee die waarderingsverslag van die Aktuaris aan die ledevergadering voor.

AFDELING 1

INLEIDING

1.1 Hierdie verslag word gerig aan die Trustees van die Emeritaatsversorgingstrust (hierna die Fonds genoem).

1.2 Die Fonds is nie 'n geregistreerde Pensioenfonds nie, en is gevolglik nie onderhewig aan die toesighouding van die Registrateur van Pensioenfondse of aan die bepalings van die Pensioenfondswet nie. Die Fonds bied spesifiek nie voordele aan enige emeriti nie, en is uitsluitlik daargestel om as 'n reserwefonds te fungeer sodat Kerkrade wat vir die versorging van emeriti verantwoordelik is, indien hulle dit nodig sou vind, vanuit die Fonds kragtens sekere bepaalde riglyne finansiële bystand ten opsigte van sodanige versorging kan ontvang.

1.3 Die vorige aktuariële berekeninge vir die Fonds is soos op 1 Julie 1999 gedoen.

AFDELING 2

BESONDERHEDE VAN DIE FONDS

2.1 Die Fonds bied aan Kerkrade ten opsigte van bestaande emeriti asook ten opsigte van die afhanklikes van afgestorwe emeriti en voormalige predikante bystand ten opsigte van die versorgingsvoordele wat deur sodanige Kerkrade aan die betrokkenes betaal word, in die vorm van 'n maandelikse voordeel. Die Fonds is vanaf 30 Junie 1994 vir nuwe deelnemers gesluit en bied na hierdie datum, benewens die voordele wat dit reeds betaal, ook voordele ten

opsigte van toekomstige emeriti op 'n pro rata-basis wat met hulle tydperk in die bediening tot en met 30 Junie 1994 verband hou.

Die voordele wat by bereiking van ouderdom 65 jaar onder die Fonds ten opsigte van 'n predikant beskikbaar gestel kan word, word gebaseer op sy aantal jare in die bediening tot 30 Junie 1994, met dien verstande dat ten opsigte van alle predikante wat later as ouderdom 27 jaar tot die bediening toegetree het, vir doeleindes van hierdie voordeelberekeninge aanvaar sal word dat sodanige predikante op ouderdom 27 jaar tot die bediening toegetree het.

Ten opsigte van 'n predikant wat byvoorbeeld op ouderdom 30 jaar tot die bediening toegetree het en wat op 30 Junie 1994 55 jaar oud was, sal die gedeelte van die volle voordeel wat deur die Fonds beskikbaar gestel kan word, dus (55 - 27) □ (65 - 27) = $^{28}/_{38}$stes van die volle voordeel soos van toepassing op die datum van sy emeritering (in hierdie geval dus 30 Junie 2004), beloop.

Ten opsigte van ’n predikant wat voor ouderdom 27 jaar tot die bediening toegetree het, sal die volle tydperk vanaf sy werklike toetreedatum tot 30 Junie 1994 in berekening gebring word.

Sover dit professore en kapelane betref, sal slegs die periode tussen ouderdom 27 jaar (of vroeëre toetree-ouderdom) en die ouderdom waarop elke sodanige persoon 'n lid van 'n ander tersaaklike pensioenfonds geword het, vir hierdie doel in berekening gebring word.

2.2 Die volle voordeel wat betaalbaar is, beloop tans R6 950 per maand en word volgens die diskresie van die Trustees hersien, wat in hulle beoordeling ten opsigte van sodanige hersiening veral die heersende inflasiekoers en die finansiële vermoë van die Fonds en van die lidmate van die Kerk in ag neem.

Die volle voordeel van R6 950 per maand is ten opsigte van 'n egpaar betaalbaar. In geval van 'n wewenaar/vrygesel/weduwee is 70% van die volle versorgingsvoordeel betaalbaar, terwyl in geval van elke afhanklike kind, 10% van die volle versorgingsvoordeel betaalbaar is (dubbel indien albei ouers oorlede sou wees).

Ten opsigte van predikante wat tussen ouderdomme 60 jaar en 65 jaar emeriteer word die voordeel verminder met 8% vir elke jaar waarmee die datum van emeritering ouderdom 65 jaar voorafgaan, terwyl vir predikante wat voor ouderdom 60 jaar emeriteer die voordeel met ‘n verdere 4% verminder word vir elke jaar waarmee die datum van emeritering ouderdom 60 jaar voorafgaan.

2.3 Volgens die inligting wat tot my beskikking gestel is, is die besonderhede van die persone ten opsigte van wie bystand tans deur die Fonds aan Kerkrade gebied word, soos volg:

	Aantal	Totale maandelikse voordeel soos op 1 Julie 2002
Getroud	82	R531 753
Wewenaars/vrygeselle	10	R 47 636
Weduwees	40	R192 987
Afhanklike kinders	14	R 10 545
Voormalige professore	11	R 51 126
Totaal	157	R834 047

Die aantal persone geregtig op bystand het sedert die vorige berekeningsdatum soos volg gewysig:

	Mans	Dames	Kinders	Totaal
Aantal op 1 Julie 1999	89	34	30	153
Plus nuwe persone	22	6	2	30
Plus regstellings	1	5	(14)	(8)
Minus sterftes/stakings	9	5	4	18
Aantal op 1 Julie 2002	103	40	14	157

2.4 Ek het ook inligting ontvang ten opsigte van 212 predikante, 3 kapelane en 10 professore ten opsigte van wie bystand in die toekoms deur die Fonds aan Kerkrade gebied mag word, maar wie tans nog nie geëmeriteer het nie. Die gemiddelde ouderdom van hierdie predikante, professore en kapelane soos op 1 Julie 2002 is 49,3 jaar.

2.5 Gedurende die periode 1 Julie 1999 tot 30 Junie 2002 was die inkomste- en uitgawes van die Fonds soos volg (R'000):

Inkomste		R34 527
Ramings	R16 214*	
Beleggingsverdienste	R16 580	
Ander	R 1 733	
Uitgawes		R27 987
Voordele betaal	R26 661**	
Ander	R 1 326	
Netto inkomste		R 6 540

* ‘n Debiteur ten opsigte van ramings van R2 917 000 soos op 1 Julie 1999 is hierteen afgeskryf.

** ‘n Debiteur van R3 180 000 ten opsigte van voordele wat namens die Mediese versorgingstrust deur die Fonds betaal is, is hierby in ag geneem.

2.6 Tydens die vorige berekeninge was die bates van die Fonds in ‘n markwaarde-portefeulje van Syfrets, in ‘n gewaarborgde portefeulje van Ou Mutual, in ‘n geldmarkportefeulje van Investec en in ‘n aanvraagdepositorekening by

Saambou belê. Gedurende die periode 1 Maart 2000 tot 30 September 2000 is ‘n gedeelte van die bates in die geldmarkportefeulje van Investec gerealiseer en in ‘n markwaardeportefeulje sowel as in ‘n effektetrustportefeulje van Investec belê. Gedurende Desember 2000 is hierdie bates gerealiseer en tesame met die bates in die markwaardeportefeulje van Syfrets en die gewaarborgde portefeulje van Ou Mutual in ‘n markwaardeportefeulje van mCubed belê. Gedurende die berekeningsperiode is kontantvloei in die aanvraagdepositorekening by Saambou belê sowel as gerealiseer sodat hierdie rekening geen saldo op 1 Julie 2002 toon nie. Aan die einde van Junie 2002 is ‘n gedeelte van die bates van die Fonds in ‘n geldmarkportefeulje van ENB belê. Verder, ten tye van die demutualisering van Ou Mutual is 160 300 demutualiseringsaandele op grond van die beleggings in die gewaarborgde portefeulje aan die Fonds toegedeel.

2.7 Die batesamestelling van die Fonds op 1 Julie 2002 was soos volg (R'000):

	Investec	Mcubed	ENB	Ou Mutual aandele	Totaal	% van totaal
Aandele	-	R24 423	-	R2 292	R26 715	60,7%
Effekte	-	R 7 572	-	-	R 7 572	17,2%
Likiede bates				-		
Internasionaal: aandele	**R383**	**R 2 620**	**R610**	-	**R 3 613**	8,2%
Internasionaal: effekte	**-**	**R 4 055**	**-**	-	**R 4 055**	9,2%
	-	**R 2 082**	**-**		**R 2 082**	4,7%
Totaal	R383	R40 752	R610	R2 292	R44 037	100,0 %

2.8 Die beleggingsopbrengs wat gedurende die tydperk 1 Julie 1999 tot 30 Junie 2002 op die markwaarde van die bates van die Fonds behaal is, het gemiddeld 9,1% per jaar beloop. Indien die toevalling van Ou Mutual demutualiseringsaandele as beleggingsopbrengs onder die Fonds gereken word, het dit die effek dat die beleggingsopbrengs na 10,9% per jaar wysig.

2.9 Die voordele wat deur die Fonds beskikbaar gestel word, is in die verlede jaarliks aangepas in so 'n mate dat die reële waarde daarvan grootliks gehandhaaf is. Dit impliseer dat 'n wesenlike gedeelte van die bates van die Fonds ook sover moontlik in bates belê behoort te wees waarvan die inherente waarde as inflasiebestand beskou kan word, sodat die reële waarde van die bates ook beskerm kan word. Beleggings in aandele en vaste eiendom word normaalweg as beleggings beskou wat aan hierdie vereistes voldoen.

Uit die bogenoemde tabel blyk dit dat ongeveer 70% van die bestaande beleggings van die Fonds tans in sogenaamde groeibates gemaak word, teenoor 46% soos op 1 Julie 1999.

Ek is van mening dat die Fonds voldoende blootstelling aan inflasiegekoppelde beleggings het. Hierdie blootstelling behoort egter nie na my mening die vlak van 70% te oorskry nie.

AFDELING 3

BEREKENINGSBASIS

3.1 Ten einde die huidige finansiële stand van die Fonds te beoordeel, het ek 'n waarde geplaas op die verwagte toekomstige verpligtinge van die Fonds, asook die toekomstige middele waaroor die Fonds na verwagting sal beskik.

3.2 Die huidige waarde van verpligtinge is bereken ten opsigte van alle huidige voordeelbetalings, asook alle verwagte toekomstige voordeelbetalings ten opsigte van bestaande predikante insoverre dit hulle tydperk in die bediening tot en met 30 Junie 1994 betref. Vir doeleindes van hierdie berekeninge het ek aannames gemaak omtrent die verwagte toekomstige beleggingsopbrengs op die bates van die Fonds, die verwagte toekomstige praktyk van die Fonds ten opsigte van verhogings in die voordeelbedrae, sowel as die toekomstige ondervinding van die Fonds met betrekking tot sterftekoerse ten opsigte van predikante, emeriti en weduwees.

Die aannames wat ek gebruik het verskil in een opsig van die wat tydens die vorige berekeninge van die Fonds gebruik is. Die aannames met betrekking tot sterftes nadat ‘n voordeelbetaling ‘n aanvang geneem het is aangepas ten einde vir ‘n algemene styging in lewensverwagting voorsiening te maak. Die aannames wat ek vir my berekeninge gebruik het, word in Aanhangsel A uiteengesit.

3.3 Wanneer op 'n berekeningsbasis vir die Fonds besluit word, is dit noodsaaklik dat die verwagte toekomstige praktyk met betrekking tot voordeelvlakke en ramings in so 'n basis in ag geneem word.

Soos reeds genoem is, het die Fonds tot dusver die beleid gevolg dat alle voordeelbedrae jaarliks verhoog is om tot 'n groot mate in reële terme konstant te bly, beide insoverre dit voordele ten opsigte van nuwe voordeelgeregtigdes, en voordele ten opsigte van bestaande emeriti, weduwees en kinders betref. Dit sal ook in die toekoms steeds die oogmerk bly wanneer die voordeelbedrae jaarliks hersien word dat geen onderskeid, anders as die pro rata-verskille voortspruitend uit elke predikant se tydperk in die bediening tot 30 Junie 1994, tussen die voordele ten opsigte van nuwe voordeelgeregtigdes en die voordele ten opsigte van bestaande emeriti, weduwees en kinders gemaak sal word nie.

Die omvang van sodanige jaarlikse hersiening sal, soos reeds genoem is, egter afhanklik wees van die finansiële stand van die Fonds soos wat dit van tyd tot tyd sal verander, en sal ook geskied met inagneming van die heersende inflasiekoers en van die finansiële vermoë van die lidmate van die Kerk. Die voordeelbedrae sal gevolglik nie noodwendig in die toekoms in reële terme konstant bly nie - ingevolge die resultate wat hierna uiteengesit word kan inteendeel verwag word dat die reële waarde van sodanige voordeelbedrae in die toekoms stelselmatig mag daal.

3.4 Die inkomste van die Fonds bestaan hoofsaaklik uit sekere ramings wat per lidmaat betaalbaar is, en wat vanaf 1 Julie 2002 gemiddeld R94 per lidmaat per jaar beloop, asook ad hoc inbetalings en gereelde kollektes deur gemeentes. Daar word in die vooruitsig gestel dat die toekomstige jaarlikse aanpassing in die ramings sodanig sal wees dat dit nooit die jaarlikse inflasiekoers tot enige beduidende mate sal oorskry nie, hoewel die werklike

aanpassing uiteraard veral afhanklik sal wees van die finansiële stand van die Fonds soos dit van tyd tot tyd sou verander .

3.5 Die beleggingsopbrengs wat na verwagting in die toekoms op die bates van die Fonds behaal sal word, behoort met die toekomstige inflasiekoers verband te hou. Die verhouding tussen die beleggingsopbrengs en die jaarlikse inflasiekoers, kan as die sentrale element van my berekeningsbasis beskou word.

Ek is van mening dat dit redelik is om te aanvaar dat die Fonds oor die langtermyn in staat behoort te wees om 'n beleggingsopbrengs van 2,5% per jaar hoër as die jaarlikse inflasiekoers te handhaaf. Ek het vir die doeleindes van my berekeninge aanvaar dat die Fonds 'n beleggingsopbrengs van 10,0% per jaar op sy bates sal behaal teenoor 'n gemiddelde onderliggende inflasiekoers van 7,5% per jaar. Die absolute waardes van hierdie koerse is egter nie van werklike belang nie, maar wel die resulterende verskil van 2,5% per jaar.

3.6 Dit is belangrik dat duidelike onderskeid getref word tussen die opbrengskoers waarvoor in my berekeninge voorsiening gemaak word, en die koers waarteen die voordeelbedrae na verwagting jaarliks sal verhoog.

Ek het vir die doeleindes van my berekeninge vir die verwagte toekomstige verpligtinge van die Fonds 'n verdiskonteringskoers van 5,0% per jaar gebruik. Dit het die effek dat voorsiening daarvoor gemaak word dat bestaande en toekomstige voordeelbetalings jaarliks verhoog sal kan word tot die mate waartoe die beleggingsopbrengs wat op die bates van die Fonds verdien word, hoër as 5,0% per jaar is. Indien 'n beleggingsopbrengs van 10,0% per jaar dus byvoorbeeld in 'n gegewe jaar behaal sou word, beteken dit dat voordele op daardie stadium met 5,0% verhoog sal kan word. Indien die inflasiekoers in so 'n jaar 7,5% sou beloop, beteken dit dus ook dat sodanige verhoging in voordele op daardie stadium 2,5 persentasiepunte laer as die inflasiekoers sal wees.

Dit sou uiteraard die ideaal wees dat die voordeelverhogings wat toegestaan word met die inflasiekoers tred hou. Dit is egter nodig om 'n balans te vind tussen bekostigbaarheid aan die een kant, en redelike voordele ten opsigte van emeriti en hulle afhanklikes aan die ander kant. Indien voordele teen 'n hoër koers verhoog sou word as wat ingevolge die beleggingsopbrengs bekostig kan word, sal dit insgelyks vereis dat die ramings ook teen 'n hoër koers moet styg. Die vereiste styging in die ramings sal egter in so 'n geval groter wees as die koers waarteen die voordele verhoog word.

Dit blyk dus duidelik uit die bovermelde beredenering dat die optimalisering van die beleggingsopbrengs op die bates van die Fonds ‘n uiters belangrike rol sal speel ten opsigte van die toekomstige gunstige finansiële verloop van die Fonds.

3.7 Die waarde wat vir berekeningsdoeleindes op die bestaande bates van die Fonds geplaas word, moet op so 'n wyse bereken word dat dit tred hou met die basis waarvolgens die verpligtinge van die Fonds bereken word. Hierdie waarde word verteenwoordig deur die verdiskonteerde waarde van die verwagte beleggingsinkomste wat op die bates van die Fonds behaal sal word, met inagneming van die risiko verbonde aan elke belegging en met voldoende voorsiening vir toekomstige fluktuasies in die beskikbare herbeleggingskoers.

Gebaseer op die inligting tot my beskikking het ek 'n vooruitskatting van die toekomstige beleggingsinkomste op die bates van die Fonds gemaak.

Ten opsigte van die belegging by mCubed sowel as die Ou Mutual demutualiseringsaandele beloop die waarde wat ek bereken het deur die verdiskontering van die toekomstige verwagte inkomste op die beleggings ongeveer R42 173 000 soos op 1 Julie 2002, wat gelyk is aan ongeveer 98,0% van die ooreenstemmende totale markwaarde op dieselfde datum.

Ten opsigte van die bates wat in die geldmarkportefeuljes van Investec en ENB belê is, is ek van mening dat die volle totale saldo van hierdie beleggings die toepaslike langtermynwaarde daarvan verteenwoordig. Ek het gevolglik besluit om hierdie bates teen die totale waarde van R993 000 in berekening te bring.

Op die berekeningsdatum was daar verder totale netto bedryfsbates ten bedrae van nagenoeg R3 433 000 onder die Fonds.

3.8 Die totale waarde wat ek vir die doeleindes van my berekeninge op die bates van die Fonds soos op 1 Julie 2002 geplaas het, beloop dus R46 599 000.

Gebaseer op hierdie waarde en met inagneming van die waarde wat ek vir my berekeninge soos op 1 Julie 1999 op die bates van die Fonds geplaas het asook die kontantvloei gedurende die tydperk vanaf 1 Julie 1999 tot 30 Junie 2002, beteken dit dat die effektiewe beleggingsopbrengs wat ek vir die doeleindes van my berekeninge in ag geneem het 11,0% per jaar beloop het, teenoor die werklike opbrengs op 'n markwaardebasis bereken van 10,9% per jaar soos reeds in paragraaf 2.8 genoem is.

3.9 Die waarde wat op die toekomstige inkomste van die Fonds geplaas word wat by wyse van ramings ontvang sal word, is bereken in terme van die berekeningsaannames en voorsiening is dus gemaak dat die ramings in die toekoms op 'n gereelde basis sal verhoog. My berekeninge is verder gebaseer op die aanname dat daar tans 73 748 belydende lidmate in die Kerk is, wat in die toekoms teen 'n tempo van ongeveer 0,5% per jaar sal verminder. Ek het ook aanvaar dat ongeveer 7,5% van die jaarlikse ramings nie ontvang sal word nie, maar dat die effek hiervan geneutraliseer sal word deur inkomste wat op 'n ander wyse ingesamel mag word.

AFDELING 4

FINANSIëLE STAND VAN DIE FONDS

4.1 Gebaseer op die berekeningsbasis en ander aannames in Afdeling 3 uiteengesit, is die verpligtinge van die Fonds vervolgens bereken. Die resultate van my berekeninge is soos volg:

Verpligtinge ten opsigte van:

	(R'000)
Bestaande voordeelbetalings	R100 375
Verwagte toekomstige voordeelbetalings ten opsigte van bestaande predikante	R 45 214
Totaal	R145 589

Minus waarde geplaas op bates	R 46 599
Tekort	R 98 990
Befondsingsvlak	32,0%

Dit beteken dat die Fonds, nadat voorsiening gemaak is vir jaarlikse verhogings in voordeelbedrae teen 'n koers van 2,5% per jaar laer as die verwagte inflasiekoers, 'n befondsingsvlak van 32,0% soos op 1 Julie 2002 het, teenoor 'n befondsingsvlak van 34,2% soos op 1 Julie 1999.

4.2 Soos reeds in paragraaf 3.4 genoem is, beloop die gemiddelde raming tans R94 per jaar per lidmaat wat vir die befondsing van die tekort van R99,0-miljoen aangewend sal word. Hierdie ramings sal jaarliks verhoog word teen 'n koers wat verband sal hou met die koers waarteen voordele verhoog word, op 'n basis soos wat deur die Trustees in oorleg met die Aktuaris bepaal sal word.

4.3 Ek het 'n kontantvloeiprojeksie vir die Fonds gedoen ten opsigte van die volgende 35 jaar. Vir die doeleindes van my berekeninge het ek aanvaar dat die berekeningsaannames bewaarheid sal word, dit wil sê ek het aanvaar dat die Fonds gedurende hierdie tydperk 'n beleggingsopbrengs van 10,0% per jaar op sy bates sal behaal, dat die voordeelbedrae sowel as die ramings met 5,0% per jaar sal verhoog en dat sterftekoerse ooreenkomstig die sterftekoerse in Aanhangsel A sal wees.

Die resultate van my berekeninge word in Aanhangsel B uiteengesit en toon dat, indien beide die ramings en voordeelbedrae in die toekoms teen 5,0% per jaar, oftewel 2,5% laer as inflasie, verhoog word, die ramings na verwagting teen 2034 gestaak sal kan word. Weens die langtermyn aard van hierdie projeksie behoort daar egter nie te veel klem op die resultate ten opsigte van die latere jare geplaas te word nie.

Ek is van mening dat dit sinvol sal wees om hierdie kontantvloeiprojeksie in die toekoms gereeld te herhaal ten einde die Trustees van die Fonds in staat te stel om die finansiële verloop van die Fonds na behore te kan beoordeel.

4.4 Die resultate hierbo uiteengesit vergelyk redelik met die resultate van my berekeninge soos op 1 Julie 1999, alhoewel ek sou verwag het dat die befondsingsvlak sou toegeneem het. Die redes vir die afname in die befondsingsvlak is hoofsaaklik as volg:

- Die verhogings in die versorgingsvoordeel was effens hoër as wat ingevolge die berekeningsaannames vanuit die beleggingsopbrengs onder die Fonds bekostig kon word.
- Die aantal sterftes onder die Fonds was laer as verwag, sodanig dat ‘n tekort hieruit vir die Fonds ontstaan het. Na aanleiding hiervan sowel as ‘n algemene toename in lewensverwagting het ek my aannames in hierdie verband gewysig. Hierdie wysiging het uiteraard ‘n verdere tekort vir die Fonds tot gevolg gehad.
- Die debiteur wat afgeskryf is ten opsigte van ramings ontvangbaar op die vorige berekeningsdatum het tot ‘n tekort onder die Fonds gelei. ‘n Gedeelte van hierdie afgeskryfde debiteur is ten tye van my vorige berekeninge reeds in ag geneem.
- Die aantal belydende lidmate het teen ‘n hoër tempo afgeneem as waarvoor voorsien is sodat die ramings wat oor die afgelope 3 jaar

ontvang is laer was as wat in die vooruitsig gestel is. Uiteraard het die waarde van die verwagte toekomstige ramingsinkomste ook as gevolg hiervan verminder.

AFDELING 5

SAMEVATTING

5.1 Die Fonds is vanaf 30 Junie 1994 vir nuwe toetredes gesluit, en bied na hierdie datum, benewens die versorgingsvoordele wat reeds daaruit betaal word, slegs voordele by emeritering aan bestaande predikante wat ook op 30 Junie 1994 predikante was. Sodanige voordele word op 'n pro rata-basis bereken, rofweg in die verhouding van die aantal jare wat die lid op 1 Julie 1994 ouer as 27 jaar was, tot 'n potensiële volle lidmaatskapsperiode van 38 jaar.

5.2 Die voordele wat in die toekoms by emeritering uit die Fonds betaalbaar sal word, sal jaarliks aangepas word teen 'n koers wat afhanklik sal wees van die beleggingsopbrengs wat op die bates van die Fonds behaal word. Hierdie verhogingskoers sal stellig nie ten volle met inflasie kan tred hou nie, en sal na verwagting gemiddeld 2,5% laer as die jaarlikse inflasiekoers beloop.

5.3 'n Aktuariële berekening van die verpligtinge van die Fonds dui daarop dat hierdie verpligtinge tans 32,0% befonds is. 'n Gemiddelde raming van R94 per jaar per lidmaat wat jaarliks matiglik sal verhoog, behoort voldoende te wees om die huidige onbefondsde tekort van R99,0-miljoen oor ‘n periode van ongeveer 32 jaar te befonds.

C ERASMUS B.Sc. A.S.A. F.I.A.
In my hoedanigheid as Direkteur van
ABSA KONSULTANTE EN AKTUARISSE (EDMS) BEPERK

Johannesburg
Desember 2002

AANHANGSEL A

BEREKENINGSAANNAMES

1. **BELEGGINGSOPBRENGS**
'n Verwagte beleggingsopbrengskoers van 10,0% per jaar is gebruik, relatief tot 'n onderliggende inflasiekoers van 7,5% per jaar.

2. **VERHOGING IN VOORDEELBEDRAE**
Daar is voorsiening gemaak vir verhogings van die voordeelbedrae teen 'n koers van 5,0% per jaar.

3. **STERFTES**
Die gepubliseerde SA56-62 sterftetabelle (eindsterfte) is ten opsigte van die periode voor emeritering gebruik.
Ten opsigte van die periode na emeritering is gebruik gemaak van die gepubliseerde PA90 (a(55) tydens vorige berekeninge) sterftetabelle (eindsterfte) vir manlike en vroulike lewens onderskeidelik. Ter illustrasie beloop die lewensverwagting ten opsigte van manlike lewens gebaseer op die gepubliseerde PA90 en a(55) sterftetabelle onderskeidelik soos volg:

Ouderdom	PA90	SA56-62
60	18,0 jaar	17,9 jaar
70	11,6 jaar	11,1 jaar
80	6,8 jaar	6,2 jaar

Die volgende is voorbeelde van die sterftekoerse waarvoor voorsiening gemaak is:

	Aantal sterftes binne 1 jaar uit 1 000 persone by elke ouderdom	
Ouderdom	**Predikante/emeriti**	Weduwees
30	1,6 (1,6)	0,3 (1,3)
35	2,0 (2,0)	0,5 (1,5)
40	2,9 (2,9)	0,8 (1,9)
45	4,8 (4,8)	1,4 (2,6)
50	7,9 (7,9)	2,4 (3,8)
55	12,5 (12,5)	4,1 (5,5)
60	19,3 (19,3)	7,0 (8,6)
65	25,0 (23,0)	11,9 (13,9)
70	38,6 (37,8)	20,4 (23,1)
75	59,1 (61,6)	34,6 (38,8)
80	89,6 (98,6)	58,2 (65,0)
85	133,4 (152,5)	96,3 (106,3)
90	194,2 (224,1)	155,2 (166,9)
95	273,9 (309,0)	240,5 (246,9)

Die syfers in hakies verteenwoordig die aannames wat ten tye van die vorige berekeninge gebruik is.

AANHANGSEL B

KONTANTVLOEIPROJEKSIE TEN OPSIGTE VAN DIE FONDS

Jaar eindig-ende 30 Junie	Beraamde aantal lidmate	Totale ramings (R'000)	Voordeel-betalings (R'000)	Bates (R'000)	Befondsings-vlak	Raming per lidmaat
2003	73379	7271	10882	47648	31,7%	94
2004	73012	7596	11333	48676	31,5%	99
2005	72647	7936	11910	49569	31,2%	104
2006	72284	8291	12483	50334	30,9%	109
2007	71923	8662	12830	51199	30,7%	114
2008	71563	9050	13298	52071	30,5%	120
2009	71205	9455	13908	52825	30,3%	126
2010	70849	9878	14347	53639	30,2%	132
2011	70495	10320	14914	54408	30,0%	139
2012	70142	10782	15938	54693	29,7%	146
2013	69792	11264	16332	55095	29,5%	153

2014	69443	11768	16711	55661	29,4%	161
2015	69096	12295	17299	56222	29,3%	169
2016	68750	12845	17704	56986	29,4%	177
2017	68406	13420	18488	57617	29,4%	186
2018	68064	14020	19425	57973	29,5%	195
2019	67724	14648	19600	58818	29,8%	205
2020	67385	15303	20237	59767	30,2%	215
2021	67048	15988	20597	61134	30,9%	226
2022	66713	16704	20923	63028	31,9%	238
2023	66380	17451	21298	65485	33,3%	249
2024	66048	18232	21969	68296	35,0%	262
2025	65718	19048	22692	71481	37,0%	275
2026	65389	19900	23065	75464	39,7%	289
2027	65062	20791	23854	79948	42,9%	303
2028	64737	21721	23937	85727	47,2%	318
2029	64413	22693	24242	92750	52,5%	334
2030	64091	23709	24231	101503	59,4%	351
2031	63770	24770	24157	112266	68,1%	368
2032	63452	25878	23771	125599	79,3%	387
2033	63134	27036	23380	141815	93,5%	406
2034	62819	28246	22877	161366	111,4%	427
2035	62505	29510	22335	184678	134,0%	448
2036	62192	30831	21751	212225	162,5%	470
2037	61881	32210	21125	244533	198,3%	494

1.4 *Skematiese voorstelling van die uitfasering van die EVT en die infasering van die GKSA Predikante Pensioenfonds*
Grafieke sal tydens die Sinode beskikbaar gestel word.

1.5 *Skematiese voorstelling van predikante met die voordele uit die EVT*
Grafieke sal tydens die Sinode beskikbaar gestel word.

1.6 *Skematiese voorstelling van die huidige versorging uit die EVT*
Grafieke sal tydens die Sinode beskikbaar gestel word.

1.7 *Versorgingslys met % van basisbedrag en % pro rata mediese versorging*
Die jongste versorgingslys en persentasie van basisbedrag sowel as die deel wat nie voorafbefonds is in die Pensioenfonds nie word gepubliseer.

VERSORGINGSLYS MET % VAN BASISBEDRAG EN% PRO RATA MEDIESE VERSORGING

Predikante	**DG**	**MD**	**JR**	**% van BA**	**Medies % Basis**
Aucamp JC	27	1	1954	35.31	21.60
Aucamp JL	27	6	1959	21.06	14.47
Aucamp JPDUP	25	3	1968	0	0
Aucamp LD	30	9	1940	70.4	39.14
Aucamp RG	8	6	1946	60.53	34.21
Bain RA	26	7	1971	0	0
Bakker DJ	21	4	1954	34.65	21.27
Bekker IL	23	5	1946	55.49	31.69
Berg AF	14	8	1964	7.46	7.68

Bingle JP	13	1	1951	48.47	28.18
Bingle PW	4	6	1939	78.95	43.42
Bogaards AH	27	6	1954	34.22	21.05
Booyens DJA	17	8	1964	0	7.68
Botha GNV	8	8	1939	75.88	41.89
Botha J	23	2	1949	53.51	30.70
Botha WJ	1	11	1965	4.18	6.03
Boy N	5	5	1964	8.12	8.00
Breed CJH	12	2	1953	43.38	25.44
Breed DG	23	8	1952	39.04	23.46
Breed G	29	12	1955	32.91	20.39
Briel HJ	28	7	1962	12.94	10.42
Briel SJ	22	12	1966	0	4.61
Buys ALA	25	8	1967	2.2	5.04
Buys JC	30	4	1939	74.13	41.01
Buys LJ	20	11	1961	0	11.29
Buys PJ	16	3	1947	55.92	31.91
Cilliers JH	5	6	1951	42.11	25.00
Cilliers SA	20	4	1951	42.55	25.22
Cloete JJ	25	9	1950	44.09	25.99
Coetsee CdeW	27	12	1948	0	28.29
Coetsee HB	1	10	1965	4.39	8.77
Coetzee CFC	11	6	1945	57.9	32.89
Coetzee DF	14	1	1951	43.2	25.55
Coetzee GC	3	10	1968	0	2.19
Coetzee HS	13	10	1960	17.55	12.72
Coetzee LJJ	16	1	1938	77.41	46.60
Coetzee PA	20	5	1953	39.7	23.79
Coetzer AL	21	4	1940	74.13	41.01
Combrink V	10	3	1949	48.03	29.28
d'Assonville VE	31	7	1963	0	0
De Beer EJ	3	7	1963	12.94	10.42
De Beer HJP	17	5	1959	21.28	14.58
De Beer PGW	25	3	1946	55.92	31.91
De Bruyn ASA	11	7	1974	0	0
De Bruyn FRP	29	5	1938	79.17	43.53
De Klerk TC	15	10	1951	41.24	24.56
De Kock DJ	9	6	1954	34.22	21.05
De Kock SD	4	7	1952	39.26	23.57
De Villiers HT	16	6	1947	55.27	31.58
De Villiers IJJ	15	2	1956	0	18.86
De Wet FW	25	3	1964	8.56	9.54
Dreyer FM	17	9	1958	23.03	15.46
Du Plessis AN	9	1	1975	0	0
Du Plessis JB	27	9	1950	44.09	25.99
Du Plessis LSD	27	2	1958	24.96	16.23
Du Plessis MJ	11	8	1946	54.83	32.68
Du Plessis MJ	11	6	1948	0	0
Du Plessis PJL	8	4	1941	68.86	41.01
Du Plessis RJP	3	7	1942	65.58	36.73
Du Preez JA	14	6	1949	47.37	27.63
Eloff JM	24	7	1966	0	5.15
Erasmus DPJ	13	11	1957	25.23	16.56
Erasmus JA	21	6	1974	0	0
Erasmus JC	30	12	1946	56.59	32.24

Erasmus JJJ	20	4	1958	24.13	16.01
Erasmus MJJ	27	5	1974	0	0
Fanoy P	8	4	1959	24.13	16.01
Ferreira IW	10	4	1961	16.23	12.06
Fick PH	6	1	1955	32.68	20.29
Fleischmann JP	4	10	1963	9.66	8.77
Fourie BCG	2	5	1961	21.28	14.58
Fourie MP	25	11	1951	41.02	24.45
Franck JE	23	2	1957	27.59	17.54
Geertsema PG	9	7	1952	0	36.51
Grobler CS	28	2	1950	48.64	28.07
Grobler JH	16	12	1965	3.96	5.92
Grönum NJ	1	6	1976	0	0
Grové AH	2	10	1945	57.03	32.46
Grové PJ	22	11	1975	0	0
Harris MP	6	1	1944	61.62	34.76
Hattingh C	22	4	1952	39.92	23.90
Hattingh HB	21	9	1959	12.5	14.14
Hendricks MP	28	7	1951	44.52	26.21
Heystek AS	19	4	1944	66.45	37.06
Heystek NP	7	3	1940	71.71	39.80
Heystek PH	6	12	1955	30.27	19.08
Hibbert S	14	7	1955	31.37	19.63
Hope JJL	30	12	1943	61.85	34.87
Howell JH	8	7	1962	12.94	10.42
Jaftha CD	31	5	1949	47.59	27.74
Janse Van Rensburg KA	10	3	1946	26.32	0
Jansen CA	5	8	1963	10.09	8.99
Jansen van Niewenhuizen PJ	16	6	1960	18.43	13.16
Jordaan JH	12	11	1950	0	25.77
Kayayan E	7	7	1960	0	0
Kingma BR	17	12	1958	22.38	15.13
Klopper AH	10	12	1942	64.48	36.18
Kotze WGM	9	1	1959	22.15	15.02
Krüger AJ	7	8	1958	23.25	15.57
Kruger AP	24	8	1957	25.88	16.89
Kruger C	6	6	1953	36.85	22.37
Kruger FP	11	1	1965	8.99	8.44
Kruger GS	1	4	1958	24.13	16.01
Kruger HJJ	25	10	1959	20.18	14.04
Kruger IJV	14	3	1947	53.29	30.59
Kruger JJF	11	12	1968	0	1.97
Kruger JP	26	9	1972	0	0
Kruger L	22	4	1969	0	1.54
Kruger LM	1	7	1952	39.26	23.57
Kruger MAF	11	1	1960	19.52	13.71
Kruger PP	17	7	1940	70.84	39.36
Kruger SF	18	11	1950	43.65	25.77
Kruger T	17	12	1948	48.69	28.29
Kurpershoek PW	7	1	1970	0	0
Labuscagne GCP	21	4	1950	45.18	26.54
Lartz D	15	11	1959	19.97	13.93
Laubscher NG	13	5	1941	71.28	39.58
Laufs D	12	2	1947	59.17	33.33

Le Roux J	21	5	1952	39.7	23.79
Leuschner FW	2	12	1973	0	0
Ligthelm GJ	27	1	1940	72.15	40.02
Ligthelm NW	13	11	1949	46.27	27.08
Lourens PK	18	6	1958	26.32	17.11
Malan J	24	11	1954	35.76	21.82
Marais J	18	2	1945	59.17	33.33
Meijer GJ	13	1	1962	14.26	11.07
Momberg HLJ	1	7	1961	15.58	11.73
Mulder AH	6	1	1943	72.15	40.02
Mulder PWA	9	5	1943	63.38	35.64
Muller DF	15	7	1968	0	2.52
Myburgh AJ	2	12	1961	14.48	11.18
Nagel CJ	9	8	1950	44.31	26.10
Nel EP	2	1	1965	8.99	8.44
Nel PA	16	1	1964	0	8.44
Nel PJ	17	4	1957	26.76	17.32
Nkulu DM	21	5	1960	0	0
Noëth JG	11	8	1974	0	0
Odendaal PA	13	12	1954	32.91	20.39
Oosthuizen OA	12	5	1971	0	0
Opperman G	10	6	1952	0	0
Opperman WC	10	10	1952	38.61	23.25
Pansegrouw D	13	6	1955	31.58	19.74
Pelser AL	5	3	1963	11.19	9.54
Pieterse WJ	8	7	1968	0	0
Postma F	19	2	1946	59.17	33.33
Potgieter TJ	24	4	1956	29.39	18.64
Pretorius J	23	4	1964	0	8.11
Prinsloo DP	24	11	1976	0	0
Prinsloo HJ	19	11	1962	12.07	9.98
Putter CJJ	6	9	1963	9.88	8.88
Reinecke H	10	9	1960	17.77	12.83
Rheeder AL	7	7	1964	7.68	7.79
Roets CJC	22	3	1960	19.08	13.49
Saayman WJK	18	10	1943	62.29	35.09
Schalekamp ME	3	11	1947	51.54	29.71
Scheepers LC	4	4	1957	26.76	17.32
Schutte HG	14	1	1954	0	0
Schutte HW	21	4	1968	0	2.85
Schutte JA	10	1	1948	51.1	28.40
Serfontein DE	28	7	1963	0	0
Smidt MJ	25	2	1952	43.38	26.75
Smit BC	11	11	1957	25.23	16.56
Smit CJ	30	5	1946	58.12	31.69
Smit EJ	1	11	1943	67.32	37.61
Smit EJ	9	7	1966	0	0
Smit SJMS	5	6	1962	0	10.53
Snyman SD	9	7	1954	36.63	22.26
Snyman WM	25	1	1964	8.99	8.44
Stavast AH	2	8	1956	28.52	18.20
Stavast HL	31	8	1964	7.46	7.68
Steyn AH	21	5	1961	16.01	11.95
Steyn DJS	9	7	1945	57.68	32.79
Stoker HG	29	1	1960	19.52	13.71

Swanepoel CB	17	10	1959	20.18	14.04
Tiemensma EJ	17	12	1952	38.17	23.03
Tredoux AP	11	1	1973	0	0
Van Bemmel H	30	7	1949	47.15	27.52
Van Blerk PJ	24	9	1963	9.88	8.88
Van den Berg PaulJ	2	8	1954	26.32	0
Van den Heever W	9	7	1974	0	0
Van der Merwe RM	23	10	1958	22.82	15.35
Van der Merwe SJ	1	11	1948	48.91	28.40
Van der Schyff JL	21	5	1959	21.28	14.58
Van der Schyff SP	14	6	1963	10.53	9.21
Van der Vyver LduP	5	5	1961	16.01	11.95
Van der Walt AB	17	7	1961	15.58	11.73
Van der Walt F	4	5	1942	71.28	39.58
Van der Watl JGL	7	12	1968	0	0
Van der Walt JP	11	12	1958	22.37	15.13
Van der Walt LJ	17	3	1942	66.45	37.17
Van der Walt NJ	6	3	1953	42.77	25.33
Van der Walt PC	7	1	1961	16.89	12.39
Van der Walt PJ (Bethlehem)	18	9	1946	54.61	35.64
Van der Walt PJ (Ladybrand)	23	5	1943	66.01	32.57
Van der Walt PJ (Witrivier)	2	3	1952	40.13	24.01
Van der Walt SFF	16	10	1961	14.92	11.40
Van der Walt SJ	24	7	1948	49.88	28.84
Van Dyk FJ	15	10	1951	0	0
Van Dyk PD	23	4	1960	18.86	13.38
Van Helden M	25	10	1957	25.45	16.67
Van Heyningen CJ	8	11	1967	0	3.40
Van Niekerk K	3	4	1938	76.76	42.32
Van Rhyn HPM	25	5	1961	18.64	13.27
Van Rooy HC	13	10	1961	14.92	11.40
Van Schaik J	26	2	1965	6.53	7.02
Van Schaik LH	3	3	1949	48.03	27.96
Van Tonder JM	11	3	1945	58.56	33.22
Van Vuuren CJ	9	2	1960	19.69	13.60
Van Vuuren TJ	24	3	1972	0	0.33
Van Wyk GJ	1	5	1956	31.8	19.85
Van Wyk HF	10	12	1955	30.27	19.08
Van Wyk P	19	3	1962	13.82	10.86
Van Wyk RP	3	12	1958	25.01	16.45
Van't Zand D	25	1	1956	30.04	18.97
Van't Zand JD	21	3	1966	5.92	6.91
Venter A	17	9	1963	9.88	8.88
Venter HJ	4	9	1952	38.82	23.36
Venter JD	11	11	1946	56.81	32.35
Venter JDP	30	3	1971	0	0
Venter JH	21	10	1952	38.61	23.25
Venter JH (Bethal)	31	7	1957	26.1	0
Venter JJ	13	6	1954	34.22	21.05
Venter JL	29	9	1946	54.61	31.25
Venter MPA	5	4	1959	0	0
Venter P	15	1	1961	19.52	13.71
Venter PA	28	2	1939	77.59	42.54

Venter PJ	26	3	1967	3.29	5.59
Venter SP	4	2	1961	17.06	12.28
Vergeer WC	23	9	1959	20.4	14.14
Verhoef GC	25	11	1956	27.86	17.87
Vermaak SPJ	4	7	1959	20.84	17.00
Vermeulen HJ	27	5	1958	23.91	15.90
Vermeulen PJ	27	7	1959	20.84	14.36
Vogel GM	14	6	1962	13.16	10.53
Vogel LVDM	5	3	1952	45.4	4.71
Vogel W	7	7	1956	31.8	19.63
Vorster N	13	9	1973	0	0
Vorster RL	24	9	1939	73.03	40.46
Vorster SC	25	10	1961	5.26	0
Vrey CCA	21	10	1965	0	6.14
Wijnbeek DHP	20	9	1946	59.88	33.88

Professore

Coetzee CFC	11	6	1945	57.89	28.95
De Klerk BJ	1	6	1945	57.89	28.95
Du Plooy A le R	22	10	1944	39.47	19.74
Jordaan GJC	23	2	1951	28.95	14.48
Kruger PP	14	6	1951	42.11	21.06
Van Rensburg JJJ	12	9	1951	13.16	6.58
Van Rooy HF	7	8	1949	18.42	9.21
Venter CJH	26	2	1940	47.37	23.69
Viljoen FP	8	12	1960	17.11	8.56
Vorster JM	12	12	1946	50.0	22.37

Ander

Enslin GB	28	10	1959	20.18	10.09
Lion-Cachet J	26	3	1961	16.45	8.23
Van Blerk JAT	12	1	1963	11.62	5.81
Van Niekerk RL	20	4	1963	10.96	5.48
Viljoen W	7	10	1972	0	0

Medies onbekwaam , KO, art.13

Badenhorst LJ	2	6	1952	39.47	19.47
Breedt JJ	9	8	1943	62.72	31.36
De Kock JJ	24	2	1955	32.46	16.23
Fouché DR	16	8	1940	70.61	35.31
Kruger JJdeW	14	5	1938	81.8	40.90
Malan DJ	12	4	1958	24.12	12.06
Mulder AH	28	10	1941	67.54	33.77
Van der Merwe CN	4	5	1942	66.01	33.01
Van der Merwe WP	13	6	1954	34.21	17.11
Van der Walt JPB	14	9	1945	57.24	28.62
Van Deventer FJ	27	12	1940	69.74	34.87
Venter W	11	4	1944	60.96	30.48
Vorster N	14	11	1939	72.6	36.3

1.8 *Ouditstate*

Die Trustees lê hiermee die geouditeerde state van die Emeritaatsversorgingstrust voor.

EMERITAATVERSORGINGSTRUST
REGISTRASIE NOMMER: IT 5036/97

FINANSIëLE STATE VIR DIE JAAR GEëINDIG 30 JUNIE 2002

ADMINISTRATIEWE INLIGTING
Geregistreerde kantoor
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
H/V Molen- en Meyerstraat
POTCHEFSTROOM
2531

Posadres
Posbus 20004
NOORDBRUG
2522

NAAM VAN OUDITEUR:	Bezuidenhout & Steyn C.
NAAM VAN WAARDEERDER:	Erasmus

INHOUD **BLADSY**

Verslag van die onafhanklike ouditeure aan die Trustees	2
Verslag van die Trustees	3
Inkomstestaat	4
Balansstaat	5
Aantekeninge tot die finansiële state	6 - 8

POTCHEFSTROOM
2002-10-02

Bezuidenhout en Steyn
GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS (S.A.)
CHARTERED ACCOUNTANTS (S.A.)
Vennote/Partners:
P.M. STEYN
J.C. JONKER
Bygestaan deur/Assisted by:
G.W.L. BEZUIDENHOUT
J.P. FOUCHé

Posbus 597
Telefoon: (018) 297-5457/8/9
Faks: (018) 294-8720
E-pos: jscasa@iafrica.com
RETIEFSTRAAT 11
POTCHEFSTROOM 2520

25 November 2002

Die Trustees
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
Emeritaatsversorgingstrust
POTCHEFSTROOM

VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR AAN DIE TRUSTEES VAN DIE EMERITAATSVERSORGINGSTRUST VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Ons het die finansiële jaarstate soos uiteengesit op bladsye 1 tot 8 vir die jaar geëindig 30 Junie 2002 geouditeer. Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die Trustees van die Emeritaatsversorgingstrust van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Ons verantwoordelikheid is om oor hierdie finansiële state, gegrond op ons oudit, verslag te doen.

Omvang
Ons het die oudit ooreenkomstig standpunte van die Suid-Afrikaanse ouditstandaarde uitgevoer. Hierdie standpunte vereis dat ons die oudit beplan en onderneem ten einde gerusstelling te verkry dat die finansiële state vry is van wesenlike wanvoorstellings.

'n Oudit sluit in:
- 'n Ondersoek op 'n toets grondslag, van bewyse ter ondersteuning van bedrae en openbaarmakings in die finansiële state;
- 'n beoordeling van die rekenkundige beginsels toegepas en beduidende ramings deur bestuur gemaak; en 'n evaluering van die algehele aanbieding van die finansiële state.

Ons glo dat ons oudit 'n redelike grondslag vir ons mening verskaf.

Ouditmening
Na ons mening verstrek hierdie state 'n redelike weergawe, in alle wesenlike opsigte, van die Emeritaatsversorgingstrust van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika op 30 Junie 2002 en van die resultate van sy bedrywighede vir die jaar geëindig op daardie datum, in ooreenstemming met algemeen aanvaarde rekenkundige praktyk.

BEZUIDENHOUT EN STEYN
GEREGISTREERDE REKENMEESTERS EN OUDITEURE
GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS (S.A.)

TRUSTEES SE VERSLAG TEN OPSIGTE VAN DIE EMERITAATVERSORGINGSTRUST

Die trustees bied hierby hulle verslag vir die jaar geëindig 30 Junie 2002 aan.

1. BESTUUR

1.1 Trustees/ Bestuur

Die name van die bestuur gedurende die jaar onder oorsig is:

B.J. Kruger	D.J.S. Steyn
B.G. Kukkuk	L.H. van Schaik
S.J. Gouws	J.H. Howell
J.J. Howell	J.L. Ras

1.2 Geregistreerde kantoor en posadres van die trust

Adres van die geregistreerde kantoor:	Posadres:
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika	Posbus 20004
H/V Molen- en Meyerstraat	NOORDBRUG
POTCHEFSTROOM	2522
2531	

1.3 Waardeerder

Naam van waardeerder: C. Erasmus (Aktuaris)

1.4 Beleggingsadministrateurs

Naam van die beleggingsadministrateurs:
- Investec
- Syfrets
- Ou Mutual
- Eerste Nasionale Bank
- m Cubed Investment Life Ltd

2. AKTUARIëLE WAARDASIE

Ingevolge die statute van die fonds word die fonds se finansiële toestand, met tussenposes
van hoogstens drie jaar, ondersoek en doen die aktuaris dan verslag daaroor.
Aktuariële waardasies is gedoen tot 30-06-2002.

3. GETROUHEIDSDEKKING

Volgens die opinie van die trustees is voldoende getrouheidsdekking
Uitgeneem.

BALANSSTAAT OP 30 JUNIE 2002

	Aant.	2002 R	2001 R	2000 R
BATES				
BELEGGINGS		44,692,026	42,388,988	38,160,411
Rentedraende beleggings	3	1,662,663	476,585	7,451,696
Markgekoppelde portefeuljes	3	40,753,103	39,636,143	28,432,455
Aandele: Ou Mutual	3	2,276,260	2,276,260	2,276,260

LENINGS	4	2,432,425	1,020,555	25,000
BEDRYFSBATES		575,365	582,003	883,330
Debiteure	5	-	-	-
Diverse debiteure	6	5,375	169,378	490,047
Bank		569,990	412,625	393,283
Totale Bates		**47,699,816**	**43,991,546**	**39,068,741**
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEID				
OPGEHOOPTE FONDSE		45,818,034	36,369,781	30,926,228
Opgehoopte fondse - EVT		45,777,896	36,329,643	30,886,090
Opgehoopte fondse - Studiefonds		40,138	40,138	40,138
NIE VERDEELBARE RESERWES	2	-	7,186,342	7,186,342
LANGTERMYNLASTE				
Lening: GKSA Mediese Versorgings Trust		-	-	539,033
BEDRYFSLASTE		1,881,782	435,423	417,138
Krediteure en Voorsienings	7	1,881,782	435,423	417,138
Totale Ekwiteit en Aanspreeklikheid		**47,699,816**	**43,991,546**	**39,068,741**

INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEëINDIG 30 JUNIE 2002

	Aant.	2002 R	2001 R	2000 R
INKOMSTE		12,927,518	15,230,695	10,277,317
Dividende ontvang				
Syfrets		-	104,778	156,454
Investec		-	15,635	-
Ou Mutual		115,817	-	-
Kapitaalbonus - Ou Mutual		-	2,399,553	868,884
Kapitaalbonus - m Cubed Investment Life Ltd		5,366,897	1,165,546	-
Kollektes ontvang		720,322	359,339	653,010
Ramings ontvang		6,700,602	6,258,260	6,478,954
Rente ontvang:				
ABSA bank		5,529	60,629	-
Saambou bank		8,847	7,335	25,873
Syfrets		5	189,131	714,676
Investec		9,498	97,417	1,343,053
Wins met verkoop van aandele		-	4,573,072	36,413
UITGAWES		10,665,607	9,787,142	10,081,296
Administrasiekoste		416,585	320,077	208,014
Aktuariële koste		90,000	82,536	82,536

Bankkoste	297	751	8,291
Bankrente	-	-	2,272
Emeritaatsfonds uitbetalings	8,088,067	7,479,909	8,009,265
Mediese fonds betalings	1,787,280	1,095,887	1,494,844
LBS	246,601	-	-
NMA Waarborge	-	8,588	19,562
Ouditeursvergoeding	5,130	5,130	5,130
Regskoste	-	108	17,628
Reiskoste	28,121	20,167	18,674
Rekenaaropleiding	576	640	-
Rente betaal - Administratiewe Buro	-	-	113,180
Telefoonkoste	(150)	1,800	2,150
Toerusting - lamineer masjien	-	-	953
Verlies met realisasie van eenhede	-	768,449	95,597
Versekering	3,100	3,100	3,200
Netto wins vir die jaar	2,261,911	5,443,553	196,021
Opgehoopte fondse - begin van jaar	36,329,643	30,886,090	33,727,495
Vorige jaar aanpassing - 1999	-	-	(120,000)
Verandering in Rekeningkundige beleid	-	-	(2,917,426)
Nie verdeelbare reserwe oorgeplaas	7,186,342	-	-
Opgehoopte fondse aan die einde van die jaar	**45,777,896**	**36,329,643**	**30,886,090**

AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIëLE STATE VIR DIE JAAR GeëINDIG 30 JUNIE 2002

1. **REKENINGKUNDIGE BELEID**

Die finansiële state word volgens die historiese koste grondslag opgestel en inkorporeer die volgende beleid:

Beleggings:
Geen op- of afwaartse aanpassing word aan die kospryse gemaak weens markprys skommelinge nie.

Ramings ontvang:
Ramings ontvang word te boek gestel sodra die gelde werklik ontvang is.

Rente inkomste:
Rente inkomste word eers gerealiseer met ontvangs daarvan.

Oninvorderbare skuld:
Geen voorsiening word gemaak vir oninvorderbare skulde nie.

Reiskoste:
Reiskoste sluit in die reis- en ete onkostes aangegaan vir die duur van die vergadering.

		2002 R	2001 R	2000 R
2.	**NIE-VERDEELBARE RESERWES**			
	Kapitale wins op aandele	-	4,910,082	4,910,082
	Die verdeling van UAL se aandele aan Sanlam en Ou Mutual het tot gevolg gehad dat die aandele gewaardeer is en teen die markwaardes toegedeel is.			
	Ou Mutual aandele ontvang	-	2,276,260	2,276,260
		-	7,186,342	7,186,342
3.	**BELEGGINGS**			
3.1	**RENTEDRAENDE BELEGGINGS**			
	SYFRETS	-	-	(5)
	INVESTEC (Daggeld)	382,663	23,164	23,164
	SAAMBOU (Daggeld)	-	453,425	452,471
	FIRST NATIONAL BANK (Daggeld)	1,280,000	-	-
		1,662,663	476,589	475,630
3.2	**MARKGEKOPPELDE PORTEFEULJES**			
	m Cubed Investment Life Ltd			
	GR2 Global Balanced	40,753,103	39,636,142	-
	Die trustees het besluit dat geen opwaartse of afwaartse aanpassings op die boekwaarde gemaak word nie. Die boekwaarde en markwaarde van die belegging is gelyk aangesien dit 'n markgekoppelde belegging is.			
3.3	**AANDELE**			
	Ou Mutual			
	160 300 aandele teen uitgifteprys	2,276,260	2,276,260	2,276,260
	Markwaarde	2,292,290		
4.	**LENINGS**			
	B. Coetzee	8,530	9,538	9,500
	E. Coetzee	2,967	3,500	3,500
	M. Malan	(700)	(700)	12,000
	Medieseversorgingstrust	2,421,628	1,008,217	-
		2,432,425	**1,020,555**	**25,000**

5. **DEBITEURE**

Ramings	-	-	-

Ramings uitstaande beloop R 1 888 574.90 (2001: R 2 089 094 , 2000: R2 5811 889)

6. **DIVERSE DEBITEURE**

Administratiewe Buro			
- Kollektes	5,375	2,200	8,056
GKSA Predikante pensioenfonds	-	12,508	12,508
NMA waarborge uitstaande	-	154,670	469,483
	5,375	169,378	490,047

Besluit: Kennis geneem.

1.9 *Ordereëling van die Emeritaatsversorgingstrust*

Ter wille van die kennisname vir die Sinode word die Ordereëling vir Emeritaatsversorging (reeds opgeneem in Acta 1997) weer gepubliseer.

ORDEREËLING VIR EMERITAATSVERSORGING MET BEHULP VAN DIE EMERITAATSVERSORGINGSTRUST

1. WYSE VAN VERSORGING

Die onderhoud van ‘n emerituspredikant en sy afhanklikes asook van die predikantsweduwee en –wese (afk. EPPWenW), geskied volgens KO, artt.13 en 20 deur die **kerk wat hy laaste gedien het**, en in die geval van professore deur die kerke gesamentlik, soos verteenwoordig deur die betrokke Kuratorium. Die kerke handhaaf ‘n ooreenkoms om mekaar in hierdie versorging tot hulp te wees. Een van die metodes waarop die Kerke (soos op die *Ledelys*) aan hierdie ooreenkoms voldoen, is met behulp van die Emeritaatstrust, en wel by wyse van hulp aan sodanige Kerke vir die versorging van:

(i) Predikante wat voor 1/7/1994 geëmeriteer het en hulle afhanklikes

(ii) Predikante wat soos op 30/6/1994 op die *Versorgingslys* was en hulle afhanklikes.

2. VERSORGINGSMIDDELE

2.1 Die middele vir die onderhoud van die EPPWenW word voorsien langs die weg van:

2.1.1 Verpligte ramings en kollektes soos deur die “Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie” bepaal (kyk in dié verband ook punt 11)

2.1.2 Vrywillige bydraes deur kerke en individue.

2.1.3 Die beleggingsopbrengs en indien nodig, die kapitaal van die Emeritaatstrust.

2.2 Die Emeritaatstrust is nie ‘n pensioenfonds vir predikante nie maar wel ‘n Reserwefonds wat aan die meewerkende kerke behoort en wat opgebou is/word om die ramings vir emeritaatsversorging haalbaar vir dié kerke te hou.

2.3 Die grootte van die ramings, die aantal verpligte kollektes en die insameling van vrywillige bydraes word deur die vergadering van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie bepaal, op aanbeveling van die Trustees van die Emeritaatstrust aan die hand van die bevindings en advies van die Aktuaris.

3. TRUSTEES VAN DIE EMERITAATSTRUST

3.1 Elke vergadering van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie benoem Trustees vir die Emeritaatstrust, soos deur die Reglement van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie bepaal.

3.2 Die mandaat van hierdie Trustees is soos deur die Reglement van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie bepaal.

4. AKTUARIS

Elke vergadering van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie magtig die Trustees om 'n Aktuaris te benoem, wat aan die Trustees, soos deur hulle versoek, deskundige hulp en advies moet bied wat drie-jaarliks 'n aktuariële evaluering moet maak van die Emeritaatstrust met 'n rapport aan die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie, wat vooraf aan die Trustees voorgelê moet word.

5. DIE ADMINISTRATIEWE BURO

5.1 Die Administratiewe Buro is verantwoordelik vir die invordering van die ramings en kollektes, die administrasie van die gelde en die uitkeer van die emeritaatsonderhoud namens die Kerkraad/Kuratorium. Hieroor word volledige rapport aan die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie gedoen terwyl die Trustees van die Emeritaatstrust ten minste jaarliks op hoogte gebring word met die stand van sake. Die Admin. Buro dien as adres vir die Trustees.

5.2 Die Emeritaatsonderhoud word as traktement maandeliks vooruit deur die Buro uitgekeer. Hoewel hierdie onderhoud om praktiese redes namens die Kerkraad/Kuratorium direk aan die versorgde uitbetaal word, kan die Trustees op gemotiveerde versoek van die betrokke Kerkraad/Kuratorium reël dat dit oorbetaal word aan die versorgde se Kerkraad/Kuratorium, of aan 'n instansie wat die betrokkene se versorging behartig.

6. VLAK VAN VERSORGING

6.1 Aan die hand van die bevindings van die Aktuaris en die aanbevelings van die Trustees, en in die lig van heersende lewenskoste, stel elke vergadering van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie 'n **Basisbedrag** vas wat in die reël as eervolle versorging beskou word. Hierdie Basisbedrag word jaarliks deur die Trustees aangepas in ooreenstemming met die besluite van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie, tot met die volgende vergadering van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie, aan wie die Trustees aanbevelings moet maak oor die toekomstige versorgingsvlak.

6.2 Om Kerke/Kuratorium in staat te stel om hul EPPWenW te versorg, word die volgende **formule** gebruik:

6.2.1 Versorging vir 'n egpaar: $\frac{\text{Ouderdom op 1/7/1994 min 27*}}{38}$ X Basisbedrag

Vir predikante wat voor ouderdom 27 bevestig is, word ouderdom tydens bevestiging hier gebruik, met die voorbehoud dat 100% van die Basisbedrag steeds die maksimum sal wees.

6.2.2 Enkelpersoon: 70% van 6.2.1.

6.2.3 Afhanklike kind waarvan een of albei ouers nog leef: 10% van 6.2.1.

6.2.4 Afhanklike kind waarvan albei ouers oorlede is: 20% van 6.2.1.

6.3 Vir predikante/professore wat vanweë hul diens as predikant/professor tot ander Pensioenfondse bygedra het, bv. Staats- of Universiteitspensioen, word die aantal diensjare waartydens tot sodanige Pensioenfonds bygedra is, afgetrek van die boonste faktor in die breuk by 6.2.1.

6.4 Waar ‘n predikant uit sy diens getree het, voor 1/7/1994 na die bediening teruggekeer het en dan emeriteer, word die aantal diensjare waartydens hy voor 1/7/1994 buite die bediening gestaan het afgetrek van die boonste faktor in die breuk by 6.2.1.

6.5 Hierdie Emeritaatsonderhoud is nie aan ‘n bepaalde salaris gekoppel nie, maar dien daartoe om die kerke in staat te stel om volgens hierdie Ordereëlings Emeritaatsversorging te bied soos die Kerkorde dit vereis.

6.6 In gevalle waar emeriti jonger as 65 wat nie ingevolge art.6.8 van hierdie Ordereëling op ‘n aangepaste vlak versorging ontvang nie, ‘n kerklike diens verrig of ‘n pos beklee of ‘n bedryf beoefen waarmee substansiële inkomste verkry word, rus die onus op die emeritus en sy Kerkraad en/of Kuratorium waaronder hy ressorteer om die Trustees daarvan in kennis te stel. Die Trustees ontvang die bevoegdheid om navraag hieroor te doen en om na onderlinge oorlegpleging met die emeritus en sy Kuratorium en/of Kerkraad oor sy versorging uit die Emeritaatstrust te besluit om te verseker dat die emeritus nie oorversorg is nie en dat die beginsel van gelyke versorging sover moontlik plaasvind. Indien so ‘n emeritus se emeritusversorging verminder sou word, moet dit jaarliks deur die Trustees of op versoek van die Kuratorium of die Kerkraad in heroorweging geneem word.

6.7 In die geval van besondere behoeftes by ‘n emeritus-predikant, predikants-weduwee of wese rig die betrokke Kerkraad/Kuratorium ‘n behoorlik-gemotiveerde versoek tot die Trustees vir groter uitkerings. Hierdie verhoogde uitkerings geld die volgende:

6.7.1 Alle EPPWenW wat net deur middel van meewerking tot die Emeritaatstrust versorg word en reeds op 30/6/1994 verhoogde versorging kragtens hierdie reëling ontvang het.

6.7.2 Addisionele versorging onder hierdie reëlings sal, wat nuwe aansoeke na 1/7/1994 betref, slegs tot en met 30 Junie 2004 toegestaan word, en wel in hoogs verdienstelike gevalle van besondere omstandighede, wat jaarliks deur die Trustees geëvalueer moet word.

6.8 Indien ‘n predikant/professor om nie-mediese redes voor ouderdom 65 emeriteer, sal die versorgingsbedrag in 6.2.1 sowel as die subsidiëring van die Mediese Skema bydraes soos volg aangepas word:

Ouderdom emeritering		**% van Basisbedrag**
Na 64 maar voor 65	:	92%
na 63 maar voor 64	:	84%
na 62 maar voor 63	:	76%
na 61 maar voor 62	:	68%
na 60 maar voor 61	:	60%
na 59 maar voor 60	:	56%
na 58 maar voor 59	:	52%
na 57 maar voor 58	:	48%
na 56 maar voor 57	:	44%
na 55 maar voor 56	:	40%

(By emeritering om mediese redes word die versorging deur die versekering in die Pensioenfonds behartig en nie deur die Emeritaatstrust nie.)

7. AANVANG VAN VERSORGING

7.1 Die emeritaatsonderhoud van ‘n predikant/professor neem ‘n aanvang op die eerste dag van die maand wat volg op die maand waartydens hy geëmeriteer het, en nadat die Kerkraad/Kuratorium behoorlik kennis gegee het aan die Trustees met voorlegging van die nodige stukke.

7.2 Ondanks die feit dat predikante (wat in diens te sterwe kom) se afhanklikes deur middel van die GKSAPPF versorg word, sal die predikantsweduwee en –wese die volle reg hê op die gebruik van die pastorie en/of toelaes soos wat van toepassing was vir huisvesting van die predikant, vir ‘n tydperk van hoogstens ses maande.

8. BEËINDIGING VAN VERSORGING

8.1 Dit is die verantwoordelikheid van die Kerkraad/Kuratorium waaraan ‘n EPPWenW volgens KO, artt.13 en 20 verbonde is, om dadelik die Trustees in kennis te stel van ‘n versorgde se afsterwe, sodat die onderhoud vir die oorledene gestaak en, indien toepaslik, versorgingsaanpassings vir die gesin gedoen word.

8.2 Indien ‘n predikant/professor ingevolge KO, artt.79 en 80 uit sy amp afgesit word of volgens art.12 oorgaan tot ‘n ander staat van lewe, het hy en sy gesin geen aanspraak op uitkerings of onderhoud kragtens artt.13 en 20 nie. As daar ‘n bestaansnood by die gesin van die gewese predikant/professor is, word bystand volgens art.25 aan hulle verleen deur die kerk waarvan hulle lidmate is, indien nodig met die medewerking van ander kerke. Hierdie medewerking geskied met die hulp van ‘n Ondersteuningsfonds, waarvan die Ordereëlings vervat is in die Acta van die Nasionale Sinode van 1994:238-241.

8.3 As ‘n predikantsweduwee hertrou of haar lidmaatskap van die kerk beëindig (word), staak die onderhoud volgens KO, art.20 en die betrokke Kerkraad/Kuratorium moet die Trustees onverwyld van die hertroue of beëindiging van lidmaatskap in kennis stel. Indien die Kerkraad/Kuratorium van oordeel is dat vanweë besondere omstandighede ‘n uitsondering op die reël gemaak moet word, word ‘n volledig gemotiveerde versoek aan die Trustees voorgelê, wat dan aan die hand van die toeligting besluit of met die onderhoud voortgegaan moet word, en indien wel, op watter basis.

8.4 <u>Emeriti wat terugkeer tot die aktiewe bediening:</u> (jonger as 65 en voor 1/7/1994 geëmeriteer):

8.4.1 Sodra ‘n emerituspredikant weer aktief tot die bediening toetree, hetsy by die gemeente waar hy geëmeriteer het, hetsy as gevolg van beroep en bevestiging in ‘n ander gemeente, staak die onderhoud wat hy en sy afhanklikes uit die Emeritaatstrust gekry het en tree hy toe tot die GKSA Predikante Pensioenfonds. By latere emeritering word hy dan soos volg uit die Emeritaatstrust versorg: “Ouderdom op 1/7/1994” in die formule onder 6.2.1 word vervang met “ouderdom tydens toetrede tot die GKSA Predikante Pensioenfonds.”

Dit is die verantwoordelikheid van die betrokke Kerkraad om die Trustees daarvan in kennis te stel.

8.4.2 Indien so ‘n predikant binne een jaar na hertoetrede tot die aktiewe bediening en inskakeling by die Pensioenfonds weer as gevolg van dieselfde siektetoestand moet emeriteer en gevolglik op grond van die “een-jaar-uitsluitingsklousule” nie kwalifiseer vir ongeskiktheidsvoordele onder die Pensioenfondsportefeulje nie, word hy en sy afhanklikes weer, op versoek van sy Kerkraad, kragtens KO, art.13 uit die Emeritaatstrust verder versorg.

8.4.3 'n Predikant wie se emeritaat opgehef is, nie deur die Kerkraad (waar hy aanvanklik geëmeriteer het) in diens geneem en versorg kan word nie en gevolglik kragtens KO, art.11 aan die kerkverband vir beroeping bekend gestel word en op 'n beroep wag, word, op versoek van die betrokke Kerkraad, uit die Emeritaatstrust kragtens KO, art.13 versorg vir hoogstens die tydperk wat in terme van KO, art.11 deur die Kerkraad met goedkeuring van die Klassis en advies van die Deputate van die Part. Sinode bepaal is.

9. ONDERHOUD VAN PREDIKANTSWESE

9.1 Die eie of wettig-aangenome kinders van 'n emerituspredikant word ooreenkomstig art.6.1 van hierdie Ordereëlings onderhou tot op die 18e verjaarsdag.

9.2 Die kerklike versorging staak wanneer die predikantskind 18 jaar oud word of voor die ouderdom in die huwelik tree of selfversorgend word of die lidmaatskap van die kerk beëindig (word). Die betrokke ouer/voog en Kerkraad/Kuratorium moet die Trustees betyds/spoedig hiervan in kennis stel.

9.3 Indien voortsetting van die onderhoud van 'n predikantskind nodig geag word na die 18e verjaarsdag (bv. vir voltydse studie wat nie volledig deur die ouer bekostig kan word nie), moet die betrokke Kerkraad/Kuratore jaarliks 'n behoorlik gemotiveerde versoek rig aan die Trustees, wat by die lig hiervan oordeel of onderhoud voortgesit moet word, en indien wel, tot watter mate.

9.4 As 'n predikantsweduwee hertrou of haar lidmaatskap van die kerk beëindig (word) terwyl die predikantskinders jonger as 18 jaar en steeds lidmate van die kerk is, kwalifiseer die kinders steeds vir versorging volgens KO, art.20 tensy dat hulle wettiglik deur die stiefvader aangeneem word.

10. MEEWERKENDE KERKE : PREDIKANTE/PROFESSORE VIR WIE SAME-WERKING GESKIED

10.1 Alle Kerke wat volgens die Ordereëlings op 30/6/1994 saamgewerk het in die versorging van hul emeriti, soos vervat in die Ledelys wat deur die Sinode van 1997 gepubliseer is in terme van die besluit van die Sinode van 1994, asook Kerke wat uit hulle afgestig of saamgevoeg word, werk in terme van hierdie Ordereëlings saam in die versorging van EPPWenW.

10.2 Alle Kerke in 10.1 genoem, bly verplig om ramings te betaal tot die Emeritaatstrust kragtens hierdie Ordereëlings.

10.3 Slegs vir predikante/professore wat per Versorgingslys soos in 10.1 kragtens beroepsbrief geregtig was op emeritaatsversorging op 30/6/1994, sal Kerke toekennings ontvang kragtens hierdie Ordereëlings.

11. RAMINGSVERSPREIDING

11.1 Ten einde kleiner Kerke wat per lidmaat meer as groter kerke tot die GKSAPPF moet bydra tegemoet te kom, word die gemiddelde ramings per belydende lidmaat soos vasgestel, op 'n geweegde basis toegepas, in ooreenstemming met die tabel wat vir 1994 vasgestel is, soos opgeneem in die Acta van Sinode 1994:256, welke tabel jaarliks deur die Trustees getoets moet word aan die hand van die totale begroting.

11.2 Kerke wat vakant raak en nie binne drie maande tot beroeping oorgaan nie, sal vanaf datum van vakantskap die ramings betaal soos in kolom 3 van die tabel, met as minimum die gemiddelde raming per lidmaat wat oor die hele

kerkverband vereis word. Dit geld ook vakante Kerke wat van die dienste van ‘n emerituspredikant gebruik maak.

11.3 Vir die kriterium “lidmate per predikant” word slegs predikante vir wie die Kerkraad tot die GKSAPPF bydra, in berekening gebring. Predikante wat kragtens hul diens as predikant/professor aan ander Pensioen/Voorsorgfondse behoort, asook predikante wat nie tot die GKSAPPF toegetree het nie, word nie by hierdie kriterium in aanmerking geneem nie.

11.4 Die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie stel die vereiste raming per belydende lidmaat vas, waarna die Trustees dit van jaar tot jaar aanpas tot en met die volgende vergadering van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie.

12. GEREFORMEERDE KERKE EMERITAATSVERSORGINGSKOMBINASIE

Die pligte, verantwoordelikheid en werkswyse van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie sal wees soos in die Reglement van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie vasgestel.

13. WYSIGING VAN VORIGE ORDEREËLINGS

Die Ordereëlings soos goedgekeur deur die Sinode van 1991 word herroep en deur hierdie Ordereëlings vervang. Vir motivering en historiese aanloop tot die Ordereëlings word hiermee na die Ordereëlings van 1991 verwys (Acta 1991:284-295), asook die besluite van die Sinode van 1994 in hierdie verband.

(Einde van Ordereëling)

1.10 *Trustakte Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingstrust*

Vir die kennisname van die Sinode word die Trustakte weer gepubliseer met wysigings soos reeds in die Rapport opgeneem.

TRUSTAKTE GEREFORMEERDE KERKE EMERITAATSVERSORGINGSTRUST

TRUSTOOREENKOMS

AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN:

JAN VISSER
[IDENTITEITSNOMMER 310623 5005 00 8]

(hierna die **OPRIGTER** genoem)

en

CASPERUS AUCAMP
[IDENTITEITSNOMMER 501210 5199 00 4]
en

JAN ROELOF BOOT
[IDENTITEITSNOMMER 290819 5043 00 7]

en

JOHANNES JOACHIM HOWELL
[IDENTITEITSNOMMER 381107 5058 08 8]

en

DIEDERICK JOHANNES SCHUTTE STEYN
[IDENTITEITSNOMMER 450709 5031 08 4]

en

LEONARDUS HIERONIMUS VAN SCHAIK
[IDENTITEITSNOMMER 490303 5125 00 5]

en

BERNARDUS GERHARDUS KUKKUK
[IDENTITTEITSNOMMER 350410 5070 00 5]

en
HENDRIK STEPHANUS JOHANNES VORSTER
[IDENTITEITSNOMMER 530220 5060 00 2]
(hierna die **TRUSTEES** genoem)

TEN BEHOEWE VAN:

DIÉ GEREFORMEERDE KERKE SOOS UITEENGESIT IN DIE LYS VAN MEEWERKENDE KERKE (BYLAE "A") HIERBY AANGEHEG.

IN hulle hoedanigheid as inkomstebegunstigdes

EN die **GEREFORMEERDE KERKE EMERITAATSVERSORGINGSKOMBINASIE**

IN hulle hoedanigheid as kapitaalbegunstigdes.

AANGESIEN die **OPRIGTER** begerig is om die hierinvermelde trust vir en ten behoewe van die genoemde **BEGUNSTIGDES** te skep onderhewig aan die voorskrifte en voorwaardes soos meer volledig hierin uiteengesit;

EN AANGESIEN die **TRUSTEES** hulleself bereid verklaar het om die skenkings te aanvaar en dit ten behoewe van die **BEGUNSTIGDES** te hou en aan te wend,

onderhewig aan die voorwaardes wat deur die oprigter bepaal is en soos dit in die trustakte genotuleer word;

DERHALWE KOM DIE PARTYE SOOS VOLG OOREEN:

1. WOORDOMSKRYWING

In hierdie trustakte, tensy dit uit die samehang anders blyk

1.1. sluit die woorde wat die enkelvoud aandui, ook die meervoud in en omgekeerd; woorde wat die manlike geslag aandui, ook die vroulike geslag in en omgekeerd;

1.2. sal die volgende uitdrukkings die volgende betekenis hê, naamlik:

1.2.1. "Begunstigdes" verwys na Inkomste- sowel as Kapitaalbegunstigdes;

1.2.1.1. "Inkomstebegunstigdes" verwys na dié **GEREFORMEERDE KERKE (VERTEENWOORDIG DEUR KERKRADE)** soos uiteengesit in die lys van meewerkende kerke **(BYLAE "A")** hierby aangeheg, welke Gereformeerde Kerke binne die Republiek van Suid-Afrika geleë is en vrygestel is van inkomstebelasting ingevolge Artikel 10(1)(f) van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962.

1.2.1.2. "Kapitaalbegunstigdes" verwys na die **GEREFORMEERDE KERKE EMERITAATSVERSORGINGSKOMBINASIE**, 'n kombinasie van meewerkende kerke soos in **BYLAE "A"** aangetoon, welke Gereformeerde Kerke binne die Republiek van Suid-Afrika geleë is en vrygestel is van inkomstebelasting ingevolge artikel 10(1)(f) van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962.

1.2.2. "Trusteiendom" is die bate/bates wat die trust bekom;

1.2.3. "Kapitaal" of "Trustkapitaal" beteken alle en enige bates van die trust, uitgesonderd inkomste, en sluit enige netto inkomste in wat nie verdeel is nie en tot die kapitaal toegevoeg is;

1.2.4. "Meewerkende kerke" is **GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA** wat sedert die ontstaan van die **EMERITAATSFONDS** saamgewerk het in die versorging van hulle emeriti, soos vasgestel in 'n lys van meewerkende kerke soos op **30 JUNIE 1994**, waarop die Sinode van 1994 besluit het en soos deur die Sinode van 1997 gepubliseer is (hierby aangeheg en gemerk **BYLAE "A"**), sowel as kerke wat afgestig is of saamgevoeg is uit die kerke vermeld in **BYLAE "A"**.

1.2.5. "Trustakte" of "akte" verwys na hierdie dokument in sy geheel;

1.2.6. "Trustees" beteken die persone wat die trustakte as trustees onderteken het asook alle latere en alternatiewe trustees van tyd tot tyd van die trust;

1.2.7. "Versorgingslys" is die lys van predikante en hulle afhanklikes wat vir versorging deur die meewerkende kerke kwalifiseer, soos uiteengesit in **BYLAE "B"** hierby aangeheg, welke predikante tot **30 JUNIE 1994** kragtens Beroepsbrief geregtig was op emeritaatsversorging uit die Emeritaatsfonds en kragtens 'n besluit van die Nasionale Sinode van 1994 na **1 JULIE 1994** geregtig is op versorging daaruit vir diensjare vóór **1 JULIE 1994**, soos vasgestel in die versorgingslys waarop die Sinode van 1994 besluit het en soos deur die Sinode van 1997 gepubliseer is.

1.2.8. "Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie" 'n kombinasie van meewerkende kerke soos in **BYLAE "A"** (hierby aangeheg) uiteengesit, met die volgende doelstellings:

1.2.8.1. Om die meewerkende kerke van hulp te wees om hulle emeriti eervol te versorg.

1.2.8.2. Om sake rakende die emeritaatsversorging van predikante deur middel van hierdie trust ordelik te reël en te hanteer, en Gereformeerde Kerke te ondersteun in die nakoming van Artikels 13 en 20 van die Kerkorde van Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

1.2.8.3. Om versorgingsmiddele te bekom by wyse van verpligte ramings, verpligte kollektes en vrywillige bydraes deur Gereformeerde Kerke en individue.

1.2.8.4. Om alle voorkomende sake rakende emeritaatsversorging deur middel van die trust te hanteer.

1.2.8.5. Om die voortgaande werking van die **TRUST** onder die aandag van lidmate te bring, 'n positiewe gesindheid ten opsigte van die **TRUST** by kerke en lidmate te skep en te vra vir vrywillige bydraes.

1.2.9. "Gereformeerde Kerke" is die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika soos hulle op **6** tot **16 JANUARIE 1997** byeenkom in die Nasionale Sinode van Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, sowel as kerke wat afgestig of saamgevoeg is uit gemelde kerke.

1.2.10. Opskrifte dien bloot as verwysing vir gerief en sal geensins gebruik word om die inhoud van die akte te interpreteer nie.

2. NAAM

Die naam van die trust is die **GEREFORMEERDE EMERITAATS-VERSORGINGSTRUST.**

3. SKENKING

Die oprigter skenk hiermee aan die trustees die bedrag van **R100,00** (**EENHONDERD RAND**) wat onmiddellik die trustees in hulle ampshoedanigheid vestig om deur hulle in trust gehou en geadministreer te word ooreenkomstig die bepalings van hierdie akte, en welke skenking die inisiële **corpus** en kapitaal van die trust sal vorm.

4. VESTIGING VAN REGTE OP TRUSTGOED

By die aanvaarding deur die trustees van hulle trusteeskap hierkragtens, en van die voormelde skenking in die trust, verkry die trustees onmiddellik 'n vorderingsreg teenoor die skenker vir oorhandiging van die bedrag van die skenking, en is hulle geregtig en verplig om toe te sien dat die skenking aan hulle oorhandig word. Tydens die geldigheidsduur van die trust is die trustees verplig om alle bates van die trust en alle titelaktes en dokumente met betrekking tot die trustfonds in besit te neem en in bewaring te hou.

5. AANSTELLING VAN TRUSTEES

5.1. Die eerste trustees wat hiermee aangestel word, is soos in die aanhef hiervan aangewys (en word hierin na verwys as "die eerste trustees").

5.2. Daar moet te alle tye minstens **7 (SEWE)** *(8 (AGT))* trustees in die amp wees.

Die trustees is saamgestel uit die Direkteur van die Administratiewe Buro *(ex officio)* van Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, **3 (DRIE)** *(4 (VIER))* kundige persone en **3 (DRIE)** *(4 (VIER))* dienende predikante van meewerkende kerke wat deur die Gereformeerde Kerke

Emeritaatsversorgingskombinasie aangewys word, *(met twee sekundi elk vir sowel die kundige persone as die predikante)*.
Indien die aantal trustees om welke rede ookal benede die vereiste minimum getal daal, word die getal binne **60 (SESTIG) DAE** deur die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie aangevul. By vervanging van die trustees deur die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie moet ter wille van kontinuïteit ten minste **DRIE (3)** van die trustees uit die vorige termyn heraangestel word.

5.3. Slegs natuurlike persone kwalifiseer om as trustees van die trust op te tree.

5.4. Die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie is geregtig, onderworpe aan die bepalings van klousule **5.3**, om bykomende trustees van hulle keuse te benoem en aan te stel.

5.5. Geen aanstelling of benoeming van 'n trustee sal van krag wees alvorens dit deur sodanige aangestelde of benoemde skriftelik aanvaar is nie.

5.6. Elke trustee, hetsy 'n eerste, toekomstige of opvolgende trustee, sal vrygestel wees van enige verpligting om sekuriteit in verband met sy aanstelling of vir die behoorlike administrasie van die trustfonds aan die Meester van die Hooggeregshof of enige amptenaar soos bepaal in enige Wet wat tans van krag is of wat van krag mag word in verband met die beskerming van trustbates te verskaf, en die Meester en enige sodanige ander amptenaar word hierby versoek om van enige sodanige sekuriteit af te sien.

6. BEËINDIGING VAN DIE AMP VAN TRUSTEE

Die amp van trustee sal onmiddellik en sonder tussenkoms van die Hof beëindig word en vakant wees en die trustkapitaal ophou om in 'n trustee te setel:

6.1. as hy bedank deur skriftelike kennisgewing tot dien effekte aan sy medetrustees te gee;
of

6.2. as hy, na oordeel van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie geestelik versteurd of swaksinnig raak;
of

6.3. as hy om enige rede onbevoeg en/of onbekwaam is om as trustee op te tree;
of

6.4. as sy boedel gesekwestreer word, hetsy voorlopig of finaal, of as hy 'n kompromie met sy skuldeisers aangaan of 'n daad van insolvensie pleeg;
of

6.5. as hy kragtens die Maatskappywet wat van tyd tot tyd van krag is, gediskwalifiseer sou word om as direkteur van 'n maatskappy op te tree;

7. OOGMERKE VAN DIE TRUST

Die oogmerke van die trust is:

7.1. Om 'n spesiale fonds in die Republiek van Suid-Afrika in te stel met die enigste oogmerk om deur middel van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie fondse te verskaf aan die meewerkende Gereformeerde Kerke (**BYLAE "A"**) vir die versorging van emeritus predikante, emeritus teologiese professore en hulle afhanklikes soos in die versorgingslys (**BYLAE "B"**) uiteengesit, welke meewerkende

Gereformeerde Kerke binne die Republiek van Suid-Afrika geleë en vrygestel is van inkomstebelasting ingevolge artikel 10(1)(f) van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962.

7.2. Om geld in te samel en bydraes in geld of andersins en hetsy deur middel van skenkings (erflatings of andersins) te aanvaar en dit of die inkomste daarvan vir die oogmerk in sub-paragraaf **7.1** hierbo uiteengesit, te ontvang.

7.3. Alle skenkings aan die trust moet onherroeplik en onvoorwaardelik wees.

7.4. Alle fondse mag slegs aangewend word binne die Republiek van Suid-Afrika.

8. MAGTE EN BEVOEGDHEDE VAN TRUSTEES

Onderworpe aan die bepalings van paragraaf **7** hierbo, het die trustees die volgende magte en bevoegdhede:

8.1. Die trustkapitaal vestig in die trustees in hulle ampshoedanigheid;

8.2. Die kapitaal en alle magte wat vir die trustees in hierdie akte omskryf word, vestig in die trustees in hulle ampshoedanigheid van trustee ten einde hulle in staat te stel om met die kapitaal en inkomste van die trust te handel ten behoewe van die begunstigdes en nie tot die persoonlike voordeel van die trustees nie. Die omvangrykheid van die magte wat in die trustees setel, moet geïnterpreteer word onderhewig daaraan dat die essensie van 'n trust die bevoordeling van die trustbegunstigdes is.

8.3. Die trustees is geregtig om enige handeling hoegenaamd te verrig wat hulle in hulle diskresie noodsaaklik en/of bevorderlik vir die behoud of groei van die kapitaal van die trust en in belang van die begunstigdes af en sal vir dié doel namens die trust enige handeling mag verrig wat 'n ten volle handelingsbevoegde natuurlike persoon ten opsigte van sy eie sake mag verrig, onderhewig aan die voorskrifte in klousule **10.1** hieronder dat geen besigheid bedryf mag word nie, en onderhewig aan die voorskrifte van klousules **13.6** en **13.7** hieronder;

8.4. sonder inperking van die algemeenheid van die bevoegdhede van die trustee, is die trustees gemagtig om:

8.4.1. 'n bankrekening in die naam van die trust te open, tjeks daarop te trek en gelde daarop te deponeer; wissels en waarborge daarteen te laat uitreik en wissels ten gunste van die trust vir invordering te oorhandig. Vir doeleindes van hierdie sub-paragraaf is die handtekening van minstens twee van die trustees of gevolmagtigdes voldoende vir enige handeling met betrekking tot die bankrekening, mits die bevoegdheid aan 'n enkele trustee verleen, deur 'n behoorlike besluit van die trustees gerugsteun is. "Bankrekening" sluit ook rekeninge by, of enige kredietreëlings met, bank en erkende finansiële instellings in;

8.4.2. goedere van enige aard, roerend en onroerend, liggaamlik of onliggaamlik en waar ookal geleë, insluitende aandele, effekte, fondse, skuldbriewe en sekuriteite te koop, te verkoop of te ruil, en enige kredietooreenkomste en kontrakte van enige aard aan te gaan op sodanige voorwaardes as wat die trustees bepaal, uitgesonderd met die doel om handel te dryf, onderhewig aan die bepaling van klousule **8.5** hieronder;

8.4.3. enige vaste eiendom wat deel van die trustkapitaal uitmaak, te verkoop, te verhuur, te verbeter, te verander en te onderhou, maar onderworpe aan die

bepalings van sub-paragraaf **7.1** hierbo en onderhewig aan die voorskrifte in klousule **10.1** hieronder dat geen besigheid bedryf mag word nie;

8.4.4. by enige verkoop van bates wat deel van die trustkapitaal uitmaak na hulle eie onbeperkte goeddunke sodanige verkoping per openbare veiling, openbare tender of uit die hand te doen en na hulle eie onbeperkte goeddunke krediet te verleen ten opsigte van die hele koopprys of gedeelte daarvan;

8.4.5. enige dokument of aktes met betrekking tot vervreemding, verdeling, ruil, oordrag of andersins in enige akteskantoor, mynbriewekantoor of ander openbare kantoor wat handel met serwitute, vruggebruike, beperkte belange of andersins te verly, en om enige aansoeke te doen, toestemming te verleen en in te stem tot enige wysiging, verandering, rojering, sessie, ontheffing, vermindering, substitusie of enige iets wat in die algemeen betrekking het op enige akte, verband of dokument, en om vir enige doeleindes afskrifte van aktes, verbande of dokumente te verkry, en om in die algemeen enige handeling hoegenaamd in enige sodanige kantoor te doen of te laat doen;

8.4.6. huurgeld in te vorder en huurkontrakte te kanselleer en die nodige stappe te doen vir die uitsetting van 'n huurder uit 'n verhuurde eiendom maar onderworpe aan die bepalings van sub-paragraaf **7.1** hierbo;

8.4.7. gelde wat deel van die trustkapitaal uitmaak teen rente te belê in sodanige sekuriteite en op sodanige wyse en voorwaardes as wat die trustees bepaal, onderhewig aan die bepaling van klousule **8.5** hieronder;

8.4.8. enige belegging wat deel van die trustkapitaal uitmaak in hulle diskresie in daardie vorm te behou of te wysig of te herbelê;

8.4.9. lenings, met rente, en op sodanige voorwaardes as wat die trustees bepaal, aan begunstigdes en ander persone of instansies van die trustees se keuse te maak, met sekuriteit, onderhewig aan die bepalings van klousule **8.5** hieronder;

8.4.10. regsgedinge in te stel, te verdedig of te skik;

8.4.11. vergaderings van skuldeisers van 'n privaat individu, maatskappy of liggaam wat 'n skuldenaar van die trust is, by te woon, ongeag of die vergadering met insolvensie, likwidasie of geregtelike bestuur verband hou, te stem oor enige sake wat aan die vergadering voorgelê word, en, in die algemeen alle regte wat aan 'n skuldenaar in soortgelyke omstandighede toekom, uit te oefen;

8.4.12. kwitansies, ontheffings of vrywarings te gee ten aansien van enige bedrag of vordering wat ontvang is of waaraan voldoen is;

8.4.13. van die dienste van professionele adviseurs en die Administratiewe Buro van Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vir die sake van die trust gebruik te maak en vir sodanige dienste (indien nodig) uit die trustfonds te betaal;

8.4.14. skenkings of erflatings ten behoewe van die trust van enige iemand te aanvaar, onderhewig aan die bepalings en voorwaardes van hierdie trustakte, maar spesifiek onderhewig aan die vereiste dat alle skenkings aan die trust onherroeplik en onvoorwaardelik moet wees;

8.4.15. ingeval van 'n maatskappy of effektetrust waarvan die statute die oordrag van aandele in naam van die trustees as sodanig verbied, die aandele in hulle persoonlike name, of in die name van hulle benoemdes te laat oordra en te hou as genomineerdes van en ten behoewe van die trust;

8.4.16. kontrakte met hulleself in hulle persoonlike hoedanighede, gesamentlik of afsonderlik, te sluit, mits aan die voorskrifte van sub-paragraaf **12.1** voldoen word;

8.4.17. by die uitoefening van enige van die voormelde bevoegdhede alle dokumente te teken en alle stappe te doen wat nodig mag wees om sinvol aan 'n besondere bevoegdheid uitvoering te gee;

8.4.18. om alle magte, rente en verpligtinge wat hulle kragtens hierdie trustakte verkry, in die Republiek van Suid-Afrika uit te oefen, maar nie buite die Republiek van Suid-Afrika nie.

8.5. Fondse beskikbaar vir belegging ingevolge klousules **8.4.2**, **8.4.7** en **9.5** mag slegs belê word by geregistreerde finansiële instellings soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Finansiële Instellings (Belegging van Fondse), 39 van 1984 en in aandele wat op 'n gelisensieerde effektebeurs soos in die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1 van 1985 omskryf, genoteer is.

9. AANWENDING VAN INKOMSTE

Die trust is 'n diskresionêre trust wat die aanwending en tyd van toekenning van trustinkomste betref en die trustees kan die inkomste volgens hulle absolute diskresie toeken of weerhou, behoudens die bepalings van klousules **13.6** en **13.7** hieronder, maar met die uitdruklike bepaling dat 75% van die netto inkomste van die trust aan die meewerkende Gereformeerde Kerke as inkomstebegunstigdes (soos omskryf in paragraaf **1.2.1.1** hierbo) soos beoog in artikel 10(1)(f) van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 uitgekeer word binne 'n tydperk van **TWAALF [12] MAANDE** vanaf die einde van die finansiële jaar waartydens bedoelde inkomste verkry is. Dit is 'n uitdruklike voorwaarde dat slegs dié meewerkende kerke waarop 'n verpligting rus om emeritus predikante of hulle afhanklikes soos uiteengesit in die versorgingslys (**BYLAE "B"** hierby aangeheg) te versorg, kwalifiseer vir sodanige toekenning uit die inkomste van die trust.

Die trustees is meer afsonderlik geregtig om:

9.1. alle kostes en uitgawes met die administrasie van die trust uit die inkomste van die trust te betaal en na die saldo van die oorblywende inkomste word hierin later verwys as die "netto inkomste";

9.2. enige periodieke ontvangste as inkomste te behandel, nieteenstaande dit van kwynende bates afkomstig is, en is nie verplig om vir die vervanging daarvan voorsiening te maak nie;

9.3. op sodanige wyse as wat hulle mag goed dink en in hulle absolute diskresie te besluit of enige ontvangste as inkomste of kapitaal beskou moet word en of enige uitgawes ten opsigte van die trust aangegaan, uit inkomste of kapitaal betaal moet word en die besluit van die trustees sal finaal en bindend wees en daar sal geen appèl daarteen wees nie;

9.4. wanneer enige gedeelte van die netto inkomste te enige tyd ingevolge hierdie akte uitbetaal word, dit in kontant of in goedere, of gedeeltelik in kontant en gedeeltelik in goedere te betaal;

9.5. tot en met die beëindiging van die trust van tyd tot tyd en te enige tyd die deel van die trust se jaarlikse netto inkomste wat nie tot die voordeel van die begunstigdes aangewend word nie, op te hoop vir aaneenlopende of ononderbroke tydperke soos wat die trustees mag goed dink, deur dit en die inkomste wat daaruit ontstaan, te belê in enige beleggings hierkragtens gemagtig en om enige ophopings aldus gedoen as deel van die

trustkapitaal te hou vir al die doeleindes hiervan, maar sodat die trustees te enige tyd en van tyd tot tyd in hulle algehele diskresie die gehele of enige gedeeltes van die gesegde ophoping mag aanwend asof dit inkomste was wat in die dan lopende jaar ontstaan het, maar onderworpe aan die bepalings van klousules **7.1** en **8.5** hierbo;

9.6. die inkomste en eiendom van die trust, uit welke bron ookal verkry, word uitsluitlik aangewend vir die bevordering van die oogmerke van die trust soos in **7.1** hierbo uiteengesit, en geen gedeelte daarvan mag regstreeks of onregstreeks, by wyse van dividend, bonus of andersins aan die begunstigdes van die trust of persone vermeld in die versorgingslys betaal of oorgemaak word nie, met dien verstande dat dit slegs aan die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie betaal word om in ooreenstemming met hulle reglemente en in terme van die trustdoel tot voordeel van die begunstigdes aan te wend;

9.7. niks wat hierin bepaal is, belet die betaling ter goedertrou van redelike besoldiging aan 'n beampte of diensnemer van die trust of aan 'n begunstigde daarvan vir dienste werklik aan die trust gelewer nie.

10. AANWENDING VAN KAPITAAL

10.1. Die trust mag geen besigheid bedryf nie. Dit sluit in, onder andere, gewone handelsaktiwiteite, spekulatiewe transaksies asook die aankoop van eiendom met die bedoeling om 'n huurinkomste daaruit te verkry.

10.2. Die trustees sal geregtig wees om in hulle absolute diskresie:

10.2.1. enige betalings van hulle ingevolge sub-paragraaf **9.1** hierbo gemagtig is om te maak, uit die trustkapitaal te doen as daar nie voldoende fondse uit die trustinkomste vir dié doel beskikbaar is nie;

10.2.2. te enige tyd en van tyd tot tyd en tot met die beëindiging van die trust, die geheel of enige gedeelte of gedeeltes van die kapitaal van die trust aan te wend tot die voordeel van die begunstigdes en op sodanige wyse en onderhewig aan sodanige voorwaardes en beperkings as wat die trustees van tyd tot tyd in hulle algehele diskresie mag bepaal, behoudens die voorskrifte van klousules **13.6** en **13.7** hieronder.

11. DISKRESIONÊRE MAGTE VAN TRUSTEES

11.1. Die diskresionêre magte ingevolge hierdie akte aan die trustees verleen, is absoluut en onbelemmerd behalwe waar dit uitdruklik beperk of ingekort word.

11.2. Nieteenstaande enigiets tot die teendeel hierin vervat of geïmpliseer, sal die trustees nie enige diskresie of bevoegdheid op sodanige wyse uitoefen dat die dienende trustees en/of hulle familielede enige voordele uit die inkomste of fondse van die trust ontvang nie.

12. BELANGE VAN TRUSTEES

12.1. Enige trustee mag alle bevoegdhede en diskresies hierkragtens of regtens aan hom verleen, uitoefen en met die uitoefening daarvan saamstem nieteenstaande hy 'n direkte of ander persoonlike belang in die wyse of gevolg van die uitoefening van sodanige bevoegdheid of diskresie mag hê, maar enige trustee mag, nieteenstaande, maar sonder enige verpligting, as hy so verkies, hom weerhou van optrede anders as slegs 'n formele party in enige saak waarin hy aldus 'n persoonlike belang mag hê en mag sy

mede-trustee of -trustees toelaat om alleen op te tree in die uitoefening van die bevoegdhede en diskresies voormeld met betrekking tot sodanige aangeleentheid.

12.2. Elke trustee wat sodanige belang het by enige handeling wat die trust raak, sal egter verplig wees om die aard en omvang van sy belang vooraf skriftelik aan sy medetrustees te openbaar.

13. PLIGTE VAN TRUSTEES

Sonder om enigsins die algemeenheid van die trustees se fidusiêre pligte in te perk, sal hulle besonderlik verplig wees om:

13.1. die skenking ingevolge paragraaf **3** gemaak, op te volg en in ontvangs te neem;

13.2. onmiddellik 'n bank- of soortgelyke rekening by 'n erkende finansiële instelling op naam van die trust te open en alle gelde wat die trust toekom in die eerste instansie op sodanige rekening te deponeer;

13.3. alle bates van die trust en alle titelaktes en dokumente met betrekking tot die trust in besit te neem en in bewaring te hou;

13.4. behoorlik boek te hou of te laat hou van die sake van die trust en uitvoering te gee aan die voorskrifte van sub-paragraaf **14.1**;

13.5. nie oor enige bates van die trust vir hulle eie voordeel of die voordeel van hulle boedels te beskik nie, behalwe soos uitdruklik andersins bepaal in hierdie akte, en sal die boedel, bates, rekeninge en sake van die trust apart van dié van die trustees gehou, beheer en administreer word. Alle roerende, onroerende en verhandelbare bates, dokumente, beleggings, saketransaksies en besigheid moet in die naam van die trust geregistreer word en geskied of in die naam van die trustees, maar dan met aanduiding dat dit ten behoewe van en in hul hoedanigheid van die trustees van die trust is;

13.6. alle opdragte en besluite van die Gereformeerde Kerke Emeritaats-versorgings-kombinasie in ooreenstemming met die trustdoel uit te voer;

13.7. die doelstellings van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgings-kombinasie in die tydperk tussen die vergadering daarvan in ooreenstemming met die trustdoel te verwesenlik;

13.8. die "ordereëling vir emeritaatsversorging met behulp van die Emeritaats-trust" in ooreenstemming met die trustdoel na te kom;

13.9. die trustees sal onthef wees van enige verdere verantwoordelikheid ten opsigte van enige deel van die trustkapitaal of -inkomste by beëindiging van die trust.

14. PROFESSIONELE DIENSTE

14.1. Die trustees moet, indien daartoe deur enige begunstigde of trustee versoek, 'n ouditeur aanstel om as ouditeur van die trust op te tree. Aan die einde van elke finansiële jaar sal die trustees 'n rekening van die administrasie van die trust laat opstel waarin die kapitaal van die trust uiteengesit word met alle byvoegings daartoe en alle inkomstes en uitgawes deur die trustees aangegaan en die wyse waarop dit alles gehou en belê is. Elke begunstigde of sy regsverteenwoordiger sal op versoek geregtig wees op 'n gewaarmerkte afskrif van elke sodanige rekening, behoorlik deur twee trustees en die ouditeur gesertifiseer.

14.2. Die trustees is geregtig om van die dienste van professionele persone en/of die Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gebruik te maak in soverre hulle sodanige dienste noodsaaklik of wenslik ag vir die doeleindes van die trust en daarvoor uit die trust se fondse te betaal.

14.3. Die feit dat 'n trustee 'n professie beoefen of besigheid bedryf, sal geen beletsel vir hom of sy firma wees om in professionele of ander hoedanigheid opdragte van die trust te ontvang en uit te voer en daarvoor vergoed te word nie ewe asof hy nie 'n trustee is nie.

15. PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID VAN TRUSTEES

'n Trustee is nie persoonlik aanspreeklik vir enige verlies wat die trust mag ly nie, ongeag die rede daarvoor, tensy sodanige verlies uit 'n opsetlike onregmatige handeling of late of die growwe nalatigheid van 'n trustee voortspruit. 'n Trustee is nie vir 'n bedrieglike handeling van 'n medetrustee aanspreeklik nie tensy daar samespanning tussen die trustees was.

16. VERGOEDING VAN TRUSTEES

Die trustees sal nie geregtig wees op enige vergoeding vir hulle dienste as sodanig nie.

17. ADMINISTRATIEWE FUNKSIES EN BEVOEGDHEDE VAN TRUSTEES

17.1. Onderhewig daaraan dat die trustees deurgaans gevolg sal gee aan die doelstellings van die trust, is hulle geregtig om in die behartiging en administrasie van die sake van die trust sodanige beleidsrigtings te volg en prosedures neer te lê en administratiewe stappe te neem as wat hulle van tyd tot tyd wenslik mag ag, met die voorbehoud dat die prosedure soos deur die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie voorgeskryf, nagekom moet word.

17.2. Die voorsitter van die trustees word deur die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie aangewys.

17.3. Ten opsigte van vergaderings van trustees geld die volgende voorskrifte:

17.3.1. Die trustees vergader so dikwels as wat nodig mag wees om die sake van die trust behoorlik te behartig.

17.3.2. Die kworum van die trustees is **VIER (4)** lede.

17.3.3. Besluite word by volstrekte meerderheid van stemme geneem op die wyse en volgens die prosedure deur die Voorsitter bepaal.

17.3.4. By staking van stemme het die Voorsitter nie 'n beslissende stem nie.

17.3.5. Enige trustee is te alle tyd geregtig om met 'n **VEERTIEN (14) DAE** skriftelike kennisgewing aan alle trustees die trustees vir 'n vergadering byeen te roep.

17.4. Indien 'n volstrekte meerderheidstem nie in verband met die saak verkry kan word nie, word die aangeleentheid verwys na die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie. Die besluit van die meerderheid van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie is finaal en bindend op die trustees.

17.5. 'n Besluit wat op skrif gestel is en deur al die trustees onderteken is, het dieselfde regskrag as 'n besluit op 'n behoorlike gekonstitueerde vergadering geneem.

17.6. Die trustees is verplig om alle besluite aangaande die trustakte binne **EEN (1) MAAND** in 'n notuleboek aan te teken en in dié verband sal dieselfde prosedure gevolg word as wat maatskappye verplig is om te volg ingevolge artikel 204 van die Maatskappywet nommer 61 van 1973 (of latere wysigings daarvan).

17.7. Die trustees vergader so dikwels as wat nodig mag wees om besluite oor die aanwending en/of toekennings van die inkomste wat in die trust verdien is te neem. Sodanige vergadering word vir alle doeleindes geag 'n vergadering te wees waarvan die besluite geneem is op die laaste dag van die betrokke finansiële jaar van die trust.

17.8. Die trustees is geregtig om twee of meer van hulle te magtig om alle dokumente vir amptelike doeleindes wat nodig is by die administrasie van die trust en ter uitvoering van enige transaksie wat verband hou met die trust se sake namens die trustees te teken, en enige besluit wat deur 'n trustee gesertifiseer is as 'n ware uittreksel uit die notule van 'n besondere besluit van die trustees, het in alle opsigte die regskrag van 'n besluit geteken deur al die trustees.

17.9. Die trustees moet jaarliks finansiële state aan die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie verskaf en moet te alle redelike tye die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie in staat stel om die finansiële state en boeke van die trust na te gaan.

17.10. Die trustees is te alle tye aan die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie verantwoording verskuldig vir die uitvoering van hulle pligte, opdragte en verantwoordelikhede.

18. BEPALINGS TEN AANSIEN VAN BEGUNSTIGDES

18.1. Die begunstigdes is soos aangewys in die aanhef van hierdie akte gelees met sub-paragraaf **1.2.1**.

18.2. Nieteenstaande enige iets anders tot die teendeel in hierdie akte bepaal, sal geen dienende trustees te enige tyd as 'n inkomste- of kapitaalbegunstigde van hierdie trust kwalifiseer of as sodanig enige voordele ontvang vir solank as wat hy in die gees en bewoording van artikel 3(3)(d) van die Boedelbelastingwet 45 van 1955, of enige latere wysiging daarvan, bevoeg is om vir sy eie voordeel of vir die voordeel van sy boedel oor trustbates te beskik nie.

18.3. Met uitsondering van 'n trustee wat ageer namens 'n trust waarvan die begunstigdes uitsluitlik natuurlike persone is en mag wees, mag slegs natuurlike persone enige voordeel uit hierdie trust ontvang.

18.4. BEPERKINGS

18.4.1. Geen bepalings in hierdie trustakte moet so gelees word dat enige bates of inkomste van die trust in enige begunstigde vestig nie.

18.4.2. Aangesien hierdie 'n diskresionêre trust is en die trustkapitaal in die trustees in hulle amptelike hoedanigheid vestig, het die begunstigdes geen vorderingsreg ten opsigte van die kapitaal of inkomste van die trust en het hulle geen reg om tydens die geldigheidsduur van die trust enigsins met die kapitaal of inkomste van die trust te handel nie.

18.4.3. Die kapitaal en inkomste van die trust is nie vir beslaglegging van die skulde van 'n begunstigde vatbaar nie.

19. TOEVOEGINGS TOT DIE TRUSTFONDS

19.1. Die oprigter sal geregtig wees om te enige tyd toevoegings tot die kapitaal van die trust te maak, hetsy by wyse van skenking, bemaking of op enige ander wyse.

19.2. Indien enige ander persoon insgelyks enige bydrae tot die trustkapitaal sou maak, sal die trustees die keuse hê om dit te aanvaar of nie.

19.3. Alle toevoegings tot die trustkapitaal sal te alle tye onderhewig wees aan die terme en voorwaardes van hierdie akte.

20. BEËINDIGING VAN DIE TRUST

20.1. Die trustees kan te enige tyd in opdrag van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie die trust beëindig.

20.2. By die beëindiging van die trust word die bates van die trust wat oorbly na voldoening aan al sy verpligtinge gegee of oorgemaak aan die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie ten behoewe van die meewerkende kerke soos in **BYLAE "A"** uiteengesit, welke kerke binne die Republiek van Suid-Afrika geleë is en wat ook vrygestel is van inkomstebelasting ingevolge artikel 10(1)(f) van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962.

21. WYSIGING VAN TRUSTAKTE

21.1. Geen bepaling van die trust kan gewysig word of daaraan toegevoeg word deur 'n besluit geneem deur die trustees nie. Die trustakte kan slegs gewysig word deur 'n 80% meerderheidsbesluit van die ledevergadering van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie, soos uiteengesit in die lys van meewerkende kerke (**BYLAE "A"**), en kerke wat uit gemelde meewerkende kerke afgestig of saamgevoeg is.

21.2. Die versorgingslys (**BYLAE "B"**) en die lys van meewerkende kerke (**BYLAE "A"**) mag nie deur die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie gewysig word nie, met die uitsondering dat persone wat nie meer kwalifiseer vir versorging in terme van toepaslike artikels van die Kerkorde en die Ordereëling vir Emeritaatsversorging van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgings-kombinasie nie, se name van **BYLAE "B"** verwyder kan word, en met uitsondering dat kerke wat uit die meewerkende kerke afgestig of saamgevoeg is by die lys van meewerkende kerke (**BYLAE "A"**) gevoeg kan word en kerke wat ontbind het, van gemelde lys verwyder kan word.

21.3. Hierdie reg tot wysiging is egter onderhewig daaraan dat die bepalings van sub-paragraaf **18.3** nooit gewysig mag word nie.

21.4. Enige wysiging van die trustakte moet aan die Kommissaris van Binnelandse Inkomste vir goedkeuring voorgelê word.

ALDUS GEDOEN en **GETEKEN** te **POTCHEFSTROOM OP HIERDIE ..... DAG VAN ..... 1996.**

AS GETUIES:

1. .....

2. ..... **.....**
OPRIGTER

ONS, DIE ONDERGETEKENDES, verklaar hiermee soos volg:

1. **ONS** aanvaar die aanstelling as trustees onderhewig aan die terme, voorwaardes en bepalings van genoemde trustakte.

2. **ONS** aanvaar verder hiermee met dank die skenking gemaak ten gunste van die begunstigdes spesifiek genoem in hierdie trustakte en bevestig dat ons dit ontvang het.

3. **ONS** onderneem om, wanneer die Meester van die Hooggeregshof enige inligting in verband met die sake van die trust aanvra, aan die trust se ouditeure opdrag te gee om dit aan hom te voorsien.

ALDUS GEDOEN en **GETEKEN** te **POTCHEFSTROOM OP HIERDIE ..... DAG VAN ..... 1996.**
AS GETUIES:

1. .....

2. ..... **.....**

(Einde van Trustakte)

1.11 *Reglement van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie*
Vir die kennisname van die Sinode word die Trustakte weer gepubliseer met wysigings soos reeds in die Rapport opgeneem.

REGLEMENT VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE EMERITAATS-VERSORGINGSKOMBINASIE BESTAANDE UIT DIE MEEWERKENDE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

1. WOORDBEPALING

1.1 Die Administratiewe Buro
Die Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.
1.2 Meewerkende Kerke

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wat sedert die ontstaan van die Emeritaatsfonds saamgewerk het in die versorging van hulle emeriti, soos vasgestel in 'n "Lys van Meewerkende Kerke" soos op 30/6/1994, waarop die Sinode van 1994 besluit het en soos dit deur die Sinode van 1997 gepubliseer is (hierby aangeheg en gemerk **BYLAE A**).

1.3 Ledelys

Die "Lys van Meewerkende Kerke" soos in 1.2 hierbo beskryf.

1.4 Begunstigdes

Kerke (verteenwoordigers deur Kerkrade) van predikante wat tot 30/6/1994 kragtens beroepsbrief geregtig was op Emeritaatsversorging uit die Emeritaatsfonds en kragtens besluit van die Nasionale Sinode van 1994 ook na 1/7/1994 geregtig is op versorging daaruit vir die diensjare voor 1/7/1994, soos vasgestel in die "*Versorgingslys*" waarop die Sinode van 1994 besluit het en soos dit deur die Sinode van 1997 gepubliseer is (hierby aangeheg en gemerk **BYLAE B**).

1.5 Versorgingslys

Die lys van predikante vir wie se versorging Kerke kwalifiseer, soos in 1.4 hierbo beskryf.

1.6 Nasionale Sinode

'n Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Potchefstroom.

1.7 Emeritaatstrust

'n Trust, opgerig vir die ordelike aanwending van die bates van die Emeritaatsfonds, welke bates aangewend word vir die oogmerke in 4 hieronder uiteengesit in belang van die begunstigdes.

2. OPRIGTING

Die *Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie* is 'n regspersoon met samestelling, regte, hoeveelhede, verpligtinge en funksies hieronder uiteengesit.

3. REGSPERSOONLIKHEID

3.1 Die *Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie* het die bevoegdheid om regte en verpligtinge te hê, te verwerf, te vervreem of oor te dra afsonderlik van die regte en verpligtinge van die lede daarvan en is as sodanig bevoeg (sonder om die omvang daarvan te beperk) om:

3.1.1 eiendom, roerend of onroerend, te verwerf, te besit en te vervreem;

3.1.2 enige en alle ooreenkomste te sluit en regshandelinge aan te gaan wat nie met die doelstellings en funksies daarvan teenstrydig is nie;

3.1.3 fondse te genereer en aan te wend ter bevordering van die doelstellings daarvan;

3.1.4 as party in regsgedinge op te tree en

3.1.5 sodanig in die regsverkeer op te tree as wat nodig mag wees om die doelstellings en funksies daarvan te vervul.

3.2 Bates van die *Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie* mag alleen vir die bevordering van die doelstellings en die uitvoering van die funksies daarvan aangewend word.

3.3 Die *Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie* bly voortbestaan ongeag die wisseling van die lede daarvan.

3.4 Die *domicilium citandi et executandi* van die *Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie* is:
Administratiewe Buro Kantoor, h/v Meyer en Molenstraat, Potchefstroom.

4. DOELSTELLINGS

Die doelstellings van die *Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie* **is:**

4.1 Om die kerke soos per Ledelys tot hulp te wees om hulle emeriti eervol te versorg.

4.2 Om sake rakende die emeritaatsversorging van predikante deur middel van die Emeritaatstrust ordelik te reël en te hanteer, en kerke te ondersteun in die nakoming van KO, artt.13 en 20.

4.3 Om versorgingsmiddele vir die Emeritaatstrust te bekom by wyse van verpligte ramings, verpligte kollektes en vrywillige bydraes deur kerke en individue.

4.4 Om alle voorkomende sake rakende emeritaatsversorging deur middel van die Emeritaatstrust te hanteer.

4.5 Om die voortgaande werking van die Emeritaatstrust onder die aandag van lidmate te bring, 'n positiewe gesindheid ten opsigte van die Emeritaatstrust by kerke en lidmate te skep en te vra vir vrywillige bydraes.

5. LEDE

Alle Meewerkende Kerke soos in die Ledelys (Bylae A).

6. BESTUUR

As Bestuur van die *Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie* sal optree: die Trustees van die Emeritaatstrust.

7. VERGADERINGS

7.1 Die Vergadering van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie word soos volg saamgestel

7.1.1 Die gedeputeerdes van die lede wat in die Nasionale Sinode waartydens die vergadering van die *Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie* plaasvind, sitting het.

7.1.2 Vir elke ledekerk wat nie 'n afgevaardigde onder 7.1.1 het nie, mag een afgevaardigde op eie koste sitting neem, per kredensiebrief van sy Kerkraad.

7.1.3 'n Buitengewone vergadering van die *Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie* kan opgeroep word om te vergader in die tyd tussen Nasionale Sinodes, en sal gekonstitueer word deur een afgevaardigde per Meewerkende Kerk.

7.2 Die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie is bevoeg en verplig om:

7.2.1 Die Trustees van die Emeritaatstrust aan te wys ingevolge die voorskrifte van klousule 8 hieronder.

7.2.2 Die Trustees van die Emeritaatstrust tot verantwoording te roep ten aansien van die uitvoering van hulle pligte en verantwoordelikhede.

7.2.3 Die werksaamhede en uitvoering van die doelstellings van die Emeritaatstrust te beplan.

7.2.4 Die Rapport van die Trustees van die Emeritaatstrust aan te hoor en te beoordeel.

7.2.5 Sodanige sake af te handel as wat deur die Trustees van die Emeritaatstrust na die *Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie* verwys word.

7.2.6 Sodanige opdragte aan die Trustees van die Emeritaatstrust te gee as wat in die lig van die doelstellings van die *Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie* nodig mag wees.

7.2.7 Oor die algemeen enige besluit te neem wat vir die behoorlike uitvoering van die doelstellings van die *Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgings-kombinasie* nodig mag wees.
7.2.8 'n Begroting vir uitvoering deur die Trustees van die Emeritaatstrust vir die volgende termyn goed te keur.
7.2.9 Hierdie Reglement te wysig of uit te brei indien nodig, op voorwaarde dat die finansiële belang van die lede soos op die Ledelys nie deur sodanige wysigings of uitbreiding benadeel word nie.
7.2.10 Die bogenoemde bevoegdhede en verpligtinge uit te oefen in ooreenstemming met die doelstellings en bevoegdhede soos vervat in die Oprigtingsakte van die Emeritaatstrust.

7.3 Voorsitter

Die Voorsitter van die Moderamen van 'n Nasionale Sinode tree as voorsitter van die vergadering van die *Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie* op, mits hy 'n gedeputeerde van een van die Meewerkende Kerke is. Indien nie, asook vir vergaderings tussen Nasionale Sinodes, word 'n voorsitter uit die gedeputeerdes van Lede aangewys.

7.4 Vergaderingsprosedure

Die vergaderingsprosedure, en besluitnemingsprosedures vir die vergadering is dieselfde as wat vir 'n Nasionale Sinode geld.

7.5 Kworum

Die kworum vir 'n vergadering van die *Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgings-kombinasie* is die aanwesige lede.

7.6 Vergadertye

Die *Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie* sal minstens tydens die duur of direk na die afloop van elke Nasionale Sinode vergader.

8. TRUSTEES

8.1 Samestelling

(*Voorgestelde wysigings soos in Agenda 2003:111 word telkens kursief tussen hakies gegee)*

Die Trustees van die Emeritaatstrust bestaan uit sewe *(agt)* lede en word soos volg saamgestel:

8.1.1 Drie *(Vier)* kundige persone en drie *(vier)* predikante van Meewerkende Kerke wat deur die *Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie* aangewys word, met sekundi vir sowel die kundige persone as die predikante. (*Hierdie Trustees behoort dieselfde persone te wees as die Deputate vir Emeritaatsversorging KO, artt.13 en 20 van die Nasionale Sinode en die Trustees van die GKSA Predikante Pensioenfonds).*
8.1.2 Die Direkteur van die Administratiewe Buro *(dien as Hoofbeampte)*.
8.1.3 Sekundi vir sowel die "kundige persone" as die predikante moet aangewys word.

8.2 Voorsitter

Die Voorsitter van die Trustees word deur die *Gereformeerde Kerke Emeritaats-versorgingskombinasie* aangewys.

8.3 Kontinuïteit

Ter wille van kontinuïteit behoort ten minste drie van die Trustees soos in 8.1.1 uit die vorige termyn heraangewys te word.

8.4 Verantwoording
Die Trustees behartig die sake van die Emeritaatstrust en is aan die *Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie* verantwoording verskuldig vir die uitvoering van hulle pligte, opdragte en verantwoordelikhede.

8.5 Vergaderings

8.5.1 Die Trustees vergader so dikwels as wat nodig mag wees om die sake van die Emeritaatstrust behoorlik te behartig.

8.5.2 Die Kworum van die Trustees is vier *(vyf)* lede.

8.5.3 Besluite word by gewone meerderheid van stemme geneem op die wyse en volgens die prosedure deur die voorsitter bepaal.

8.5.4 By staking van stemme het die voorsitter nie 'n beslissende stem nie.

8.6 Bevoegdhede en pligte
Die bevoegdhede en pligte van die Trustees is:

8.6.1 Om alle opdragte en besluite van die *Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgings-kombinasie* uit te voer.

8.6.2 Om die doelstellings van die *Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie* in die tydperk tussen die vergaderings daarvan te verwesenlik.

8.6.3 Om die *"Ordereëling vir Emeritaatsversorging met behulp van die Emeritaatstrust"* na te kom.

(Einde van Reglement)

Slot
Ons vertrou dat die herpublikasie van die Reglemente, Ordereëlings en Trustakte die werksaamhede van die Sinode sal vergemaklik.
Besluit: Kennis geneem van die hele Aanvullende Rapport.

2. BESWAARSKRIF : RAMING VIR DIE EMERITAATSVERSORGINGS-TRUST, AANNAMES VAN DIE AKTUARIS EN BEREKENINGE VAN DIE DEPUTATE : DALENDE LIDMATE (Artt.8, 66, 226)

Die beswaarskrif is deur die beswaardes teruggetrek.
Besluit: Kennis geneem.

INDEKS

Bladsy

A

Administratiewe Buro
- Rapport van die Bestuur 351
- Aanvullende Rapport 367
- Reglement 359

Advies
- vraag, Suidelike Partikuliere Sinode i.s. hantering van beswaarskrif van WFA Kirsten ... 458

Agenda
- Rapport van die Deputate Korrespondensie 26
- Aanvullende Rapport 29

Afgevaardigdes ander Kerke/Sinodes 20
- Kerke in korrespondensie 20
- Kerke in kerkverband 20
- Waarnemers 20

Almanak
- uitgee van, redaksiekommissie 681

Apostolicum
- Rapport Deputate oor die woorde “Neergedaal na die hel” 556

Appèlle
- Appèl WR Dijkstra e.a. teen ‘n besluit van Partikuliere Sinode Noordwes 82
- Appèl WR Dijkstra e.a. teen ‘n besluit van Partikuliere Sinode Noordwes 87
- Appèl Gereformeerde Kerke Duineveld, Kathu, Kimberley en Kuruman teen besluit van Partikuliere Sinode Bosveld 96
- Appèl F Kruger teen besluit van Partikuliere Sinode Pretoria oor amptelike gebedsgroepe in Silvertongemeente 102
- Appèl 1 – HG Kruger teen stille uitspraak van Klassis Natal 48
- Appèl 2 – HG Kruger teen onskriftuurlike siening oor die sekulêre groetery deur ‘n predikant voor die votum 51
- Appèl 3 – HG Kruger teen ‘n stille besluit van Partikuliere Sinode Noordwes 59
- Appèl MJ Kruger en ASM van Jaarsveld teen besluit van Oostelike Partikuliere Sinode ... 62
- Appèl van BL Smit teen besluite van Oostelike Partikuliere Sinode 73

Athansius
- Rapport Deputate oor die woorde “na die hel neergedaal” 556

B

Besoekers 24

Beskrywingspunte
- Partikuliere Sinode Bosveld: toekenning van eredoktorsgraad aan aartsbiskop Desmond Tutu 738
- Partikuliere Sinode Bosveld: versorging van predikante onder KO artikel 13 343
- Partikuliere Sinode Bosveld: predikante pensioen en medies 346
- Partikuliere Sinode Noordwes: feesviering ter herdenking van die 150-jarige bestaan van die GKSA 753
- Partikuliere Sinode Noordwes: Geografiese indelings van Klassisse in die ressort van die GKSA, Sinodes Middellande en Soutpansberg 473
- Partikuliere Sinode Noordwes: hoë voorkoms van geweld 752

- Partikuliere Sinode Noordwes: Klassikale ramings vir mediese versekering van emeriti . 347
- Partikuliere Sinode Noordwes: Versorging van predikante wat medies ongeskik raak 345
- Partikuliere Sinode OVS & Natal: onderrig in gebed..... 731
- Partikuliere Sinode OVS & Natal: opleiding van predikante 728
- Partikuliere Sinode OVS & Natal: Skakeling met die owerhede 243
- Partikuliere Sinode Pretoria i.s. aanknoop van Korrespondensie met die Presbyterian Church of America..... 242
- Partikuliere Sinode Pretoria: alternatiewe nagmaalsformulier/e 632
- Partikuliere Sinode Pretoria: beginsels en kriteria vir Skrifberymings 637
- Partikuliere Sinode Pretoria: Deurgee van wysigings aan die Reglement van die Pensioenfonds 335
- Partikuliere Sinode Pretoria: Kollektes vir sustentasie..... 402
- Partikuliere Sinode Pretoria: Kundige hulp aan predikante en meerdere vergaderings rakende emeritering 333
- Partikuliere Sinode Pretoria: lidmate wat langer as drie maande in die buiteland is..... 467
- Partikuliere Sinode Pretoria: maandelikse traktements- en emeritaatsadvies..... 336
- Partikuliere Sinode Pretoria: Minimum PGT riglyn..... 342
- Partikuliere Sinode Pretoria: Rapportering van finansiële state na oudit 404
- Partikuliere Sinode Pretoria: Riglyne vir die bepaling van die pensioengewende traktement 330
- Partikuliere Sinode Pretoria: rol van inligtingstegnologie..... 736
- Partikuliere Sinode Pretoria: spesiale “Spesialis Finansiële Kommissie of Deputate..... 336
- Partikuliere Sinode Pretoria: Versekering van die 7,5% predikantsbydrae tot die Pensioenfonds 333
- Partikuliere Sinode Randvaal: hervertaling van formuliere..... 638
- Suidelike Partikuliere Sinode: getuienis oor morele sake..... 745
- Suidelike Partikuliere Sinode: Misbruik van die Naam van die Here 134
- Suidelike Partikuliere Sinode: morele standaarde en Vigs 742
- Suidelike Partikuliere Sinode: morele standaarde seksualiteit 748

Beswaarskrifte

- Adviesvraag: Hantering van beswaarskrif WFA Kirsten 458
- CFC Coetzee, LF Schulze en J Visser teen Sinode 2000 oor nagmaalsviering..... 531
- DE Serfontein, CJS Wolmarans en BCW vd Waal teen Sinode 1910 rakende bidure..... 613
- Gereformeerde Kerk George teen artikel 15 NGB 492
- Gereformeerde Kerk George teen artikel 24 NGB 497
- Gereformeerde Kerk Hermanus teen Sinode 1961 – volmag ouderlinge liturgie 607
- Gereformeerde Kerk Steynsburg teen Sinode 2000 oor nagmaalsviering..... 539
- Mediese Skema aangeleenthede 257
- Mediese Versorgingsaangeleenthede..... 257
- Partikuliere Sinode Pretoria teen besluit van Nasionale Sinode 1964, redaksionele wysiging KO art 57..... 465
- Partikuliere Sinode Pretoria teen besluit van Nasionale Sinode 2000..... 606
- Partikuliere Sinode Pretoria teen besluit van Nasionale Sinode 2000 – spreekbeurte 733
- Partikuliere Sinode Randvaal teen die bewoording van Kerkorde artikel 69 (Klassis Johannesburg) 502
- Partikuliere Sinode Randvaal teen die bewoording van Kerkorde artikel 69 (Geref Kerk Noordrand)..... 512
- Raming vir EVT, aannames van die aktuaris en berekeninge van die Deputate Dalende Lidmatetal (Sien Addendum)..... 818
- Teen Sinodebesluite oor die vergoedingspakket van predikante..... 321

- Teen Sinodebesluite oor versorging vanweë mediese ongeskiktheid 324
- Teen Sinodebesluite oor bydraes tot Pensioenfonds deur en vir Predikante wat emeriteer weens mediese ongeskiktheid 327
- Sewe beswaarskrifte i.s. Rapporte Trustees van die GKSA Predikante Pensioenfonds 306
- WC Vergeer en JJ Janse v Rensburg teen besluite van Sinode 1988, vrou in die besondere ampte 545

Bidure
- Beswaarskrif teen Sinode 1910 613

Buiteland
- lidmate langer as drie maande in die 467
- voorstellingsbrief vir lidmate in die buiteland 471

Buitelandse Kerke
- Rapport Deputate Ekumenisisteit 171
- Aanvullende Rapport 235

Bybelmedia
- Rapport Deputate Bybel 109

Bybelverspreiding
- Rapport Deputate Bybel 111
- Aanvullende Rapport 115

Bybelvertaling
- Gravamen van Gereformeerde Kerk Die Kandelaar teen besluite van die Nasionale Sinode 1991 i.s. die Messiaanse verkondiging van die Ou Testament 116
- Gravamen teen die goedkeuring van die 1983-vertaling van die Bybel vir kerklike gebruik 116
- Kung Boesmanvertaling – inligting 136
- Rapport Deputate Bybel 109
- Aanvullende Rapport 115

C

Calvyn Jubileum Boekefonds
- Rapport 687

Christelike Onderwys
- Rapport Deputate 411
- Aanvullende Rapport 421

D

Dagopeninge 23
Dagsluitings 22
Dankwoord 765
Deputate
- benoeming van 755

Diakonale sake
- Konstitusie Tehuise 139
- Ondersteuningsfonds 145
- Rapport Deputate 137
- Aanvullende Rapport 147

E

Ekumenisiteit
- Beskrywingspunt Partikuliere Sinode Pretoria i.s. aanknoop van Korrespondensie met die Presbyterian Church of America 242
- Perspektief en Terugskouing 211
- Rapport Deputate Ekumenisiteit en Owerheid 159
- Rapport Ekumenisiteit Binnelands 160
- Aanvullende Rapport Binnelands 234
- Rapport Ekumenisiteit Buitelands 171
- Aanvullende Rapport Buitelands 235
- Skakeling met Ekumeniese Vergaderings 186
- Aanvullende Rapport Ekumeniese Vergaderings 236
- Skakeling met Kerkgemeenskappe in die Binneland 207
- Skakeling met Kerkgemeenskappe in die Buiteland 191

Emeritaatsversorging
- Emeritering en ander finansiële aspekte, Beskrywingspunt Partikuliere Sinode Pretoria rakende kundige hulp aan predikante en meerdere vergaderings 333
- Ordereëling vir Mediese Versorging Predikante en Emeriti..... 255
- Rapport Emeritaatsversorging KO artt 13 & 20 247
- Aanvullende Rapport KO artt 13 & 20..... 247
- Rapport Emeritaatsversorging – Medies..... 248
- Aanvullende Rapport – Medies 254
- Rapport Ondersteuningsfonds..... 306
- Spesialis Finansiële kommissie, beskrywingspunt Partikuliere Sinode Pretoria..... 336
- Traktement en emeritaatsadvies, beskrywingspunt Partikuliere Sinode Pretoria..... 336
- Versorging predikante – medies ongeskik, beskrywingspunt Partikuliere Sinode Noordwes 345
- Versorging predikante onder KO, artikel 13, beskrywingspunt Partikuliere Sinode Bosveld 343

Eredoktorsgraad
- aan aartsbiskop Desmond Tutu, beskrywingspunt Part Sinode Bosveld..... 738

Erfsonde
- Beswaarskrif Geref Kerk George teen NGB artikel 15 492

Evangeliseringsmedia 684

F

Fees
- herdenking van 150-jarige bestaan van die GKSA..... 753

Finansies
- Finansiële beplanning, beskrywingspunt Part Sin OVS & Natal 405
- Finansiële state – rapportering van, beskrywingspunt Part Sinode Pretoria..... 404
- Persverklaring – belegging 371
- Rapport van die Bestuur van die Administratiewe Buro 351
- Aanvullende Rapport 350
- Versoek van Partikuliere Sinode Noordwes – GK Duineveld – hulp uit kerkverband 409
- Versoek van Suidelike Partikuliere Sinode – GK Steynsburg – hulp uit kerkverband 408

Formuliere
- alternatiewe Nagmaalsformulier 632
- hervertaling van 638

G

Geloof
- en wedergeboorte, beswaarskrif Geref Kerk George teen NGB artikel 24 497
Geografies
- indeling van Klassisse in die ressort van GKSA en Sinode Middellande en Sinode Soutpansberg 473
Gelukwensinge 21
Geweld
- hoë voorkoms van 752
Gravamen
- SC Vorster en HJJ Kruger teen besluit van die Nasionale Sinode 2000 527
Godsdiensoefening 17
Groete
- groeteboodskap van die Afrikaanse Protestantse Kerk 18
- groeteboodskap van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 19
- groeteboodskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk 17
- groeteboodskap van die Rektor van die PU vir CHO 21

H

Handelinge
- Rapport Deputate, uitgee van 707
Hulp – finansieel
- Gereformeerde Kerk Duineveld 409
  Gereformeerde Kerk Steynsburg 408

I

Inligtingstegnologie
- rol van, in diens van kerke 736
Internet
- Rapport 691

J

Jeugsorg
- Rapport Deputate 440
- Aanvullende Rapport 446

K

Katkisasie
- Rapport Deputate 439
Kerkargief en museum
- Rapport Deputate 448

Kerklike Tydskrifte
- Gereformeerde Vroueblad, Rapport 676
- Kerkblad, aanwys van redakteur..... 673
- Kerkblad, Rapport..... 674
- Slingervel, Rapport 678
Kerkorde
- Artikel 46 527
- Artikel 57 465
- Artikel 66, Rapport toepassing van..... 454
- Artikel 69 502
- Artikel 69 512
- Engelse vertaling..... 693
Kerkordeboekie
- Rapport 692
Kollektes
- Verpligte 401
- Vrywillige 401
Kommissies
- benoeming van..... 755
Konstituering..... 13
Konvent van Reformatoriese Kerke..... 168
Kredensiebriewe 13
Kuratore
- Rapport, Teologiese Skool Potchefstroom 709
- Aanvullende Rapport 716
- Samesmelting PU vir CHO en Universiteit van Noordwes, voorlegging aan Minister van Onderwys..... 718

L

Leerstellig
- Rapport oor die verhouding Sabbat en Sondag 474
- Rapport Deputate: vroue in die kerk..... 559
Lied
- Dogmatiese 645
- Liederebundel, uitgee van nuwe 644
Liturgiese sake
- Rapport Deputate 640
- Aanvullende Rapport 664

M

Media, Kerklike
- Rapport Deputate 671
Medies
- Mediese Skema aangeleenthede, beswaarskrif..... 257
- Mediese versekering van emeriti, beskrywingspunt Part Sinode Noordwes..... 347
- Mediese Versorgingsaangeleenthede, beswaarskrif 257
- Ordereëling vir Mediese Versorging van Predikante en Emeriti..... 255

MIV-Vigs
- Mediaverklaring ... 229
- Standpunt ... 222
Moderamen
- verkiesing ... 16
Morele sake
- getuienis oor ... 745
- geweld, hoë voorkoms van ... 752
- morele standaarde seksualiteit ... 748
- morele standaarde en Vigs ... 742
Mosies
- van bemoediging ... 22
- van gelukwensing ... 21
- van meelewing ... 21
- vir voorbidding ... 22

N

Naam van die Here
- Beskrywingspunt Suidelike Partikuliere Sinode teen misbruik ... 134
- Verklaring van GKSA ... 135
Nagmaal
- Beswaarskrif CFC Coetzee, LF Schulze en J Visser teen besluit Nasionale Sinode 2000 ... 531
- Beswaarskrif Geref Kerk Steynsburg teen besluit Nasionale Sinode 2000 ... 539
- Beswaarskrif Partikuliere Sinode Pretoria teen Sinode 2000 ... 606
- Gravamen SC Vorster en HJJ Kruger teen besluit van Nasionale Sinode 2000 ... 527
- Formulier, alternatiewe, beskrywingspunt Part Sinode Pretoria ...
Nederlandse Geloofsbelydenis
- Artikel 15 ... 492
- Artikel 24 ... 497
Notule
- goedkeuring van ... 24
- register van artikels ... 1

O

Ondersteuningsfonds Predikante
- Rapport ... 306
- Aanvullende Rapport ... 311
- Reglement van Ondersteuningsfonds ... 311
Opening – amptelike ... 13
Opleiding
- gebed, onderrig in, beskrywingspunt Part Sin OVS & Natal ... 731
- van predikante, beskrywingspunt Part Sin OVS & Natal ... 728
Ordereëling
- Mediese Versorging van predikante en emeriti ... 255
Ouderlinge
- volmag liturgie, beswaarskrif Geref Kerk Hermanus ... 607

Owerheidsake
- Beskrywingspunt Partikuliere Sinode OVS & Natal: Skakeling met die owerhede 243
- Herinstelling van die Doodstraf 230
- Rapport Deputate Ekumenisiteit en Owerheid 159

P

Pensioenfonds
- Bepaling van Pensioengewende Traktement, beskrywingspunt Partikuliere Sinode Pretoria 330
- Minimum PGT riglyn, beskrywingspunt Partikuliere Sinode Pretoria 342
- Pensioen en medies, beskrywingspunt Partikuliere Sinode Bosveld 346
- Rapport van die Trustees Predikante Pensioenfonds 258
- Aanvullende Rapport Predikante Pensioenfonds 267
- Reglement GKSA Predikante Pensioenfonds 269
- Reglement – wysigings 259
- Reglement – wysigings, beskrywingspunt Partikuliere Sinode Pretoria rakende deurgee van 335
- Rapporte Trustees van die GKSA Predikante Pensioenfonds 1997, sewe beswaarskrifte 306
- Versekering van 7,5% Predikantsbydrae tot Pensioenfonds, beskrywingspunt Partikuliere Sinode Pretoria 333
- Verslag oor Finansies en Beleggings 261
- Waarderingsverslag Aktuaris 283
Perskommissie
- Rapport 40
Persverklaring
- Administratiewe Buro – belegging 371
- MIV Vigs 229
- Naam van die Here, misbruik van 135
Presensie
- Daaglikse 23
Programmering
- Rapport van die Deputate 31
Psalms
- kritiek op nuwe beryming 646
- nuwe berymings 642
- taalkundige en literêre aspekte 658
- Totiusteks, hersiening van 643
PU vir CHO
- Rapport Deputate 429
- Subrapport 430
- Samesmetling, Universiteit van Noordwes 429

R

Radio en TV
- uitsendings, rapport 689
Reglement
- Administratiewe Buro 359

- GKSA Pensioenfonds 269
- Kas vir Teologiese Studente 723
Regsaangeleenthede
- Adviesvraag: Hantering van beswaarskrif WFA Kirsten 458
- Rapport Deputate 454
Regsdeputate insake Appèlle en Beswaarskrifte
- Eerste Rapport 41
- Tweede Rapport 46
Roepende Kerkraad
- Rapport 25
- Aanvullende Rapport 26

S

Sekularisasie
- Rapport Deputate Ekumenisiteit en Owerheid 210
Sinodes
- Soutpansberg en Middellande, gesprek insake eenheid en samewerking 727
Skrifberyming
- beginsels en kriteria vir, beskrywingspunt Part Sinode Pretoria 637
- nuwe 641
Sondag en Sabbat
- Rapport leerstellig oor die verhouding 474
Spreekbeurte
- Sinode, beswaarskrif Part Sinode Pretoria teen besluit 733
Sustentasie
- Kollektes vir sustentasie, beskrywingspunt Part Sinode Pretoria 402
- Rapport Deputate vir advies insake toeseggings uit die rente van die sustentasiefonds 348
- Aanvullende Rapport 350

T

Teologiese Skool Potchefstroom
- Kuratore 709
- Senaat 710
- Studente 710
Totius Psalmberyming
- hersiening van 643
Tussenkerklike Kommissie 161
Tussenkerklike Raad 163

V

Vrou
- in besondere ampte, beswaarskrif teen besluite van Sinode 1988 545
- in die kerk, alternatiewe gedeeltelike rapport 594
- in die kerk, rapport Deputate 559
- minderheidsrapport 605

TWEEDE ADDENDUM

Beswaarskrif: Raming vir die Emeritaatsversorgingstrust, aannames van aktuaris en berekeninge van die Deputate Dalende Lidmatetalle 818
Rapport van die Trustees van die Emeritaatsversorgingstrust 767
Ordereëling vir EVT 796